

Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org



Kuisheid

Voor die Huwelik

Ds. P.J. de Bruyn

Inhoud

WOORD VOORAF	4
HOOFSTUK I.....	5
LEIDING OM LYDING TE VOORKOM.....	5
HOOFSTUK II.....	10
SEKSUELE VERWILDERING — OOK BY ONS	10
HOOFSTUK III	12
SEKSUALITEIT BY DIE MENS.....	12
HOOFSTUK IV	14
LIEFDE EN SEKS	14
HOOFSTUK V	18
DIE BYBEL EN SEKSUELE VREUGDE.....	18
HOOFSTUK VI.....	20
SEKSUELE OMGANG VOOR DIE HUWELIK — GOD VERBIED DIT	20
HOOFSTUK VII.....	24
AS ONS MEKAAR WERKLIK LIEFHET — WAAROM NIE ?.....	24
1. Is die liefde werklik so eg?	24
2. Slegs in die huwelik is die regte atmosfeer.....	26
3. Die regmaak van misverstande	26
4. Die geheimhouding.....	27
5. Dit is onmenslik	27
6. Dit openbaar 'n gebrek aan eerbied vir die moederskap	27
HOOFSTUK VIII	28
NADELE EN ONAANGENAME GEVOLGE	28
1. Nadele vir die huwelik.....	28
1.1 Leer mekaar nie behoorlik ken nie:	28
1.2 Gedwonge huwelike — gedwonge egskeidings:	29
1.3 Dit begunstig ontrou na die huweliksbevestiging:	30
2. Nadele vir die persoonlikheidsontwikkeling	30
2.1 Leer geen selfbeheersing nie:.....	30
2.2 Versterk mekaar nie geestelik nie:	31
3. Nadele vir die meisie in besonder	32
3.1 Sy maak haar goedkoop:	32
3.2 Mans verloor belangstelling:	32
3.3 Geestelike ontwrigting en skade:	33
4. Nadele vir die volk of gemeenskap.....	34
4.1 Geestelike en liggaamlike verswakking:.....	34
4.2 Toename in geslagsiektes:	36
4.3 Buite-egtelike kinders:.....	38
HOOFSTUK IX.....	40
ONS WIL KUIS LEWE — GEE RAAD !.....	40
HOOFSTUK X	42
WAT JOU DAARTOE KAN VERLEI.....	42
1. Te intieme vryery.....	43
2. Kleredrag	44
3. Slegte maats	45
4. Musiek	46
5. Motors.....	48
6. Film en bioskoop	49
7. Sterk drank.....	51
8. Drogredenasies en wanvoorstellings	51
HOOFSTUK XI.....	53
DIE BESONDERE VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE VROU	53
HOOFSTUK XII.....	56
DIE VERANTWOORDELIKHEID VAN GESINSLEDE TEENOOR MEKAAR.....	56

HOOFSTUK XIII	58
"JY IS PREUTS EN OUTYDS"	58
HOOFSTUK XIV	59
SAL GOD MY VERGEWE.....	59
HOOFSTUK XV	61
ONS ROEPING VANDAG	61
HOOFSTUK XVI.....	65
OPROEP.....	65
GERAADPLEEGDE WERKE.....	66

WOORD VOORAF

IN sy boek "Kerk en Jeugd" sê die Nederlandse skrywer Thijs Booy, dat die seksuele voorligting aan kinders en jongmense in drie fases moet geskied. Die eerste fase is vir kinders rondom twaalf jaar. Dit is meer biologies van aard, hoewel dit steeds moet geskied vanuit 'n Christelike en sedelike standpunt. Die tweede fase is vir jongmense rondom sewentien jaar. In hierdie fase moet aan hulle alles, letterlik alles van en rondom die seksuele vertel word: die goddelike sin en doel daarvan en die sondes in die verband. Die derde fase is vir verloofdes. Met hulle moet gespreek word oor vrae uit die verlowingstyd maar verder ook oor die plek van die seksuele in die huwelik, die opvoeding van kinders, ens.

Wat in hierdie boek aangebied word, is veral bedoel vir persone in die tweede fase volgens bogenoemde indeling van Thijs Booy. Dit gaan dus uit van die veronderstelling dat die suiwer biologiese reeds bekend is en wil veral die godsdienstige en die sedelike aspekte van die seksuele verduidelik om koers aan te dui en te waarsku vir die verkeerde, gevaarlike en sondige.

Tog is hierdie boek nie net vir die Christen-jongmense bedoel nie. Dit is ook so geskrywe dat dit vir ouers 'n hulp kan wees om leiding aan hulle kinders te gee. Daarom word verwysings deur voetnotas betreklik volledig weergegee sodat ouers op die wyse ook kan kennis neem van lewenshoudings en standpunte waarmee die jongmense in ons tyd in aanraking kom.

Mag dit diensbaar wees in die koninkryk van God — veral vir die jeug van die kerk van die Here.

P. J. de Bruyn.

Pretoria, Oktober 1970.

Die elektroniese weergawes van hierdie boekie
is verwerk deur Willem Swanepoel.
wjswanepoel@telkomsa.net

HOOFSTUK I

LEIDING OM LYDING TE VOORKOM

AS daar verklaar word dat ons vandag in en rondom die seksuele lewe van die mens te doen kry met gruwelike sondes en skandalige uitspattighede van banale en ontugtige lewens, dan word werklik nie iets nuuts gesê nie. In dagblaie, tydskrifte en films word dit in duidelike letters en met sprekende foto's gedurig aan ons voorgehou.

Dat die Amerikaanse skrywer, Vance Packard, dan ook 'n boek van meer as 550 bladsye kon skryf oor die onderwerp: "The sexual wilderness" is dus eintlik niks besonders nie.¹ Dit is trouens maar net één van die talle boeke oor hierdie en aanverwante onderwerpe.

Uit sekere van hierdie geskrifte en uit gebeurtenisse in hierdie verband waarvan daar nooit iets op skrif gestel word nie, merk 'n mens dat die ontwrigting, smart, verdriet en geestelike skade wat telkens hieruit voortspruit, eintlik nie te bereken is nie.

Aan die ander kant kan dit tog ook weer nie ontken word nie dat daar by baie juis in hierdie verband ook probleme en ernstige vrae ontstaan het sodat hulle met goeie en eerlike bedoelings soek na die regte koers en leiding.²

In die lig moet hierdie skrywe gesien word.

Wat hier aangebied word, wil nie slegs 'n *protes* wees teen genoemde sondes op seksuele gebied nie — in die besonder die voor die huwelik — maar dit is ook bedoel om *leiding* te gee aan persone vir wie daar onduidelikheid in hierdie verband is en hulle so te help om die regte keuse te maak.³

Nou moet dit baie duidelik gestel word dat hierdie skrywe nie bedoel is vir die ongelowiges wat God en sy Woord verwerp nie — hoewel dit vir hulle goed sal wees om deeglik daarvan kennis te neem! — maar dit word gerig aan die jeug van die Christelike kerk by wie daar deur die geloof 'n band met God is: hulle wat hulle voorberei om belydenis van hulle geloof af te lê of dit nie lank gelede nie reeds gedoen het.

In die Christelike godsdiens word immers die oortuiging gehuldig dat ons geloof, soos dit gefundeer is op die Woord van God, nie slegs in *sekere* dele van ons lewe ons doen en late bepaal nie; nee, *ons hele lewe* in ál sy verskillende fasette moet oral en altyd deur ons geloof en die wil van God bepaal word. Die apostel Paulus verklaar immers: "Die regverdige (gelowige) sal uit die geloof lewe" (Rom. 1:17) — onder alle omstandighede.

Dit impliseer dat my geloof en die wil van God óók my seksuele lewe moet bepaal. Die talle uitsprake hieroor in die Woord van God toon dit duidelik aan.⁴

Dit is geen vermorsing van tyd as die duidelike *verband* tussen ons *Christelike godsdiens* en ons *seksuele lewe* juis in hierdie tyd weer baie sterk beklemtoon word nie. In teorie en/of praktyk word hierdie verband dikwels geloën.

Kenners van die geskiedenis toon aan dat die verskriklike lae peil van die sedelike lewe en veral die banaliteite op seksuele gebied in die Grieks-Romeinse wêreld gedurende die

¹ Vance Packard: *The sexual wilderness*, London (Longmans), 1968. 'n Mens word ook getref deur die openlike skaamteloosheid in hierdie verband. In 'n blad soos *The Reader's Digest* waarvan daar maandeliks meer as agt-en-twintig miljoen eksemplare in baie lande versprei word, is byvoorbeeld van die Sweedse volk verklaar: "Ninety-eight per cent of the married population had intercourse before marriage". Vgl. J. Robert Moskin: *Sweden: The contraceptive Society* in: *The Reader's Digest*, Junie 1969, bl. 79.

² Vgl. W. J. de Klerk: *Die pastoraal-psigologiese benadering van die jeug*, in: *Hervormde Teologiese Studies*, jaargang 25, afl. 1, bl. 42–55.

³ Gabe van Duinen: *Jong zijn nú*, Franeker, s.j. (1968), bl. 15: "Wat is dan wel dat eigene, dat aan het jong zijn zo 'n apart en zelfstandig karakter geeft. Dat eigene ligt naar mijn mening in het kiezen. Jong-zijn is: leven in keuze. Jong-zijn is: kiezen".

⁴ Vgl. Rom. 12:1; Rom. 14:6–12; 1 Kor. 10:31, ens.

tyd van Christus se omwandeling op aarde en die optrede van sy apostels kort daarna, daaraan toegeskryf moet word dat daar 'n *verswakking* was in die godsdienstige lewe in die algemeen, maar veral dat daar geen verband was tussen hulle godsdiens en hulle sedelike lewe nie. Daar was geen kontrole van die godsdiens oor die sedelike lewe en spesifiek die seksuele lewe nie.⁵

Hoewel dit 'n situasie is wat by die dienaars van afgode aangetref is, kry ons hier te doen met 'n saak wat ook vir ons as Christene van groot belang is.

As ook óns die sedelike en veral die seksuele van ons godsdiens gaan losmaak, kan dit géén ander gevolg hê as 'n fenomenale toename in seksuele verwildering en seksuele wanpraktyke nie.

Soos reeds aangedui, leef ons vandag inderdaad in 'n tyd van seksuele verwildering. Iemand het tereg opgemerk dat ons leef in 'n tyd "waarin seks soos 'n kernbom gebars en alles met sy radioaktiwiteit besmet het".⁶

In die lig van die voorgaande is daar veral twee faktore wat vir die huidige stand van sake verantwoordelik is.

Die eerste is die verswakking van die Christelike geloof veral in die Westerse wêreld.

Die Britse geleerde, dr. J. D. Unwin, het op grond van 'n deeglike studie van meer as tagtig beskawings gedurende veertig eeue tot die gevolgtrekking gekom dat hoe sterker die godsdienstige band van 'n volk of 'n gemeenskap is, hoe kuiser lewe hulle en hoe minder kry 'n mens te doen met seksuele ongebondenheid en uitspattigheid. Vanselfsprekend beteken dit — en dit het hy ook met feite bewys — dat as die godsdienstige binding van 'n volk of gemeenskap verswak, dan neem sedelike en spesifiek seksuele losbandigheid toe.⁷ Op grond van hierdie wetenskaplike bevinding en op grond van ons daaglikse ervaring en *veral* op grond van wat ons in die Woord van God self leer, kan ons derhalwe verklaar: Omdat die krag van die Christelike geloof en godsdiens verswak het, het die houvas daarvan op die sedelike en seksuele lewe ook verswak ten gunste van 'n grootskaalse groei in onsedelikheid.⁸

Die tweede rede vir die huidige seksuele verwildering is die feit dat die band tussen die Christelike godsdiens en die sedelike lewe (in besonder die seksuele) in teorie en praktyk van mekaar losgemaak is asof die een niks met die ander te doen het nie.

Dit het daartoe gelei dat mense wat nog as Christene bekend staan, hulle skuldig maak aan seksuele vergrype wat met die werklike godsdiens soos dit op die Woord van God gegrond is, *nooit* gerym kan word nie. Dit moet uiteindelik ook weer lei tot 'n moordaanslag op hulle Christelike geloof, soos dr. G. H. Huntemann duidelik aantoon as hy sê: Dit is gevaarlik en dodelik vir die geloof as 'n Christen hom identifiseer met die sedes en gebruike wat die mense uitgedink het en as hy nie meer kan onderskei tussen dit wat die Bybel sê en dit wat slegs deur die menslike samelewing geëis word nie.⁹

⁵ Vgl. Billy Graham: *Sex and the Bible*, in: The Reader's Digest, Aug. 1970, bl. 83: "We of the Western world, on a sex binge never before equalled in modern times, should be wise enough to heed history's lessons. For history conclusively teaches that the decay of a nation inevitably follows the decay of its sex standards"; J. D. Unwin: *Sexual regulations and cultural behaviour*, London, 1935, bl. 5—20. C. G. Scorer: *The Bible and sex ethics today*, Chicago, 1966, bl. 72—75.

⁶ W. J. Murray Jansön in: *Bybelkunde St. 9 en 10, Deel 11: Geloofsleer en sedeleer*, Pretoria, Potchefstroom, Kaapstad, 1970, bl. 129.

⁷ J. D. Unwin: a.w., bl. 8—20.

⁸ Vgl. Raoul Stéphan: *Het Westen op de dwaalweg*, Franeker, 1951, bl. 34; J. W. Jansen van Rysen e.a.: *Die selfmoord van 'n nasie*, Kaapstad/Pretoria, 1945, bl. 58—61.

⁹ G. H. Huntemann: *Seksualiteit in het moderne leven en wat de Bijbel ervan zegt*, Wageningen, 1964, bl. 32. Vgl. ook G. Th. Rothuizen: *Bijbelse normen voor de seksualiteit*, in: Gereformeerd Weekblad, 1/2/1967, bl. 148: "Er zijn er heel wat tegenwoordig — christenjongeren, mensen voor wie die bijbel dus heel wat betekent — die, wat zij zelf noemen 'getrouwd' leven en dat op hun

Behalwe bogenoemde twee faktore kan die volgende ook nog genoem word as verdere oorsake wat bygedra het en nog bydra tot die huidige seksuele verwildering.¹⁰

1. Die seksuele is van die werklike, deur God gewilde liefde tussen man en vrou losgemaak om as blote liggaamlike lus-kontak en ontspanning beskou en geniet te word.
2. Die openlike en selfs gedetermineerde propaganda deur sogenaamde outoriteite vir seksuele omgang voor die huwelik met motiverings wat in die oë van die jeug besonder sterk en oortuigend is maar waarin daar tog 'n verdraaiing en valse voorstelling van die werklikheid gegee word.¹¹
3. Die abnormale en buite verhouding groot prominensie wat vandag aan seks verleen word. Seksualiteit in sy verskillende aspekte is die hoofsaak en belangrikste tema in films, dramas, foto's, advertensies, boeke, blaaië en televisie-aanbiedings. Hierdie middele moet 'n belangrike rol speel in die bevordering van promiskuiteit onder die jongmense tussen vyftien en twintig jaar en ook ouer.¹² Daardeur word immers 'n geestelike afstomping in die gewete van die mens veroorsaak sodat die verkeerde en sondige nie meer as sondig en verkeerd aangevoel word nie. As almal iets doen wat verkeerd is en die verkeerde in die kultuurpatroon opgeneem is, dan pas die gewete hom daarby aan.¹³
4. Die leuens en bedrog waarmee die seksuele in ons tyd opgedis word. C. S. Lewis verduidelik dit soos volg: "Plakkaat na plakkaat, rolprent na rolprent, roman na roman verbind die gedagte van seksuele bevrediging met gesondheid, normaliteit, jeug, openhartigheid en goedgehumeurdheid. Hierdie assosiasie is 'n leuen. Soos alle magtige leuens is dit op 'n waarheid gegrond — die waarheid dat seks op sigself (afgesien van die onmatighede en obsessies wat daarin vasgerank het) inderdaad "normaal" en "gesond" en wat dies meer sy, is. Die leuen bestaan in die suggestie dat elke seksuele daad wat jy verrig op die oomblik as jy in versoeking kom óók gesond en normaal is".¹⁴
5. Die feit dat die begrip, kontrole, voorbeeld, ondersteuning en leiding van die ouers soms veel te wense oorlaat en hulle dikwels nie in staat is of selfs probeer om hulle kinders se probleme, veral ten opsigte van die seksuele, te verstaan en hulle te help nie. Dit het tot gevolg gehad dat ánder instansies begin het om aan die kinders en jongmense seksuele voorligting te gee. Omdat dit egter geskied op 'n verkeerde plek en met 'n verkeerde gesindheid en metodiek, het dit baie meer kwaad gedoen as goed en die seksuele verwildering baie meer bevorder in plaas van om dit te

beurt de meest vanzelfsprekende zaak van die wêreld vindt". W. Aalders: *In verzet tegen de tijd*, Den Haag, s.j., bl. 160, 161. Hy praat van "in ons privé-leven nog wel gelovigen kunnen zijn, maar in het maatschappelijke leven machten moet dienen die ons aftrekken van God".

¹⁰ Vgl. hieroor onder andere: Vance Packard: a.w., bl. 13—53; Ambrose J. King: *The adolescent: Promiscuity and Venereal disease*, in *Journal R.I.P.H. & H.*, Desember 1963, bl. 300, 301. Arnold Lunn & Garth Lean: *The new morality*, London (Blanford Press), 1967. Arnold Lunn & Garth Lean: *The cult of softness*, London (Blanford Press), 1965.

¹¹ Vgl. P. C. Kuiper: *Liefde en seksualiteit in het studentenleven*, Arnhem, 1967, bl. 51, 52; G. Barczay: *Revolution der Moral? Die Wandlung der Sexual-normen als Frage an die evangelische Ethik*, Zürich/Stuttgart, 1967, veral bl. 198, 212—219.

¹² A. J. King: a.w., bl. 301; Adolf Allwohn: *Het genezende Woord*, Nijkerk, 1959, bl. 49, 53; Vance Packard: a.w., bl. 54—67. Hy vestig die aandag op die hedendaagse "bombardement of sensual stimuli".

¹³ W. Aalders: a.w., bl. 155.

¹⁴ C. S. Lewis: *Die hart van die Christendom*, Kaapstad, 1964, bl. 95. Vgl. ook die volgende uitspraak van dr. Alex Comfort in sy boek: *Sex and society*: "It (sexual intercourse) is, in other words the healthiest and most important human sport; and the need to consider it in other, medical and sociological contexts, should never be allowed to obscure the fact" — aangehaal deur A. Lunn & G. Lean: *The new morality*' bl. 39.

bekamp.¹⁵

6. Die gebrokenheid en verval van die gesinslewe. Die feit dat moeders buitenshuis werk en vaders te besig is, het dikwels tot gevolg dat die kind die liefde en waardering van sy of haar ouers en gesinslede moet ontbeer en dan probeer hulle gedurende die tienertydperk om hierdie honger na liefde en waardering te stil deur "vrye liefde" in voorhuwelikse seksuele omgang.¹⁶
7. Die verkeerde "sielkundige opvoeding" waarin die Christelike leer van sonde omvergewerp is en geleer word dat selfbeheersing en die onderdrukking van seksuele begeertes vir die mens skadelik is en stremmend inwerk op die goeie en normale ontwikkeling van die karakter.¹⁷
8. Daar is vandag nie soos vroeër 'n min of meer eenvormige beskouing van seksualiteit en seksuele gedrag nie; intendeel, daar is soveel uiteenlopende opinies daaroor dat daar eintlik 'n totale wanorde in die verband is. Dit het tot gevolg dat 'n individu of individue maklik 'n bykomende opinie daaroor kan huldig en dan ook met redelike gemak volgens die opinie kan handel.¹⁸
9. Die vrees vir moontlike swangerskap buite die huwelik het sterk verminder met die koms en vrylike beskikbaarheid van voorbehoedmiddels.¹⁹
10. Die vrees vir geslagsiektes het afgeneem omdat dit met penisillien en antibiotika doeltreffend bestry kan word. (Die werklike feite is egter dat geslagsiektes ondanks

¹⁵ Vgl. P. E. van Jaarsveld: *Die psigoseksuele ontwikkeling van die tienerjarige — implikasies vir volwassenheid*, in: Probleme van die Tienderjarige — referate gelewer tydens 'n simposium by die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O. op 16 September 1967, bl. 42: "Die ewewig tussen die religieuse en sedelike waardes enersyds en die seksuele lewe andersyds kan deur adolessente dikwels nie ingesien word nie, omdat daar in die gesin oor die seksuele geswyg word. 'n Gevaarlike opvatting kan posvat, naamlik dat die seksuele op sigself iets verkeerd is". Vgl. ook: Adolf Allwohn: a.w., bl. 48, 49; A. Lunn & G. Lean: *The cult of softness*, bl. 58. Gordon V. Drake: *SIECUS — Corrupter of youth*, Tulsa, Oklahoma, 1969. (SIECUS is die afkorting van: "Sex Information and Education Council of the United States"); Gordon V. Drake: *Is the school house the proper place to teach raw sex?* Tulsa, Oklahoma, 1968; William F. Dankenbring: *What's behind the furor over sex education*, in: *The plain truth*, November 1969, bl. 19–22; Billy James Hargis: *The snake in our schoolroom: UNESCO — We put it there*, Tulsa, Oklahoma, s.j. (ongeveer 1964); Gary Allen: *Sex education problems*, Massachusetts, 1969.

¹⁶ Vgl. Adolf Allwohn: a.w., bl. 52: "Een psychische nood van een ander soort treffen wij aan bij die jonge mensen die al vroeg tot geslachtsverkeer zijn gekomen. Het motief hiertoe is zeker niet in de eerste instantie een overmachtig verlangen, vooral niet bij het vrouwelijke geslacht. Veeleer spelen verlangen naar liefde en geborgenheid en een streven naar prikkeling een rol. Jonge mensen die in hun gezin een begripvende liefde vinden en zich daarbij wel voelen, komen nauwelijks tot te vroege seksuele avonturen. Maar waar het tegendeel het geval is, is het anders. Het verval van het gezin is bijgevolg de hoofdoorzaak van het geslachtsverkeer der jongeren"; C. G. Scorer: a.w., bl. 9.

¹⁷ Dit is veral S. Freud en sy aanhangers wat vir hierdie opvatting verantwoordelik is. Vgl. S. Freud: *The Problem of Anxiety*, New York, 1936; Georg Huntemann: *Geloven tussen gisteren en morgen*, Franeker, 1966, bl. 67: "Vele leerlingen van Freud — vooral in Amerika wordt het psychologisch onderzoek door hen bepaald — zijn van mening, dat de driften en begeerten van de mens moeten worden bevredigd. Wij moeten hem het duidelijk besef bij brengen dat hij zijn wensen niet mag onderdrukken. De mens wordt door driften bepaald. Bevredig deze, en de religie wordt een overbodigheid" H. S. Wells praat van kuisheid en reinheid as "a superstitious abstinence which sears the body and embitters the mind, makes the body gross and keeps it unclean" — aangehaal deur A. Lunn & G. Lean: *The cult of softness*, bl. 34; vgl. ook C. G. Scorer: a.w., bl. 15.

¹⁸ Vance Packard: a.w., bl. 68; W. J. de Klerk: *Die Pastoraal-psigologiese benadering van die jeug*, bl. 55.

¹⁹ Vgl. C. S. Lewis: a.w., bl. 93: "Voorbehoedmiddels het seksuele bevrediging buite die huwelik veel veiliger gemaak as wat dit ooit tevore was, en die openbare mening staan minder vyandig teenoor ongeoorloofde geslagsomgang en selfs teenoor perversie as wat dit sedert heidense tye was".

genoemde middele vandag sterk aan die toeneem is — soos later aangedui sal word.)

11. Die feit dat die jongmens vandag 'n betreklik hoë geldelike inkomste het wat hulle in staat stel om hulle eie pad te loop onafhanklik en sonder medewete van hulle ouers.
12. Die feit dat jongmense deur die moderne ontspannings- en kommunikasiemiddele 'n geforseerde rypheid en volwassenheid bereik sonder dat hulle werklik innerlik ryp en in karakter sterk genoeg is.²⁰
13. Die vasberade en doelgerigte optrede van die Kommuniste om 'n sedelike verval deur seksuele vryheid en ongebondenheid in nie-kommunistiese lande te bewerkstellig. Op die wyse wil hulle die geestelike en fisiese krag van 'n volk aftakel sodat dit vir hulle makliker kan wees om die volk te oorweldig en die land in te neem.²¹

Meer oorsake vir die seksuele verwildering sal miskien nog aangedui kan word maar bogenoemde is seker die vernaamste.

Wat ons as gelowiges betref, is die belangrikste oorsaak egter die feit dat die mens van God en sy Woord vervreemd geraak het. Al die ander oorsake hou op een of ander wyse verband met hierdie kern-oorsaak of vloei selfs direk daaruit voort.

Daarom is dit vir ons so uiters noodsaaklik om te weet wat geskrywe staan in die Boek wat Billy Graham noem die beste "handboek" oor seks van alle tye, naamlik die Woord van God. Wat sê God daarin aan ons oor die seksualiteit?²²

In die lig van hierdie uitdruklike bepalings van die Here moet ons dan verder die hedendaagse siening en praktyk van die seksualiteit beoordeel.

Met hierdie doel voor oë moet ons egter daarteen waak om die saak nie van die verkeerde kant af aan te pak nie. Ons moet naamlik nie begin met die onduidelikhede en probleme soos dit in die praktyk van die lewe opduik en dan daarmee na die Skrif gaan in die hoop om so tot duidelikheid te kom nie. Dit kan daartoe lei dat ons die Skrif kan verwring om te sê wat ons graag wil hê dat hy moet sê maar wat hy in werklikheid nie sê nie. Die gevolg is dat dit wat duidelik is dan ook nog onduidelik gemaak word.

Nee, ons moet net andersom te werk gaan. 'n Mens kan tog nie die son gaan ondersoek met behulp van 'n flitslig nie, maar presies die teenoorgestelde.

Daarom moet ons begin by dit wat helder en duidelik in die Woord van die Here opgeteken staan. Met behulp van hierdie duidelike uitsprake van God moet ons die onduidelikhede, vrae en probleme benader. Dan sal ons heel dikwels vind dat baie sake wat skynbaar onduidelik was, in werklikheid tog nie so onduidelik is nie.

²⁰ Vgl. Arnold Lunn and Garth Lean: *The New Morality*, bl. 157—165, waarin gehandel word oor: "The B.B.C. and the New Morality".

²¹ Arnold Lunn and Garth Lean: *The New Morality*, bl. 37, 38. Hulle verwys na 'n Noorweegse geleerde, dr. O. Skard, wat die volgende verklaar het: "Many people have wondered that communism in different parts of the world seems to adopt quite different forms of sexual morality. The explanation is to be found in Lenin's axiom that the morality of communism is 'wholly subordinated in the interests of the proletarian class war'. In non-communist countries the communists support all the existing tendencies to so-called 'sexual freedom'; they are irreconcilably opposed to all attempts to subject the sexual life to any moral and spiritual obligation, and in the name of liberty and mental health they demand full 'sexual information' for young people — simply because they know that sexual knowledge or information, severed from moral obligation, tends to undermine the foundations of democracy. In countries where communism has secured full control, sexual morality is gradually switched on to strictly moralistic lines ... The communist leaders know that the sexual drive is a force to a nation when it is harnessed to an objective which is sufficiently great. To an ideology such as communism it goes without saying that one of the most important motive forces in human life must be exploited in this way to promote ideological ends".

²² Billy Graham: a.w., bl. 79. Vgl. ook Herbert W. Armstrong e.a.: *God speaks out on 'The New Morality'*, Pasadena, California, 1964; G. II. Huntemann: *Seksualiteit*, bl. 25; J. H. Kroeze: *Bybel en seks*, Braamfontein (Johannesburg), 1970.

HOOFSTUK II

SEKSUELE VERWILDERING — OOK BY ONS

AS daar oor seksuele uitspattighede gepraat word, kan ons dikwels nogal gou en maklik verwys na Amerika, die Skandinawiese lande en sekere Europese lande — asof alles hier by ons in Suid-Afrika nog redelik in orde is. Nou is dit wel waar dat die omvang wat die sedelike verwildering in genoemde oorsese lande aangeneem het beslis baie groter is as wat tans by ons die geval is. Tog sou dit dwaas wees om te dink dat op sedelike en seksuele gebied ons nie veel het om oor bekommerd te wees nie.

Op grond van die feit dat daar in die tien jaar gedurende 1948—1958 onder die blanke bevolking in Suid-Afrika 10 477 buite-egtelike geboortes voorgekom het, verklaar prof. W. J. de Klerk: "Met hierdie syfers as basis kan ons bereken dat bevrugting as uitvloeisel van losse seksuele verkeer die uitsondering is; dat prostitute van hoëre of laere rang weinig indien ooit babas verwag; dat die meeste Afrikaners uit tradisie in die huwelik tree nadat dit duidelik word dat babas verwag word; dat aborsieveroordelings dikwels voorkom... dit alles in ag geneem, bring tot die konklusie dat voorgenoemde syfer niksseggend is ten opsigte van voorhuwelikse seksuele verkeer. Op grond van pastorale ervaring, gesprekke en belydenisse, getuienis van medici en aptekers wat die versoeke om voorbehoedmiddels betref, kan *met stellige sekerheid beweer word dat 'n groot getal van ons jeug en gehudes reeds deelneem aan die seksuele vryheid van ons tyd...* Daar is by die oorweldigende meerderheid mense 'n slaafse seksuele instelling in die raamwerk van lossere morele standaarde en sogenaamde nugtere openhartigheid. *Ons het dus in die seksualisme van ons tyd te doen met 'n beheersende mag en 'n gevaarlike bedreiging*".²³

Dit is 'n duidelike en beangstigende uiteensetting.

Wat die saak nog soveel ernstiger maak, is die feit dat syfers toon dat die blankes in Suid-Afrika sedert 1958 nog verder beweeg het op die onchristelike en gevaarlike weg van losse seksuele vryhede.²⁴

Buite-egtelike geboortes: Waar daar gedurende die periode tussen 1948 en 1958 — soos reeds aangedui — 10 477 buite-egtelike geboortes was, was daar gedurende die vyf jaar van 1959 tot 1963 nie minder nie as 8 387 — byna dieselfde getal gedurende 'n periode wat die helfte korter is as die vorige wat genoem is. Die buite-egtelike geboortes het verder gestyg van 16.4 per 1 000 van die totale geboortes in 1958 tot 24.8 per 1 000 in 1963.

Buite-egtelike geboortes by tienerjariges: In verhouding tot die *totale getal buite-egtelike geboortes* het die buite-egtelike geboortes *spesifiek by tienerjariges* gestyg van 31.5% in 1950 tot 43.9% in 1960.

Tienderjarige huwelike: In die lig van die feit dat swangerskappe gewoonlik gedwonge huwelike tot gevolg het, is ook die toename van tienerjarige huwelike 'n saak wat 'n duidelike taal spreek. Die styging van die tienerjarige huwelike in verhouding tot die totale huweliksyfer sien soos volg daar uit:

By mans: van 1.71% in 1950 tot 3.41% in 1964.

By vrouens: van 24.42% in 1950 tot 27.57% in 1964.

Beskou hierdie jongste gegewens nou in die lig van bogenoemde uiteensetting van prof.

²³ W. J. de Klerk: *Gesprek oor seksualiteit*, in: ... In die dae van jou jonkheid, Potchefstroom, 1969, bl. 107, 108.

²⁴ Die gegewens is goedgunstiglik verstrekk deur die Buro vir Statistiek en die Departement van Volkswelsyn in Pretoria.

De Klerk op grond van die gegewens tot 1958 en dit is duidelik dat sy tipering van die situasie as 'n "*gevaarlike bedreiging*" driebubbeld onderstreep moet word.

Wat die saak nog ernstiger maak, is die feit dat dit nie so maklik is om hierdie bedreiging te oorwin en skadeloos te stel nie. Ondervinding het immers geleer dat C. S. Lewis die spyker op die kop slaan as hy sê *dat kuisheid die onpopulêrste van al die Christelike deugde is.*²⁵

²⁵ C. S. Lewis: a.w., bl. 29.

HOOFSTUK III

SEKSUALITEIT BY DIE MENS

AS ons met die seksualiteit of geslagslewe van die mens in een of ander vorm te doen kry, is dit noodsaaklik dat ons onself goed rekenskap moet gee presies waarmee ons te doen het en wat die plek, funksie en betekenis daarvan is. Miskien klink so 'n opmerking belaglik in ons tyd waarin seks daaglik op een of ander manier in jou keel afgedruk word. Maar juis die feit dat dit gebeur, toon aan dat seks vandag 'n ander plek en funksie het as wat dit moet hê. Derhalwe kan met sekerheid beweer word dat die huidige seksuele verwildering ook grotendeels daaraan toegeskryf moet word dat aan die seksualiteit 'n ander plek en funksie gegee word as waarvoor dit oorspronklik deur God bestem is.

Daarom wil ons begin met die volgende standpuntstelling op grond van die Christelike en Bybelse siening van seksualiteit:

Seksuele omgang as sodanig is nie verkeerd en sondig nie, mits dit geskied op die plek en tyd wat God daarvoor bestem het.¹

Seksuele omgang is bestem as 'n middel tot bevestiging en versterking van die liefdesband tussen man en vrou.²

Seksuele omgang is die middel om voortplanting te bewerkstellig.

Seksuele omgang mag alleen binne die huwelik geskied.

Seksuele omgang binne die huwelik is 'n bolwerk teen en 'n bekamping van ontug.

Vandag kry ons egter te doen met 'n lewenshouding waarin die seksuele *losgemaak word* van die *liefde* en van die *huwelik*. Dit word gesien en beoefen bloot as die bevrediging van eie drange.³

So 'n beskouing en praktyk moet noodwendig nadele en onaangenaamhede tot gevolg hê.

Indien iets immers gebruik word vir 'n doel waarvoor dit nie bestem is nie en op 'n tyd en plek waar dit nie hoort nie, kan dit smartlike en selfs noodlottige gevolge hê. So kan met 'n operasiemes 'n lewe gered of 'n lewe vernietig word. Dit hang net af of dit reg of verkeerd gebruik word.

Presies dieselfde geld van die seksualiteit.

Dit word baie duidelik aangedui deur prof. J. H. Kroeze as hy van die woorde in Hooglied 8:6: "Want die liefde is sterk soos die dood", die volgende sê: "Die krag van die dood is

¹ Vgl. H. C. J. Flemming: *Huweliksvoorligting 1: U vaste verhouding*, Bloemfontein, 1967, bl. 14: "Die opwellende seksdrang en geslagsgevoelens is in hulself gereken nie sondig nie. Hul bestaan en werking kan nie ontken of onderdruk word nie, maar moet erken, gedissiplineer, veredel, beheer en in die regte rigting gelei word om die doel waartoe God dit geskape het te verwesenlik; P. E. van Jaarsveld: a.w., bl. 42; W. Geesink: *Gereformeerde Ethiek 1*, Kampen, 1931, bl. 408: "De geslachtsdrift als *storgé physiké*, waaronder we verstaan iedere natuurlijke genegenheid (Rom. 1:31; 2 Tim. 3:3), *sexus ad sexum*, is door God geschapen en mitsdien in zichzelf rein en behoort tot de oorspronkelijke gerechtigheid"; Joel H. Nederhood: *Unlocked wedlock*, in: The Radio Pulpit, Chicago, Julie 1970, bl. 20: "The Bible is actually indifferent about the physical pleasure that can accompany sex. It simply accepts sex as one of the good aspects of life, just as sex must be considered in the context of the home and marriage".

² Vgl. Th. Delleman: *Liefde en lof*, Aalten, s.j., bl. 38.

³ Vgl. Joseph Fletcher: *Moral responsibility: Situation ethics at work*, London, 1967, bl. 85. Van seks in ons tyd sê hy: "It became a sort of Kantian *Ding an sich*, a thing in itself without relation to or qualification by anything else, whether it might be God, society, beauty, family, partnership, or self-discipline"; Adolf Allwohn: a.w., bl. 53.

grusaam ... die dood is 'n verslindende mag... So is ook die liefde! So is ook seks. En daarteen soek die bruid beskerming by haar bruidegom. As hulle bymekaar is, sal hulle albei veilig wees! Dit is dieselfde gedagte wat ons telkens in Hooglied aangetref het: twee wat bymekaar hoort, geniet die liefde waarlik en suiwer. Seks is 'n dodelike mag as dit wild om hom heen gryp. Maar daar is veiligheid in die saamhorigheid, in die trou, in die twee-eenheid, in die wedersydse bewaring van mekaar, van die bruid en bruidegom wat mekaar gevind het, wat God saamgevoeg het. Geen mens mag dit skei nie".⁴

Daarom verklaar Billy Graham, die Amerikaanse prediker, ook heeltemal tereg: Die Bybel leer ons dat seks 'n wonderlike dienskneg kan wees, maar ook 'n verskriklike en meedoënlose meester. Seksuele omgang kan een van die sterkste skeppende magte wees vir die bevordering en ontplooiing van liefde, kameraadskap en geluk, óf dit kan een van die mees afbrekende en verwoestende magte wees in die lewe van die mens. Daarom, as God ons sekere dinge verbied — ook en veral in verband met die seksuele! — dan is dit nie om die vreugde van ons weg te neem nie, maar juis om ons te beskerm teen dinge wat ons die ware vreugde kan ontnem.⁵

Dit kom dus in kort daarop neer dat God ons deur die dinge wat Hy ons in sy Woord verbied en gebied, wil help om die volle genot en vreugde van die seksualiteit te smaak. Dit kan dan ook alleen gebeur as ons daaraan die plek, funksie en betekenis heg wat Hy daaraan toegeken het en waarvoor Hy dit bestem het en ons dit ook daarvolgens beoefen.

Daarom kan ons met volle instemming saam met ds. J. Overduin verklaar: Die seksuele is geen onreinheid nie maar dit word onreinheid as die Woord van God hier moet swyg oor die diepste sin van die seksuele. Dit word onreinheid indien daar geen band met die Skepper is nie. Dit word onreinheid en bandeloosheid indien die naaste daarin nie 'n voorwerp van liefde is nie maar 'n voorwerp om vir genot uitgebuit te word ... Dit is geen liefde nie. Alles, ook die seksuele, hang af van die baie duidelike bepaling: Jy moet God liefhê met jou siel en liggaam en jou naaste soos jouself. In die vleeslike seksualiteit het ons nog God, nog ons naaste, nog onself waaragtig lief.⁶ Die Bybel leer ons helder en duidelik dat die mens se seksuele lewe tot mislukking gedoem is as hy nie in God glo nie.⁷

⁴ J. H. Kroeze: *Bybel en seks*, Braamfontein (Johannesburg), 1970, bl. 162, 163.

⁵ Billy Graham: *Sex and the Bible* in: *The Reader's Digest*, Augustus 1970, bl. 80; Vgl. ook Joseph Fletcher: a.w., bl. 91: "Sex is dynamite. Unchanneled by high character it leads to chaos and destruction... Our danger is that while technology (medical and industrial) makes intercourse easier, our moral *ability* to serve our ideals has not kept place... It is much like the new atomic energy: science gives us the new power, but to what end will we use it? For better living or for selfdestruction". Ook G. H. Huntemann: *Seksualiteit*, bl. 31, 32.

⁶ J. Overduin: *Venster op het leven* (dagboek), Kampen, 1965, 10 Mei.

⁷ G. H. Huntemann: *Seksualiteit*, bl. 25.

HOOFSTUK IV

LIEFDE EN SEKS

DIE jeug word in ons tyd dikwels mislei omdat in talle gesprekke, artikels, boeke en films *seksuele luste en begeertes vertolk word as liefde* en ook so genoem word. So word, veral in die moderne bioskoop, liefde voorgestel as die spel van sinlike verslaafdes wat hulle in seksuele dronkenskap aan mekaar oorgee.

Dit is derhalwe noodsaaklik dat, in die lig van die hedendaagse wanvoorstelling van liefde, aangedui moet word wat die aard en karakter van ware liefde is.¹

Hoewel dit wat hier oor die liefde gesê word ook op ander vorms van liefde toegepas kan word, word hier uit die aard van die saak slegs gehandel oor die liefde soos dit ontstaan en bestaan tussen 'n man en 'n vrou met die oog op of in die huwelik.

Liefde kan aangedui word as 'n hartlike geneentheid tot en gehegtheid aan 'n persoon van die ander geslag met die voortdurende en sterk verlange om by die betrokke persoon te wees en met die bereidwilligheid om vir mekaar te offer en op te offer.

"Soek nie sy eie belang nie."

Sonder om op al die aspekte of fasette van die liefde in te gaan, kan hier verklaar word dat egoïsme en selfsugtigheid iets is wat vreemd is aan die ware liefde. Die apostel stel dit baie duidelik as hy in die bekende gedeelte oor die liefde verklaar: "Die liefde soek nie sy eie belang nie" (1 Kor. 13:5) — nie sy eie nie maar die belange van die geliefde.

Dit geld van alle vorme van liefde, dus ook van die seksuele liefde. Daarom stel ds. J. Overduin dit heeltemal korrek as hy verklaar: Seksuele liefde is geen verliefdheid of erotiek sonder meer nie. Dit is in die eerste plek liefde wat bestaan in die bereidwilligheid om te offer vir die ander een, die geliefde.²

Dit is wel waar dat die liefde hom normaalweg openbaar in *gee* en *neem*: 'n blymoedige gee en 'n dankbare neem of ontvang. Tog is die ware liefde van so 'n aard dat dit kan gee en bly gee selfs al word daar nie altyd iets as beantwoording van die liefde terug ontvang nie. Die sterkste vorm van liefde soos ons dit in die Nuwe Testament vind (*agapé* in die oorspronklike Grieks) dui juis op 'n liefde wat kan gee sonder die noodwendige verlange of vereistes om iets daarvoor terug te ontvang.³

Hierdie liefde wat wars is teenoor alle selfsug en egoïsme, word op treffende wyse vertolk in die volgende strofes uit die gedig "Die Oue Put" van Totius:

*Dit put maar en sy gee maar immer,
dit put maar en sy weier nimmer,
net soos 'n moeder, so opreg,
gee sy haar laaste druppel weg!*

*Straks gaan die skapies almal weg weer,
die putters skuif die sluitsteen reg weer,
en niemand dink dan langer om
naar so vervalde heiligdom.*

*Haar lewe is soos die moederlewe;
by ondank immer bly te gewe;*

¹ Vgl. Th. Bovet: *Nu jongen straks man*, Wageningen, s.j., bl. 50—53.

² J. Overduin: a.w., 10 Mei.

³ Vgl. Gerhard Kittel: *Theological Dictionary of the New Testament 1*, Grand Rapids/London, 1964, bl. 37: "Eros seeks in others the fulfilment of its own life hunger. Agapan must often be translated "to show love"; it is a giving, active love on the other's behalf... Agapetos is used above all of an only and precious child".

*maar'k hoor, as hul het weggegaan,
diep onder tap ... 'n watertraan!*

Hoewel die digter hier besonderlik spreek oor die moederliefde, is dit tog vanselfsprekend dat die liefde tussen 'n jongman en 'n meisie met die oog op 'n huwelik ook sodanig moet wees dat daar onder bepaalde omstandighede daartoe gekom kan word om onvoorwaardelik te gee al word niks in die plek daarvan terug ontvang nie — hoewel die verlange om wel iets terug te ontvang tot gevolg kan hê die sagte tap van 'n warm watertraan.

Met hierdie ietwat breedvoerige uiteensetting wou ons aandui dat ware liefde en selfsug of egoïsme nie met mekaar versoen kan word nie.

Mekaar ken

Dit is vanselfsprekend dat daar alleen liefde kan bestaan as die een die ander ken en ook góéd ken. Hierdie kennis moet op die hele mens, die hele persoon betrekking hê. Ek moet hom of haar liggaamlik en geestelik ken:

liggaamlik nie in die sin van ongeoorloofde intimiteit nie, maar as 'n persoon met 'n bepaalde liggaamsbou, met 'n sekere gesig en kenmerkende gelaatstrekke soos hy of sy normaalweg in die openbaar verskyn;

geestelik as 'n persoon met sekere karaktertrekke, gewoontes, oortuigings, verlangens, ens.⁴

Die normale liefde tussen 'n jongman en 'n meisie voor die huwelik en tussen man en vrou in die huwelik sluit die seksuele aangetrokkenheid tot mekaar nie uit nie, maar hulle weet dat dit rein bewaar moet word *tot* die huwelik, en *in* die huwelik moet dit nie misbruik word of ongebruik gelaat word nie maar in belang van mekaar en as 'n beskerming teen ontug reg gebruik word.⁵

Tereg verklaar prof. W. J. de Klerk: "Seksualiteit is wesenlik 'n liefdesgrootheid en liefdesfunksie.

Daarom is seksualiteit alleen suiwer en sinvol as dit voldoen aan al die vereistes van die liefde, naamlik dit moet geskied binne 'n liefdesverhouding, dit moet gebou wees op vertroue, selfverloëning, aanvaarding, liefdevolle ontferming, ens.

Die liefde as fundering en bestemming van die seksuele gee nie 'n getemperde of gebluste seksualiteit wat minder intens is nie. Deur die liefde word die seks nie minder nie, maar *anders* — dit word 'n verhouding van liefdesbetrokkenheid. Die gemeenskap van die liefde is dan die sin van die seksualiteit.

As iets gebruik word waarvoor dit nie bedoel is nie, tree slytasie en wanorde in. Alles moet funksioneer volgens sy eie wet anders bedreig dit die fundering. Waar dit nie in ag geneem word nie, word seksualiteit van sy basis, sy doel en funksie berowe. Verhoudinge, selfrespek, psigiese balans, lewensvreugde en gewetensrus word vernietig. Seks sonder liefde vernietig ook geleidelik die seksualiteit self. Die prostituut het geen seksuele beleving meer nie — selfs die onderste vlak van die seksualiteit, die lus, vergaan as die liefdeswet nie eerbiedig word nie".⁶

Bogenoemde gedagtes word ook baie sterk beklemtoon deur dr. Huntemann as hy sê:

⁴ Vgl. Jill Jankowitz: *A Virgin's Dilemma*, in: *Personality*, 13 Augustus 1970, bl. 67: "Mature love is based on a realistic appraisal and deep valuing of the other person"; B. Rietveld: *Christelike levensstijl*, Kampen, 1968, bl. 70: "Het diepe geluk is niet gelegen in het blauwe oog, het blonde haar, niet in de manier van bewegen of het figuur, maar in het hart, het trouwe hart, waar je zeker van kan zijn. En waar je dat hart hebt gevonden, daar is het blauwe oog pas blauw en het blonde haar pas blond! Daar krijgt je begrip voor die verrukking van het Hooglied".

⁵ Vgl. 1 Kor. 7.

⁶ W. J. de Klerk: *Gesprek oor seksualiteit*, bl. 109, 110.

Seksualiteit is nou eenmaal nie iets wat tot 'n blote gebruiksartikel verlaag kan word nie, maar dit is die diepste gemeenskap wat daar in elke opsig tussen twee mense kan bestaan ... As seksualiteit tot 'n blote gebruiksartikel verlaag word en nie deel uitmaak van die persoonlike verhouding van mens tot mens nie, leef die mens aan sy eie godgegewe menslike natuur verby. Op hierdie manier sal hy nooit gelukkig word nie maar ten slotte heen en weer geslinger word tussen begeerte en walging. Na die seksuele daad, wat dan slegs 'n aangeleentheid van die liggaam is en waarin die ander persoon hom of haar nie persoonlik gegee het nie, sal 'n yskoue, gapende leegte ontstaan wat hom daaraan herinner dat hy sy doel gemis het. Seksualiteit is dus nie 'n saak net van die liggaam nie. Wie na 'n geslagtelike ontmoeting verlang, wil in die grond van die saak — of hy dit nou erken of nie — veel meer hê as 'n blote gemeenskap van die liggaam ... As man en vrou mekaar liefhet, belewe hulle juis ná die geslagtelike vereniging die diepste menslike en geestelike gemeenskap. Waar daar werklike liefde is, daar verlang dit ook na 'n definitiewe binding, daar sal hierdie liefde ook "vlees word", daar sal dit sy liggaamlike uiting vind. 'n Liggaamlike saamwees sonder liefde ontaard in 'n blote tegniek van die liefde wat homself uiteindelik verteer en die liggaamlike ontmoeting uit afkeer of walging onmoontlik maak.⁷

In ons tyd beleef ons egter die tragedie dat die seksuele enersyds van die liefde losgemaak word en beskou word as iets op homself, andersyds word die liefde weer sodanig met die seksuele vereenselwig dat voorgegee word dat liefde geheel en al opgaan in seks en in seks sy enigste werklike vervulling vind. Hier het ons dus te doen met 'n praktyk waarin die seksuele op 'n sondige wyse totaal oorbeklemtoon en verkeerd beklemtoon en uit verband geruk word. Die seksuele word in 'n vernugterde sfeer geplaas. Dit word losgemaak van godsdienst, sedelikheid, romantiek, liefde, ens. om as blote fisiese lus-kontak gehandhaaf te word. Dit word geklassifiseer as ontspanning. Daarom is dit 'n genotspel wat soos 'n terloopse versnapering geniet moet word.⁸

Hierdie perverse lewenshouding wil ons hier ter onderskeiding van die goeie, normale en mooi seksuele lewe 'n *seksualisme* noem.

Die verskil tussen ware liefde en seksualisme kan ons dus kortweg soos volg aandui:

Liefde is die verlange na die ander persoon as volle mens met liggaam en gees.

Seksualisme is die verlange slegs na die ander persoon se liggaam ter bevrediging van die eie seksuele begeertes.

Uit die voorgaande is dit duidelik dat dit 'n verskriklike wanvoorstelling sou wees as liefde met seks gelyk gestel of daarmee geïdentifiseer word. Dit word ongelukkig in ons tyd wel gedoen. Daar word trouens nog verder gegaan: liefde word selfs met seksualisme gelykgestel. Dit geskied, soos reeds aangedui, veral in die openbare bioskoop, in goedkoop slapbandboeke, suggestiewe liedjies wat gesing word op die maat van uit-die-oerwoud musiek, ens.

Dat die jongman en die meisie by wie die liefde vir mekaar ontwaak en begin groei daardeur heeltemal mislei en op 'n droewige dwaalspoor gebring word, is vanselfsprekend. As hulle die bose weg betree wat so aan hulle voorgeskilder word, moet hulle vanselfsprekend een of ander tyd voor of na die huwelik tot die ontdekking of eintlik ontugnugtering kom dat hulle verhouding leeg is, dat hulle vir mekaar vreemd is en dat daar in werklikheid niks is wat hulle aan mekaar bind nie.

⁷ G. H. Huntemann: *Seksualiteit*, bl. 37, 38.

⁸ W. J. de Klerk: *Gesprek oor seksualiteit*, bl. 106; Erich Fromm vestig in sy boek: *The Art of Loving*, die aandag daarop "*that sexual desire is often mistaken for love and is frequently motivated by other neurotic needs, such as fear of being lonely (not getting married), the wish to conquer or to be conquered and vanity*". Aangehaal deur Jill Jankowitz: *A Virgin's Dilemma*, in: *Personality*, 13-8-1970, bl. 67. Vgl. ook J. Huizinga: a.w., bl. 93. J. Rinzema: *Man en vrouw schiep Hij hen*, Aalten, 1964. Hy praat in hierdie verband van "een verzakelijking der seksualiteit" (bl. 27, 28).

Hoe baie jongmense is nie al op hierdie wyse mislei nie

Hoe lank sal ons toelaat dat die bedrog aan ontluikende lewens verkoop word.

Ons moet alles in ons vermoë doen om dit in ons tyd aan almal, maar in besonder aan ons jongmense, baie duidelik te stel: *ware liefde is meer, baie, baie meer as net seks!*

HOOFSTUK V

DIE BYBEL EN SEKSUELE VREUGDE

DAT 'n jongman en 'n meisie wat mekaar liefhet ook seksueel tot mekaar aangetrokke voel, is op sigself nie verkeerd nie — mits hierdie aangetrokkenheid met die nodige selfbeheersing bewaar, oorkoepel en in die regte bane gelei word om eers in die huwelik daaraan uiting te gee. Daarom hoef die jongman en meisie nie skaam te wees vir hierdie seksuele aangetrokkenheid tot mekaar nie. Andersyds moet met gebed, selfbeheersing en stryd teen die sonde steeds 'n wakende oog daarvoor gehou word.

Iemand stel dit korrek soos volg: Die sonde is nie geleë in die seksuele of in die liggaam as sodanig nie. Die sonde is geestelik van aard, ook wanneer die liggaam die sonde voltrek en uitvoer. Sondige seksualiteit is seksualiteit waarin daar geen plek is vir waaragtige liefde tot God en tot die naaste nie.¹

Dit is ook hoe God volgens sy Woord wil dat ons die seksuele sal betrag.

Soms word valslik voorgegee dat die Bybel op 'n preutse wyse en in 'n skamerige, geheimsinnige taal oor die seksuele omgang en veral oor die seksuele genot spreek. Niks is egter verder van die waarheid nie. Trouens, juis die *openlikheid en gemak* waarmee die Bybel oor die seksuele lewe spreek, is so besonder treffend. Ons tref in die Bybel geen sweempie van 'n bakvisagtige giggelrigheid in hierdie verband aan nie. Heel rustig en kalm word daarvoor gespreek asof dit die allergewoonste saak ter wêreld is, wat dit inderdaad ook is, natuurlik met die voorbehoud dat dit geskied op die plek en wyse wat God daarvoor bepaal het, naamlik binne die huwelik.

Aan die ander kant is dit net so opvallend dat 'n mens in verband met die seksuele 'n *treffende terughoudendheid* in die Bybel kry wat jou laat voel dat jy in die seksuele lewe altyd met 'n *paslike privaatheid* te doen het.² Daarom word daar wel openlik oor die seksuele gepraat maar nóóit op so 'n wyse dat al die seksuele intimiteite tot in die fynste besonderhede weergegee word nie — dit wat sekere moderne, sensasiebeluste dagblaaie en ander geskrifte tog so graag doen.³

Let maar op die volgende uitsprake om sowel die *gemaklike openheid as die paslike terughoudendheid* in die Bybelse beskrywing van die seksuele lewe en seksuele genot *binne die huwelik* te sien:

As Boas vir Rut as sy vrou geneem het, word verklaar:

"So het Boas Rut dan geneem, en sy het sy vrou geword; en hy het by haar ingegaan, en die Here het vir haar swangerskap gegee, en sy het 'n

¹ J. Overduin: a.w., 10 Mei.

² Vgl. W. J. de Klerk: *Gesprek oor seksualiteit*, bl. 105: "Dit is wesenlik van alle seksualiteit dat dit *privaat* is. In al ons gesprekke oor die seksuele moet hierdie wesensaard van privaatheid eerbiedig word". Vgl. ook J. H. Kroeze: *Bybel en seks*, Braamfontein (Johannesburg), 1970. Oor seks in die Ou Testament sê hy: "Oor die seksuele lewe van die mens word gespreek as iets wat heeltemal gewoon en natuurlik is, sonder skugterheid, sonder prikkeling, sonder opgewondenheid, sonder veragting, sonder oordrywing na enige kant. Dit is 'n gewone lewensuiting" (bl. 96). Oor seks in die Nuwe Testament sê hy: "Ook in die Nuwe Testament word die seksuele lewe erken as 'n skepping van God. Dit blyk uit die woorde van Jesus sowel as van Paulus. Altwee beperk hierdie skeppingsgawe binne die grense van die huwelik" (bl. 98). Die konklusie waartoe hy uiteindelik kom, formuleer hy so: "Die lesse uit die Skrif is verhelderend en verruimend vir 'n enge en gestremde benadering van seks soos dit vandag soms nog aangetref word. Maar hulle bevat ook afbakening en betueling van nuwere opvattinge en gedraginge wat die gevolg is van 'n losraak, van 'n loswringing uit die beklemming van ouer beskouings. Die verruiming vloei allereers daaruit voort dat die Skrif seks beskou as iets wat tot die natuurlike lewe behoort. Daarom word dit in reguit — *maar nooit prikkelende* — bewoording bespreek" (bo. 166).

³ Vgl. G. H. Huntemann: a.w., bl. 39; B. J. de Klerk in: *Die selfmoord van 'n nasie*, bl. 84; C. G. Scorer: a.w., bl. 39.

seun gebaar". (Rut 4:13).

Nadat die Spreuke-digter die jongman gewaarsku het teen die slegte en ontugtige vrou, sê hy van die jongman se eie vrou aan hom:

"Mag jou fontein geseënd wees, en verheug jou oor die vrou van jou jeug – die lieflike wildsbokkie en aanvallige steenbokkie; laat haar boesem jou altyd vermaak, mag jy in haar liefde gedurig bedwelmd wees" (Spr. 5:18, 19).

Direk daarna waarsku hy die jongman vragenderwys:

"Maar waarom sou jy, my seun, by 'n vreemde bedwelmd raak en die boesem van 'n ontugtige omhels?" (Spr. 5:20).

Van die Prediker hoor ons die volgende:

"Geniet die lewe met die vrou wat jy liefhet, al die dae van jou nietige lewe wat Hy (die Here) jou gegee het onder die son" (Pred. 9:9).

Die hele boek Hooglied is 'n treffende bevestiging van bogenoemde twee aspekte van die seksuele lewe. Wat ons in hierdie Bybelboek beskrywe vind, word deur 'n Engelse skrywer mooi soos volg gestel: "It is an intimate picture of the two searching after each other, desiring to be together, dominated by a sense of urgency yet hesitant, intense in sympathy yet pensive and at times smitten with uncertainty, possessive yet shy of possession".⁴

Sonder enige skaamte word in Hooglied ook in digterlike taal van mekaar se fisieke skoonheid gespreek.

Die *bruid* sê:

"My beminde is vir my 'n bossie mirre wat tussen my borste rus" (Hooglied 1:13).

Die *bruidegom* sê:

"U twee borste is soos twee lammers, tweeling van 'n gemsbok, wat onder die lelies wei" (Hooglied 4:5).

Die betekenis van seksuele omgang, veral tussen paartjies wat pas getroud is, is selfs sodanig in ag geneem dat die Here deur Moses aan Israel die volgende voorskrif gegee het:

"As 'n man pas getroud is, hoef hy nie op kommando uit te trek nie, en hulle moet hom in geen enkele opsig iets oplê nie; een jaar lank moet hy vry wees vir sy huis en aan die vrou wat hy geneem het, vreugde verskaf" (Deut. 24:5).

Natuurlik sal so 'n bepaling nutteloos wees vir mense wat voor die huwelik al soos getroudes lewe. Vir hulle bring die huwelik eintlik niks nuuts nie. Hulle voel heel dikwels baie gou teleurgesteld met die huwelikslewe — 'n teleurstelling wat reeds spreek van die begin van God se straf op hulle sonde.

Uit die voorgaande kan duidelik gemerk word dat die Bybel *openlik* oor die seksuele lewe en seksuele genot spreek en tog ook weer 'n *paslike terughoudendheid* openbaar oor sake wat God bestem het as iets vir die private lewe van man en vrou.

In alle bespreking en beskrywing van die seksuele moet ons as Christene hierdie twee aspekte duidelik en doelgerig in ag neem.

⁴ C. G. Scorer: a.w., bl. 21, 22.

HOOFSTUK VI

SEKSUELE ONGANG VOOR DIE HUWELIK — GOD VERBIED DIT

VOLGENS die Bybel behoort geslagsgemeenskap net binne die huwelik plaas te vind. Dit is dan ook besonder treffend dat een van die woorde wat dikwels in die Bybel gebruik word om geslagsgemeenskap aan te dui, verwant is aan die woord *ken*. In ons huidige Afrikaanse vertaling word dit wel vertaal met die woord *beken*, byvoorbeeld: "En Kain het sy vrou *beken* en sy het swanger geword en Henog gebaar" (Gen. 4:17). Dit kon egter ook vertaal gewees het: "En Kain het sy vrou *geken*..." In die Engelse Bybel is dit inderdaad so vertaal: "And Cain *knew* his wife ..." Daaruit kan ons aflei dat geslagsgemeenskap alleen bedoel is vir hulle wat mekaar waarlik *in die huwelik leer ken het* soos twee persone mekaar op geen ander wyse leer ken nie en mekaar verder as godgewe eggenote *erken*.

Daar is egter mense in ons tyd wat beweer dat seksuele omgang buite die huwelik nie uitdruklik in die Bybel verbied word nie en dat dit derhalwe nie bestem is om slegs binne die huwelik plaas te vind nie.¹ Daarom is dit nodig om die onwaarheid van hierdie bewerings uit die Woord van God aan te dui.

Na die skepping van die eerste vrou word verklaar:

"Daarom sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees" (Gen. 2:24).

Toe die Fariseërs by Christus navraag gedoen het of egskeidings geoorloof is of nie, het Christus hulle met verwysing na genoemde woorde uit Genesis soos volg geantwoord:

"Het julle nie gelees dat Hy wat hulle gemaak het, hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie, en gesê het: Om hierdie rede sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees wees, sodat hulle nie meer twee is nie maar een vlees? Wat god dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie" (Matt. 19:4-6).

As Paulus later aan die Korinthiërs skryf en hulle vermaan om hulle te onthou van alle hoerery, dan verwys hy ook na die betrokke woorde in Genesis en sê:

"Of weet julle nie dat hy wat 'n hoer aanhang, met haar een liggaam is nie? Want die twee, sê Hy, sal een vlees wees" (1 Kor. 6:16).

Oor die gedrag en verhouding tussen man en vrou *binne* die huwelik, skryf Paulus aan die Efesiërs en sluit in sy uiteensetting wêr aan by die woorde uit Genesis as hy sê:

"Daarom moet die man sy vader en moeder verlaat en hulle twee sal een vlees word" (Ef. 5:31).

As ons nou hierdie vier Skrifgedeeltes met mekaar vergelyk volgens die beginsel dat die een gedeelte van die Bybel ons moet help om ander gedeeltes te verstaan en te verklaar, kan ons as logies denkende mense tog tot geen ander konklusie kom nie as die volgende:

Met die uitdrukking "een vlees" word veral seksuele omgang bedoel (1 Kor. 6:16).²

¹ Vgl. Joseph Fletcher: a.w., bl. 134: "Any claim that the Bible requires that sex be expressed solely within marriage is only an inference. There is nothing explicitly forbidding premarital acts".

² Vgl. F. W. Grosheide: *Korte Verklaring der H.S.*, 1 Kor., Kampen, 1954, bl. 79: "Gen. 2:24, bij de schepping van de vrouw, zegt Moses dat de gemeenschap tussen man en vrouw van dien aard is, dat ze maakt, dat de twee tot één vlees worden". F. J. Pop: *De Eerste Brief van Paulus aan de Corinthiërs*, in: *De Prediking van het Nieuwe Testament*, Nijkerk, 1965, bl. 120: "Deze cohabitatie ziet Paulus in het licht van Gen. 2:24: "Want, zegt Hij, die twee zullen tot een vlees zijn". Terecht vat men de geciteerde woorden tegenwoordig op als uitdrukking voor de verbondenheid van man

Hierdie seksuele omgang of "een vlees wees" mag alleen geskied binne die wettige huwelik waarin 'n man en 'n vrou deur God saamgevoeg is (Matt. 19:4–6; 1 Kor. 6:16; Ef. 5:31).³

God wat die huwelik ingestel het, het nou ook aan bepaalde instansies soos die kerk en die owerheid die mag en bevoegdheid verleen om 'n man en vrou vanuit 'n *ongetroude staat* in te lei in die staat van *getroud wees*.⁴

Ons bereidheid en begeerte om in die huwelik te tree en ons voorneme en wens om lewenslank aan mekaar getrou te bly, moet derhalwe voor God afgelê word *en dit is Hy wat dan deur bepaalde handeling die verloofdes in die huwelikstaat stel*.⁵

Hoewel die *wyse* van huweliksbevestiging van tyd tot tyd en van plek tot plek verskil, bly dit tog die *amptelike plegtigheid* waardeur God die voorregte en verpligtinge van die huwelik aan ons verleen. *Dit impliseer dat ons geen aanspraak kan maak op hierdie voorregte en verpligtinge van die huwelik voordat God dit nie amptelik aan ons verleen het deur die instansies wat Hy daargestel het nie*.

Seksuele omgang buite die huwelik word in die Woord van God pertinent hoerery genoem en ten strengste verbied (Deut. 22:20, 21).⁶

Hoerery (in letterlike sin) kan dus op grond van die Woord van God soos volg gedefinieer word:

Dit is alle seksuele of geslagtelike omgang en gemeenskap *buite die huwelik*, dit wil sê, *voor* die huweliksbevestiging plaasvind, of as dit *ná* die huweliksbevestiging plaasvind met 'n *ander* man of vrou as die een waarmee jy getroud is.⁷

en vrou in hun totale aardse existentie. Doch dat neemt niet weg, dat het "tot één vlees zijn" ook en veral in de coitus verwerkelyk word". Vgl. ook G. Brillenburgh Wurth: *Het Christelĳk leven in huwelĳk en huisgezin*, Kampen, 1951, bl. 67–70.

³ Vgl. Th. Delleman: a.w., bl. 25. J. Rinzema: a.w., bl. 55, 56; J. H. Kroeze: *Bybel en seks*, bl. 144: "Die liefde en die genietinge van die liefde word hoog geroem en op milde wyse gegun, maar met die beminde wat jóúne is, met die vrou van jou jeug".

⁴ Vgl. Romeine 13. R. Schippers: *De Gereformeerde Zede*, Kampen, 1955, bl. 159, 160: "Het samenbrengen van man en vrouw tot in de bruidsnacht geschiedt als met de hand van God. En daar gebruikt de Here God nu mensen voor. Dragere van een ambt, die de leidingen Gods in het leven van jonge mensen erkennen en met hun toestemming tot het huwelĳk deze leidingen Gods belijden... In onze cultuursituatie is alleen de met de staatsmacht beklede overheid in staat te doen, wat hier gedaan moet worden... Ook het verlangen naar erkenning van deze orde — welke niet opgaat in een regeling van de juridische voorwaarden en gevolgen van het huwelĳk; een regeling, die immers ook achteraf nog altijd mogelijk is, al kan zij op zichzelf niet tijdig genoeg plaats hebben — naar een aanvaarding door de huwendere van elkaar als uit de hand van God, in het publiek, ook voor de mensen beleden, heeft geiegen achter de ernst, die de kerk altijd maakte met de afwijzing van het voorechtelĳk geslachtsverkeer en achter heel de bedrijvigheid van het kerkrecht, dat hier een christelĳke zede schiep en trachtte in stand te houden".

⁵ Th. Delleman: a.w., bl. 125, 126; C. G. Scorer: a.w., bl. 30, 31.

⁶ Vgl. G. H. Huntemann: *Seksualiteit*, bl. 35. J. H. Kroeze: *Bybel en seks*, bl. 97, 98: "Die Ou Testament wil die seksuele lewe hou binne die perke van die huwelĳk en straf oortreding met die dood. . Ook in die Nuwe Testament word die seksuele lewe erken as 'n skepping van God. Dit blyk uit die woorde van Jesus sowel as van Paulus. Altwee beperk hierdie skeppingsgawe binne die grense van die huwelĳk".

⁷ Omdat alle geslagsomgang buite die werklike huwelĳk in die Skrif hoerery genoem word en uitdruklik deur God verbied word, kan ons ook nie Vance Packard se aanbeveling van 'n *twee jaar proefhuwelĳk* voor die werklike huwelĳk vir die bekamping van die huidige seksuele verwildering en die verkryging van ware huwelĳksvreugde aanvaar nie — hoewel Packard self nie van 'n "proefhuwelĳk" wil praat nie maar die twee jaar beskou as 'n "aanpassingsperiode". Hierdie onskriftuurlike "oplossing" van die hedendaagse seksuele perversiteit lui in sy eie woorde soos volg: "My own conclusion is that the first 2 years of marriage — which are the hardest — should be viewed by society as a confirmation period. At the end of the 2-year period, the marriage papers would become final and the couple would be awarded a certificate of confirmation if they want to

Dat hoerery ten strengste deur God verbied word, blyk baie duidelik uit die volgende uitsprake in die Woord van God:

Deut. 22:20-24: "As hierdie woord waarheid is: Die maagdom is aan die dogter nie gevind nie — dan moet hulle die dogter na die deur van haar vader se huis uitbring en die manne van haar stad *moet haar stenig* dat sy sterwe, omdat sy 'n skanddaad in Israel begaan het deur in die huis van haar vader te hoereer.

As 'n man betrap word terwyl hy met 'n getroude vrou gemeenskap het, *moet hulle altwee sterwe*: die man wat met die vrou gemeenskap gehad het en die vrou. So moet jy dan die kwaad uit Israel uitroei.

As 'n dogter, 'n jongmeisie, aan 'n man verloof is, en iemand kry haar in die stad en hou met haar gemeenskap, dan moet julle hulle twee na die poort van die stad uitbring en *hulle stenig dat hulle sterwe*; die dogter, omdat sy in die stad nie geskreeu het nie, en die man, omdat hy die vrou van sy naaste onteer het. So moet jy die kwaad uit jou midde uitroei".

Spreuke 6:32: "Hy wat owerspel pleeg, is sonder verstand; hy wat sy eie lewe wil verwoes, hy doen so iets".

1 Kor. 6:10: "Geen hoereerder sal die koninkryk van God beërwe nie".

1 Kor. 6:13-20: "Die liggaam is nie vir hoerery nie, maar vir die Here ... Weet julle nie dat julle liggame lede van Christus is nie? *Sal ek aan die lede van Christus neem en dit lede. van 'n hoer maak?*

Nee, stellig nie. Of weet julle nie dat hy wat 'n hoer aanhang met haar een liggaam is nie? Want die twee, sê Hy, sal een vlees wees ...

Vlug vir die hoerery. Enige sonde wat 'n mens doen, is buite die liggaam, maar wie hoerery bedryf, sondig teen sy eie liggaam. Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julleself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort".

Efesiërs 5:3, 5: "Maar hoerery en allerhande onreinheid of hebsug moet onder julle selfs nie genoem word nie, soos dit die heiliges betaam... Want dit moet julle weet dat geen hoereerder of onreine . . . 'n erfdeel het in die koninkryk van Christus en van God nie".

Hebr. 13:4: "God sal hoereerders en egbrekers oordeel".

Openb. 21:8: "Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en *hoereerders* en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars — hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood".

Uit hierdie uitsprake is dit duidelik dat hoerery ten strengste deur God verbied word. Die ewige oordeel van God wag op diegene wat daarin volhard.

Op grond van bogenoemde uiteensetting kan ons derhalwe met volle instemming saam met G. H. Huntemann verklaar: Onrus ontstaan altyd daar waar die mens sondig teen

continue the marriage. If, however, at the end of the 2-year period approaches, one or both of them wish to dissolve the marriage, it can be done by a formal request for the dissolution by one or both parties 2 months before the confirmation period is up. No dissolution would be permitted until this 2-year period is completed, without specific proof of extraordinary hardship" (a.w., bl. 466). Vir kritiek op hierdie siening van 'n *proefhuwelik* van Packard sien P. J. F. Dupuis en R. van der Mast: *Met open ogen het huwelik in*, 's-Gravenhage, 1961, bl. 29: "Daarom is een verlovings niet een soort huwelijk, een proefhuwelijk bijvoorbeeld, want een huwelijk kun je niet proberen, dan is het nu net geen huwelijk meer. Een huwelijk rust immers op een uiteindelijke beslissing".

die orde wat God daar gestel het... Seksuele omgang voor die huwelik is teen die bestemming en daarmee teen die natuur van die mens. Seksualiteit op proef bestaan nie. Sonder liefde loop seksuele omgang uit op walging.⁸

Op die pad van seksuele omgang buite die huwelik kom ons dus geen enkele groen of selfs geel lig teë nie maar net groot en duidelike rooi ligte.

⁸ G. H. Huntemann: *Seksualiteit*, bl. 38. Oor die proefhuwelik, vgl. Th. Bovet: *Nu jongen straks man*, Wageningen, s.j., bl. 45; Irmgard en Gottfried Hoppe: *Ik ben verliefd — wat nu?* Kampen, 1968, bl. 25; *Het huwelik*: Herderlijke schrijven van de Generale Synode der Nederlandse Hervormde Kerk, 's-Gravenhage, 1959, bl. 66; Th. Delleman: a.w., bl. 117; J. Rinzema: a.w., bl. 20; H. C. J. Flemming: *Huweliksvoorligting 2: U verlowing*, Bloemfontein, 1967, bl. 11; P. J. F. Dupuis en R. van der Mast: a.w., bl. 29.

HOOFSTUK VII

AS ONS MEKAAR WERKLIK LIEFHET — WAAROM NIE ?

DIKWELS probeer jongmense voorhuwelikse geslagsgemeenskap verdedig en regverdig deur te verklaar dat hulle mekaar werklik liefhet. Volgens hulle bied hierdie ware liefde aan hulle genoegsame rede om reeds voor die huwelik wel met mekaar seksuele omgang te hê.¹

Ons sou hierdie jongmense wat sodanige opinie huldig kort en bondig kon antwoord deur hulle *enersyds* te verwys na die *vorige hoofstuk* waarin aangetoon is dat God alle seksuele omgang voor die huwelik, ook tussen twee wat mekaar werklik liefhet, uitdruklik verbied, en deur hulle *andersyds* te verwys na die *volgende hoofstuk* waarin aangedui word dat daar aan voorhuwelikse seksuele omgang werklike en groot nadele verbonde is.

Hoewel dit wat in die twee hoofstukke gesê is eintlik voldoende behoort te wees, wil ons hier aanvullend tog nog op enkele belangrike sake die aandag vestig.

1. Is die liefde werklik so eg?

As 'n jongman 'n meisie werklik liefhet, sal hy beslis alles in sy vermoë doen om haar nie seer te maak nie — nie geestelik óf liggaamlik nie. Nou is dit tog 'n bekende feit dat die eerste geslagsgemeenskap in die reël vir die meisie nie slegs liggaamlik nie maar ook geestelik nie aangenaam is nie. Indien die eerste geslagsgemeenskap nou binne die huwelik plaasvind, sal die pyn wat daaraan verbonde is die vrou geensins weerhou om dit te laat plaasvind nie. Sy weet immers dat haar man wat haar liefhet môre en oormôre nog by haar is en haar met sy draende en oorkoepelende liefde sal konsidereer. Geskied die eerste geslagsgemeenskap egter voor die huwelik sodat hulle kort daarna weer uitmekaar gaan, sal dit vir die meisie veral in geestelike opsig meer pynlik wees, want die een wat haar moes bystaan, is nie nou by haar nie. Hierdie wete behoort vir die jongman wat die meisie liefhet genoegsame rede te wees om haar geen leed of pyn aan te doen voor hy in die huwelik by haar kan wees om dit in liefde saam met haar te dra nie.²

¹ Vgl. J. Robert Moskin: a.w., bl. 80. Die standpunt dat daar vrye seksuele omgang voor die huwelik moet wees, is onlangs sterk verdedig deur die Switserse predikant, dr. G. Barczay, en dan doen hy dit boonop met 'n beroep op die Skrif! (A.w., bl. 198, 213—219, ens.). G. Th. Rothuizen dui egter duidelik aan dat Barczay die Skrif verwing en verdraai om aan te pas by sy standpunt (a.w., bl. 176—179). Vgl. verder J. A. T. Robinson: *Eerlijk voor God*, Amsterdam, 1966, bl. 125, 126: "Je kunt bij voorbeeld niet uitgaan van het standpunt dat seksuele relaties voor het huwelijk of echtscheiding op zichzelf verkeerd of zondig zijn... Het enige wat op zich zelf kwaad is, is gebrek aan liefde... Het is betrekkelijk gemakkelijk om aan de jongen die in zijn verhouding tot een meisje vraagt: "Waarom zou ik niet?" te antwoorden: "Omdat het verkeerd is" of "Omdat het zonde is" — en hem dan te veroordelen wanneer hij of zijn hele generatie dit voor kennisgeving aanneemt. Het vraagt veel meer van hem te antwoorden met de vraag: "Houd je van haar?" of: "Hoeveel houd je van haar?" en hem dan te helpen voor zich zelf te beslissen dat wanneer hij dat niet doet of niet heel intens, dan zijn daad immoreel is, of, wanneer hij dat wel doet, dat hij haar dan te veel zal respecteren om haar te gebruiken of zich vrijheden met haar te veroorloven". Vir kritiek op hierdie en dergelike uitlatings van Robinson, vgl. K. Runia: *Religie zonder God?*, Kampen, s.j., bl. 123—128; A. Lunn & G. Lean: *The New Morality*, bl. 80—99; A. Lunn & G. Lean: *The Cult of Softness*, bl. 127—130.

² Vgl. Gustav Wernicke: *Raad vir verliefdes, verloofdes en verhudes*, Bloemfontein, s.j. Op bl. 94 sê hy van pas getroudes: "Die eerste geslagsverkeer is dikwels teleurstellend". Vgl. ook die volgende uit 'n herderlike skrywe van die Hervormde Kerk in Nederland: Die eerste geslagsgemeenskap stel dikwels so teleur dat dit misloop as hierdie teleurstelling nie tydig opgehef kan word in die vreugde van die totale lewensgemeenskap nie. *Het huwelijk*, bl. 68, 69. J. Rinzema: a.w., bl. 20: "Daar komt bij, dat in de begintijd het geslachtelijke verkeer doorgaans niet zo vlot verloopt als de roman-literatuur dit afschildert. Het is in het begin vaak moeilijk, om de juiste weg te vinden".

Dit kom dus daarop neer dat die jongman sy ware liefde teenoor die geliefde meisie juis moet openbaar deur haar te konsidereer en onnodige, ongewenste en ongepaste leed te spaar. Die Here leer ons immers in sy Woord: "Die liefde doen die naaste geen kwaad nie; daarom is die liefde die vervulling van die wet" (Rom. 13:10).

Dit geld ook die kwessie van moontlike swangerskap. Jill Jankowitz, 'n vrouepsigoloog, verklaar in hierdie verband: As 'n meisie haarself seksueel aan 'n jongman gee, geskied dit gewoonlik omdat sy oortuig is dat hy haar liefhet. Dog as 'n jongman 'n meisie werklik liefhet en respekteer, sal hy, al is die moontlikheid dat sy swanger kan raak slegs 0.1%, selfs dan nog deur 'n beheersing en tempering van sy seksuele emosies enige geslagsgemeenskap met haar voorkom om haar die verleentheid van 'n moontlike swangerskap te spaar.³

Dit word ook baie sterk beklemtoon deur Th. Delleman as hy sê: Die eerste swangerskap is 'n uiters ernstige saak vol diep ontroering wat straks kan uitloop op die geboorteproses waarin daar soms om lewe en dood geworstel moet word. Om hierdie swangerskap nou te laat begin in angs en skaamte, is 'n verdriet waarvoor die jongman die meisie wat hy liefhet, moet bewaar.⁴

Genoemde vrouepsigoloog rig veral 'n waarskuwing aan meisies wat geneig is om so gou seksueel toe te gee aan die liefdeswoordjies en liefdesverklarings van aantrekklike en aangename jongmans. Sy sê van so 'n meisie: Sy is oortuig dat hy haar liefhet, want, so dink sy, as hy slegs sy seksuele emosies wou bevredig, kon hy mos enige meisie vir die doel uitgekies het. Met 'n innerlike genoeë wens sy haarself geluk dat hy juis haar uitgekies het. Dit is egter moontlik dat sy in sy oë net sowel *enige* ander meisie kan wees en dat hy tog nie veel vir haar omgee nie. As hy dan sien dat sy 'n besondere toegeneentheid teenoor hom openbaar, pamperlang hy haar slegs om die seksuele bevrediging te kry wat hy graag wil hê.⁵ Op grond van sy "besielde liefdesverklarings" dink sy dat hy haar werklik liefhet, terwyl dit tog nie so is nie.

Jill Jankowitz verklaar verder: Terwyl ek skryf, sien ek in my verbeelding die gesigte van baie pragtige meisies aan wie ek — en dit was vir my 'n vreugde — onderrig kon gee en kon help met hulle geestelike toerusting. Aan hulle het ek gesê en ek wil aan alle ander meisies soos hulle sê: Dit is in julle eie belang om beslis *nee* te sê aan julle vriende en geliefdes as hulle seksuele omgang van julle begeer. Miskien sal dit nie eers nodig wees nie, want die mans is gewoonlik nie gekke wat in die water sal induik voordat hulle die temperatuur daarvan weet nie.⁶ In alle billikheid teenoor jouself en jou geliefde moet jy jouself oefen om jou emosies te dissipleneer om alle voorhuwelikse seksuele omgang weg te rangeer.⁷

Baie meisies het hulle laat vang deur die liefdesverklarings van jongmans, om dan later uit te vind dat hy haar as mens tog nie liefhet nie maar slegs haar liggaam wou hê om sy seksuele begeertes te bevredig.

Baie jongmans is al gevang deur meisies wat hulle juis in die vrugbare periode "oorweldig met hulle liefde" sodat die seksuele omgang bevrugting en swangerskap tot gevolg kan hê en die jongmans dan eintlik geforseer word om met hulle te trou.⁸

³ Jill Jankowitz: a.w., bl. 69.

⁴ Th. Delleman: a.w., bl. 121.

⁵ Jill Jankowitz: a.w., bl. 69.

⁶ Jill Jankowitz: a.w., bl. 70.

⁷ Jill Jankowitz: a.w., bl. 69.

⁸ Vgl. E. M. Duvall: *Waarom wag tot jy getroud is?*, Kaapstad/Pretoria, 1969, bl. 22, 23: "Die gewillige meisie uit 'n laer groep mag ook, bewus of onbewus, toegee met die oog op 'n huwelik. As sy swanger word, rus daar op die jongman 'n morele verpligting; sy beskou hom miskien as 'n voordelige huweliksmaat; omdat 'n huwelik met hom vir haar 'n tree boontoe op die sosiale leer sal wees, doen sy moeite om hom uit te lok. Dis waarskynlik die rede waarom jongmans meermale trou met meisies wat nie hulle gelyke is nie, terwyl meisies gewoonlik trou met iemand uit hulle eie of 'n hoër kring". Sien verder: J. A. B. Liebenberg: *Die ongehude moeder*, in S.A.

Dit is duidelik dat al hierdie gevare en onaangename gevolge vermy kan word deur met die geslagsverkeer te wag tot die huwelik.

2. Slegs in die huwelik is die regte atmosfeer

Die volgende uiteensetting van E. M. Duvall bied nog 'n duidelike rede waarom seksuele omgang slegs in die huwelik moet plaasvind en beslis nie voor die tyd nie.

Sy sê: "Selfs waar 'n paartjie gelukkig getroud is, duur dit 'n hele tyd om 'n seksuele aanpassing uit te werk wat vir albei bevredigend is. Hoe kan 'n voorhuwelikse toetsperiode dan ooit 'n betroubare maatstaf wees om te wys of twee mense vir mekaar geskik is? Dit verg gewoonlik nie alleen tyd nie, maar ook 'n gevoel van bestendigheid, veiligheid en saamhoort om 'n vrou tot volle seksuele ontwaking te bring. 'n Gevoel van getroud wees in die diepste sin van die woord is nodig om seks sy volle betekenis te gee, vir man sowel as vrou".⁹ "Om die seksuele tot genot te maak, vra tydsamheid wat voor die huwelik maar selde beskikbaar is".¹⁰

Dit word ook bevestig deur dr. Gustav Wernicke as hy verklaar: "Geslagsgenot word tog ook bepaal deur ons geestekapasiteit en deur die mate waarin ons by mekaar leer aanpas en mekaar respekteer. Want as daar een voorskrif is, dan is dit die van aanpassing, soos dit ook maar geld van die res van die huwelik. Die geslagslewe is nie 'n aparte vernuf wat jy van buite af in die huwelik kan invoer nie — dis 'n aanpassing aan die behoeftes en gevoelens van die ander en dis heel dikwels 'n opoffering".¹¹

In 'n herderlike skrywe van die Hervormde Kerk van Nederland word dit ook baie sterk beklemtoon as daar verklaar word: Die geslagsgemeenskap is van 'n dergelike intimiteit en so ingrypend dat die hele omgewing en sfeer daarmee in ooreenstemming moet wees. Dit is onmoontlik as daar 'n angs is om ontdek te word en gevrees word vir onaangename gevolge, as dit onder haastige en gejaagde omstandighede moet geskied, ensovoorts.¹²

Darby moet in gedagte gehou word dat ook die seksuele in die huwelik iets moet wees waarna normaalweg as iets besonders uitgesien word. As die geslagsdaad egter voor die huwelik beoefen word, dan is hierdie bykans avontuurlike ervaring uitgeskakel. "Die huwelik is dan van die begin af eentonig en prosaïes en die verwagting op volkome vervulling van die seksbehoefte is teleurgestel".¹³

Uit hierdie uitsprake behoort dit duidelik te wees dat seksuele omgang van so 'n aard is dat dit alleen binne die huwelik behoort te geskied.

3. Die regmaak van misverstande

Dit is niks snaaks dat daar in ons sondige wêreld misverstande tussen mense kom nie. Dit sal ook aangetref word tussen 'n jongman en 'n meisie wat mekaar liefhet — veral as hulle voorhuwelikse seksuele omgang het omdat hierdie omgang emosioneel besonder swaar gelaai is.¹⁴ Die atmosfeer binne die normale huwelik is so dat sulke misverstande redelik maklik met die nodige konsiderasie, selfverloëning en vergewensgesindheid reggestel kan word, terwyl dit soms baie moeilik en dikwels selfs onmoontlik is om dit buite die huwelik weer op te klaar.

Verplegingstydskrif, April 1965, bl. 28; Andries Treurnicht: *Maar eenmaal jonk*, Pretoria 1965, bl. 47; Th. Delleman: a.w., bl. 133; Adolf Allwohn: a.w., bl. 52, 53.

⁹ E. M. Duvall: a.w., bl. 50.

¹⁰ E. M. Duvall: a.w., bl. 43.

¹¹ Gustav Wernicke: a.w., bl. 94.

¹² *Het huwelijk*, bl. 68. Vgl. ook Th. Bovet: *Nu jongen straks man*, bl. 51; Th. Bovet: *Nu meisje straks vrouw*, bl. 34; A. C. Drogendijk: *Man en vrouw voor en in het huwelijk*, Kampen, 1964, bl. 67; H. C. J. Flemming: *Huweliksvoorligting 2*, bl. 13.

¹³ H. C. J. Flemming: *Huweliksvoorligting 2*, bl. 12, 13; Adolf Allwohn: a.w., bl. 54; C. G. Scorer: a.w., bl. 30, 31; Joel H. Nederhood: *Unlocked Wedlock*, bl. 22: "Pre-marital sex is a dishonouring of a person's marriage even before he enters it".

¹⁴ Vgl. E. M. Duvall: a.w., bl. 49.

4. Die geheimhouding

Die noodsaaklikheid van geheimhouding van hulle ongeoorloofde daade bring mee dat die jongman en meisie wat mekaar liefhet tog geen gevoel van veiligheid in hulle verhouding het nie. Hulle moet steeds wegsloop en planne maak om ander te bedrieg en te ontduik. So 'n ongewenste, agteraf ontmoeting is beslis nie bevorderlik vir hulle liefdesverhouding nie en laat hulle voel dat hulle hulleself goedkoop maak en dat hulle besig is om agterbakse mense te word. Dat dit vir hulle persoonlikheidsontwikkeling ook uiters nadelig is, is voor die hand liggend. Dit kan naderhand al hoe moeiliker word om ander mense reguit in die oë te kyk.¹⁵

5. Dit is onmenslik

In seksuele omgang voor die huwelik tree 'n mens die ander party nie tegemoet *as mens* nie maar hy of sy word gebruik bloot as '*n artikel*', en wel as 'n artikel of middel vir die bevrediging van eie luste.

Ons seksualiteit kan nie van ons persoonlikheid geskei word nie. Net soos 'n kind slegs die kind van één man en één vrou is, so kan werklike seksuele gemeenskap slegs tussen één man en één vrou bestaan. Omdat hierdie werklike seksuele gemeenskap, *gemeenskap van mens en mens* is en nie slegs gemeenskap van iets aan of in die mens is nie, kan een persoon die seksuele gemeenskap met 'n ander nie loslaat sonder om hom of haar te verrai nie, dit wil sê, sonder om God se liefdesgebod te minag nie. Daarom is seksuele verkeer onmenslik as dit plaasvind buite die verbintenis waarin die *hele lewe* van man en vrou saamgevoeg word.¹⁶

6. Dit openbaar 'n gebrek aan eerbied vir die moederskap

Seksuele omgang mag nie plaasvind voordat hulle wat mekaar liefhet en belowe om lewenslang aan mekaar getrou te bly, bereid en in staat is om kinders wat deur so 'n omgang verwek kan word, te onderhou en op te voed nie.

Veral die eerste swangerskap is 'n uiters ernstige saak vol diep ontroering. Daarom mag dit nie 'n aanvang hê in vrees en in skaamte en as beide wat daarvoor verantwoordelik is, nog nie gereed is vir die verpligtinge daaraan verbonde nie.

Dit beteken vir die jongman 'n nederlaag van sy liefde en dat sy verantwoordelikheid vir die welsyn van die meisie te kort skiet as hy haar tot vrou maak op 'n tydstip as sy die kroon van moederskap nog nie met vreugde en eer kan dra nie.¹⁷

Uit hierdie enkele sake wat genoem is, behoort dit vir 'n jongman en 'n meisie duidelik te wees dat liefde vir mekaar nie genoegsame rede is vir voorhuwelikse seksuele omgang nie — veral nie as 'n mens weet dat jy boonop nog sondig deur te doen wat God uitdruklik verbied nie (vgl. vorige hoofstuk) en dat daar ook ernstige nadele aan verbonde is nie (vgl. volgende hoofstuk).

¹⁵ Arthur Unger en Carmel Berman: *Over jongens gesproken*. New York, 1963, bl. 148: "Angst, heimelijkheid, schuldbesef vormen weinig romantische omstandigheden en bederven volkomen het genot van de seksuele bevrediging". J. Rinzema: a.w., bl. 57.

¹⁶ Th. Delleman: a.w., bl. 117, 118, 121, 122. Vgl. by hierdie en die volgende beswaar ook F. J. J. Buytendijk: *De vrouw — haar natuur, verschijning en bestaan*, Antwerpen, 1962, bl. 280: "Het typisch vrouwelijke bestaan vervult zich eerst in zijn menselijkheid en in de moederlijkheid"; J. Rinsema: a.w., bl. 21: "Maar wanneer de jongen aandringt op voorechtelijk sexueel verkeer dan dient hij te begrijpen wat hij het meisje aandoet. Het meisje geeft in de sexuele gemeenschap niet alleen maar een onderdeel van haar vrije tijdsbesteding; zij geeft in dit alles *zichzelf*. En wanneer het meisje de sexuele gemeenschap moet uitoefenen als iets "vrijblijvends", dan pleegt zij verraad aan de diepste gevoelens, welke er schuil gaan in haar zieleven". Adolf Allwohn: a.w., bl. 53: "De jonge man accepteert de partner niet in haar totaliteit, maar alleen als een seksueel wezen... Hier hebben wij te maken met het verschijnsel van de splitsing van de geslachtsdrijf en liefde". 17 Th. Delleman: a.w., bl. 121, 122; A. C. Drogendijk: a.w., bl. 67.

¹⁷ Th. Delleman: a.w., bl. 121; A.C. Drogendijk: a.w., bl 67.

HOOFSTUK VIII

NADELE EN ONAANGENAME GEVOLGE

SEKSUELE omgang voor die huwelik het in verskeie opsigte nadelige en onaangename gevolge en heel dikwels is die gevolge selfs bitter met baie smart en verdriet.

Op enkele van die gevolge wil ons hier die aandag vestig.

1. Nadele vir die huwelik

1.1 Leer mekaar nie behoorlik ken nie:

Sielkundiges en psigiaters is dit oor die algemeen met mekaar eens dat die verhouding tussen 'n jongman en 'n meisie geestelik skade ly sodra die liggaamlike of fisiese kontak te gou en buite verhouding toeneem. Die rede daarvoor is dat die dryfkrag na 'n steeds meerdere fisiese kontak in die normale (maar natuurlik sondige) mens en veral jongmens so sterk is dat dit die meer delikate en sensitiewe deel van 'n persoonlike kennismaking verdring en in die weg staan. As toegegee word aan die sterk fisiese drange het dit gewoonlik tot gevolg dat die innerlike (geestelike) sensitiwiteit en fyngvoeligheid wat nodig is om mekaar behoorlik te kan ken, te kan verstaan, te kan konsidereer en te kan waardeer, heeltemal op die agtergrond geskuif word — terwyl dit juis hierdie sake is wat so nodig is as basis vir 'n gelukkige huwelikslewe. Liggaamlik groei hulle dan steeds nader na mekaar toe, en indien hulle seksuele omgang het voor die huwelik, word die intiemste moontlike fisiese kontak bereik — en dit terwyl hulle geestelik miskien nog baie ver van mekaar af staan en mekaar nog nie eers behoorlik gevind het nie. En as daar eers eenmaal seksuele omgang voor die huwelik was, kan die verhouding eintlik nooit meer wees soos tevore nie. Dan kan die normale geestelike groei na mekaar toe ook nie geskied soos dit moet nie. As hulle by mekaar kom, sal die neiging dan steeds wees om maar net weer by die intiemste liggaamlike kontak in seksuele omgang uit te kom.¹

Die feit dat 'n jongman en 'n meisie deur voorhuwelikse seksuele omgang verhinder word om geestelik na mekaar toe te groei, word ook duidelik beklemtoon deur dr. Evelyn Duvall as sy sê: "Sommige mense dink dat die geslagsgemeenskap hulle sal help om mekaar beter te leer ken en lief te hê. Maar die teenoorgestelde is waar. As die geslagsgemeenskap ryk en sinvol moet wees, moet die man en vrou reeds vantevore 'n innige geneentheid vir mekaar gehad en mekaar begryp het. Geslagsgemeenskap self maak dit nie makliker vir mense om mekaar te verstaan en verbonde te voel nie. Baie paartjies het al gevind dat hulle, nadat hulle met geslagsgemeenskap begin het, mekaar glad nie meer as mens tot mens kon vind nie".²

As hulle dan tog in die huwelik tree, vind hulle na 'n kort rukkie uit dat hulle mekaar as persone, elk met sy of haar eie innerlike, persoonlike hoedanighede en karaktertrekke nog nie werklik ken nie. Dit maak die aanpassing in die huwelik soveel moeiliker en loop

¹ Vgl. in hierdie verband die volgende vergelyking van ds. H. C. J. Flemming: "By liefkosing moet altyd besef word dat die liggaam wat sigbaar en so bekoorlik is maar 'n klein deeltjie is van die persoonlikheid wat onsigbaar is. Soos die sigbare spits van 'n ysberg 'n baie klein gedeelte is van die massiewe onsigbare onder die see, is die liggaam van die mens maar 'n klein deeltjie van die hele persoonlikheid met sy onsigbare gevoelens, emosies, verwagtings, begeertes, drome en ideale. Die liggaamsdrange moet beheer word om in lyn te wees met die moraal en ideale van die onsigbare persoonlikheid". *Huweliksvoorligting 1*, bl. 12. J. Robert Moskin: *Sweden: The Contraceptive Society*, in: *The Reader's Digest*, Junie 1969, bl. 79: "The survey also proves that once sex activity starts, it tends to continue. The great majority had their second intercourse within five weeks of their first".

² E. M. Duvall: a.w., bl. 40, 41. Vgl. ook G. Cronjé: *Man en vrou en die huwelik*, Kaapstad, 1968, bl. 25: "Die mens is nie 'n blote geslagswese nie, en die huwelikslewe het, behalwe die seksuele aspek, ook ander sye wat nie buite rekening gelaat mag word nie. 'n Huwelik wat na aanleiding van bloot sinlike flirtasie tot stand gekom het, kan om die rede geen bestendige lewensgemeenskap word nie".

dikwels daarop uit dat hulle hoe langer hoe meer van mekaar af weg lewe omdat hulle in werklikheid nog altyd vir mekaar vreemd was.

Daarteenoor kan ons saam met dr. Duvall verklaar: "Onthouding voor die huwelik kan die respek en waardering vir mekaar so versterk dat daar ná die huwelik moontlikheid kan wees vir die volle uitlewing van albei persoonlikhede".³

1.2 Gedwonge huwelike — gedwonge egskeidings:

Nieteenstaande die feit dat voorbehoedmiddels vandag so maklik soos 'n doos sjokolade gekoop kan word, het voorhuwelikse seksuele omgang in duisende gevalle swangerskap tot gevolg. Volgens beskikbare gegewens is die verhouding van vrouens en meisies wat voor die huwelik reeds swanger is, tans soos volg:

Denemarke	1 uit elke 2.
Engeland	1 uit elke 3.
Swede	2 uit elke 5.
V.S.A.	2 uit elke 5. ⁴

Sulke swangerskappe het heel dikwels gedwonge huwelike tot gevolg — huwelike van mense wat soms glad nie bymekaar pas nie en ook nie bymekaar hoort nie. Dit loop feitlik vanselfsprekend uit op egskeidings, met die noodwendige gevolg dat daar kinders is wat geestelik en liggaamlik ontwig en vir die toekoms soms permanent verongeluk word.

Daarby kom nog dat die grootste persentasie voorhuwelikse swangerskappe en gedwonge huwelike plaasvind by persone onder die ouderdom van 21 jaar, met ander woorde, gedurende die tydperk waarin die jongman en die meisie nog nie die rypheid en volwassenheid besit om in die huwelik te tree, bymekaar aan te pas en die verantwoordelikheid van ouerskap op hulle te neem nie.

Na aanleiding van die wetgewing dat die ouderdom waarop dogters sonder die toestemming van die Minister kan trou, verlaag word van sestien na vyftien jaar het prof. J. P. van der Walt van Potchefstroom die volgende verklaar: "Kinders van 15 jaar behoort beslis nie te trou nie, aangesien hulle nog in 'n vroeë stadium van rypwording verkeer. Hulle is dan maar kwalik in die kalwerliefdestadium waarin dit meer om die genot van die oomblik gaan.

'n Groot mate van verantwoordelikheid en 'n stewige liefdesband word in die huwelik vereis en daarom sal sulke huwelike net meer probleme skep, wat 'n onreg aan die volk en vir die jeugdige self is".⁵

Met hierdie verklaring kan ons ten volle saamstem.

'n Amerikaanse regter wat hoofsaaklik met egskeidings en dergelike sake te doen het, het verklaar: Dit is bykans *heeltemal onmoontlik* dat 'n tiener-huwelik kan slaag. Negentig persent daarvan loop op mislukkings uit. Twee mense wat onvolwasse en emosioneel onstabiel is en waarvan die een dikwels nog swanger is, word in 'n gemeenskap ingedwing waar druk op hulle uitgeoefen word wat net so groot is soos die op hulle ouers.⁶ Wat kan 'n mens dan anders verwag as wanaanpassing, smart en verdriet vir die egpaar en hulle kinders?

Statisties is bewys dat vroeë tiener-huwelike 'n baie groter kans het om in die egskeidingshof te eindig as huwelike op 'n later leeftyd. Die egskeidingsyfer is ses maal meer onder diegene wat onder die ouderdom van een-en-twintig in die huwelik tree as by die wat by die geleentheid ouer as een-en-twintig is.⁷

³ E. M. Duvall: a.w., bl. 52, 53.

⁴ Garner Ted Armstrong: *Modern Dating*, Pasadena, California, 1969, bl. 17, 33.

⁵ J. P. van der Walt in: *Die Transvaler*, 18-7-1970.

⁶ G. T. Armstrong: a.w., bl. 21.

⁷ G. T. Armstrong: a.w., bl. 17.

1.3 Dit begunstig ontrou na die huweliksbevestiging:

Voorhuwelikse seksuele omgang het dikwels tot gevolg dat man en vrou binne die huwelik gou by mekaar "uitgekuier" is en by ander persone as die huweliksmat seksuele bevrediging gaan soek. Ds. H. C. J. Flemming stel dit duidelik as hy verklaar: "Dit gebeur dikwels dat die man en die dame wat voor die huwelik geslagsgemeenskap beoefen het, 'n onweerstaanbare drang na buite-egtelike verkeer het wat gevolglik tot ontrou binne die huwelik lei. Wie voor die huwelik onthouding beoefen het, het gewoonlik nie daardie drang nie en is binne die huwelik getrou en gelukkig".⁸

2. Nadele vir die persoonlikheidsontwikkeling

2.1 Leer geen selfbeheersing nie:

'n Baie belangrike saak in die goeie ontwikkeling van 'n mens se karakter en persoonlikheid is die aanleer van selfdissipline en selfbeheersing.⁹

Wie toelaat dat sy gevoel en emosies met hom weghardloop, moet nie verwag om ver in die lewe te kom of om besondere hoogtes te bereik nie. Presies die teenoorgestelde sal gebeur: wat hy die een oomblik opgebou het, word die volgende oomblik afgebreek deur sy onbeheerste emosies.

Selfbeheersing gee aan die mens 'n innerlike krag en adel waardeur hy of sy tot groot betekenis vir die medemens kan wees, baie kan verrig in staat en maatskappy en veral diensbaar kan wees in die koninkryk van God.

Waarom is dit so?

Ons kan hierdie vraag beantwoord deur die mens se krag en emosies te vergelyk met elektrisiteit.

As ons te doen kry met elektrisiteit in 'n onbeheerste vorm soos in 'n weerligstraal kan dit baie skade aanrig. Indien 'n mens die elektrisiteit egter kan beheers, kan dit 'n groot nuttigheidswaarde hê: dit kan motors laat draai, ligte laat brand, koue vertrekke verwarm, ens.

Dieselfde kan ook gesê word van die mens met sy krag en emosies. Wie geen selfbeheersing ken nie, laat toe dat sy of haar geestelike en liggaamlike kragte op moontlike "lekker" maar tog nuttelose en selfs skadelike aksies vermors word. Daarteenoor, wie selfbeheersing aangeleer het en dit beoefen, sal sodanige vermorsing van kragte voorkom en verhoed en die kragte doelbewus lei of stuur in 'n rigting waarin dit 'n positiewe en nuttige betekenis het.

Bowendien moet ons onthou dat selfbeheersing in die Bybel genoem word as een van die vrugte van die Heilige Gees (Gal. 5:22). Dit is dus 'n kenmerk van iemand wat waarlik 'n kind van God is. Teenoor hulle is daar die mense wat geen selfbeheersing ken en beoefen nie maar "volgens hulle eie begeerlikhede wandel" (Judas:18). Hulle word uitdruklik bestempel as "sinnelike mense wat die Gees nie het nie" (Judas:19). As hulle hul nie bekeer nie maar in "ongebondenheid" bly voortlewe, sal hulle die koninkryk van God nie beërwe nie (Gal. 5:19, 21).

Hierdie beginsels en uiteensetting moet nou in besonder in praktyk gebring word om

⁸ H. C. J. Flemming: *Huweliksvoorligting 2*, bl. 12.

⁹ Vgl. W. Melville Capper en H. Morgan Williams: *Voor die huwelik*, Stellenbosch, 1962, bl. 102–114; Sophie Meiring: *Net maar onder ons*, Pretoria, 1968, bl. 32; Th. Delleman: a.w., bl. 129: "Het argument dat seksuele onthouding nadelig zou zijn, moet met kracht worden afgewezen. Het beheersen van het instinctieve leven is nimmer nadelig, wanneer het niet gedwongen maar bewust in de juiste banen geleid word". A. Lunn & G. Lean: *The Cult of Softness*; bl. 159. Hulle haal 'n psigiater aan wat verklaar het: "There is absolutely no body of responsible opinion within the psychiatric branch of the medical profession which subscribes to the thesis that discipline in sex is harmful to the mental equilibrium or productive of neurosis in itself". A. C. Drogendijk: a.w., bl. 69. H. C. J. Flemming: *Huweliksvoorligting 1*, bl. 13, 14. J. Rutgers: *Het geslachtsleven van den man*, Almelo, s.j., bl. 197–232.

voorhuwelikse seksuele omgang te voorkom. Aangesien sodanige omgang deur God verbied is, is dit nog des te meer rede vir 'n jongman en 'n meisie om in hierdie verband selfbeheersing te beoefen. Selfbeheersing sal dan beteken dat ek my nie deur my seksuele hartstogte, luste en drange moet laat meesleep nie, maar daarteen weerstand moet bied, myself moet verloën en moet vra: Here, wat wil U hê moet ek doen?

Daarby kom dan nog dat die paartjie hulle krag wat hulle deur so 'n ongeoorloofde seksuele omgang sou misbruik het, nou op 'n ander wyse tot 'n positiewe persoonlikheidsontwikkeling kan aanwend.

In 'n boek wat aan jongmans gerig is, sê dr. Th. Bovet dat selfbeheersing veral by die jongman aangetref moet word, aangesien sy manlikheid juis in sy selfbeheersing onder hierdie omstandighede geopenbaar moet word.¹⁰ Dieselfde skrywer sê in 'n boek aan meisies dat daar jongmans is wat voorgee dat seksuele onthouding hulle siek maak en dat die meisie om die rede verplig is om hom op die wyse te help. Dit is egter 'n totaal verkeerde opvatting. Elke man kan homself beheers as hy 'n man is, en miskien sal sy gesondheid ook nog daardeur bevorder word.¹¹

Tereg verklaar E. M. Duvall: "Beheersing is 'n deel van die prys wat ons moet betaal vir ons ontwikkeling as mens. Jy bedwing jou vaak sodat jy kan klaar studeer... Jy stel jou sekondervinding uit totdat jy gereed is vir die verantwoordelike werk van gesinsbou. Jy stel jou seksuele ervaring voorlopig uit sodat jy eers as persoon kan ontwikkel op jou pad na volwassenheid ... Dis deur selfbeheersing en deur die aanvaarding van persoonlike verantwoordelikheid dat die mens in sy gees groei... In die mate waarin jy eerlikheid, vryheid, integriteit, lojaliteit en verantwoordelikheid hoogskat, sal in hierdie dinge jou seksuele gedrag bepaal".¹²

Sy voeg verder daaraan toe: "Om geslagsdrange in bedwang te hou, doen geen kwaad aan man of vrou nie, ondanks alle praatjies. .. Inteendeel, dit is 'n kenmerk van goeie gesondheid dat 'n mens jouself kan bedwing. Selfbeheersing sal eerlikwaar nie van jou 'n senuweepasiënt maak nie ... Daar bestaan veel meer gevaar dat jy in 'n neurokliniek sal beland as jy jou op dié gebied heeltemal ongedisiplineerd uitleef en met skuldgevoelens rondloop".¹³

2.2 Versterk mekaar nie geestelik nie:

Tevore is reeds daarop gewys dat 'n jongman en 'n meisie eintlik ophou om geestelik na mekaar toe te groei sodra hulle begin met voorhuwelikse seksuele omgang. As 'n mens die saak uit 'n enigsinde ander hoek beskou, beteken dit dat hulle mekaar nie geestelik opbou, versterk en verryk nie.

In Spreuke 27:17 lees ons die treffende woorde: "Yster slyp yster, so slyp die een mens die persoon van die ander". Daarmee word bedoel dat in sosiale omgang en gesprekke die een die ander beïnvloed en op die wyse geestelik versterk en opbou. (Natuurlik kan die beïnvloeding ook negatief en afbrekend wees, maar vir die doel van hierdie argumente word veral op die positiewe gekonsentreer).

Die geestelike versterking en opbouing kan geskied deur gesprekke oor die godsdienstige, die politiek, die kuns en 'n oneindige aantal ander sake. By wyse van argumentasie kan die een die ander oortuig, of ten minste leer om die standpunt van die ander in te sien en te respekteer en moontlik selfs te waardeer.

Behalwe gesprekke is daar so baie ander dinge van opbouende aard in die godsdienstige, maatskaplike en kulturele lewe wat saam gedoen kan word. Die een kan die ander help in die verrigting van 'n bepaalde taak. Ook op die wyse kan en sal hulle mekaar geestelik versterk.

¹⁰ Th. Bovet: *Nu jongen straks man*, bl. 42, ook bl. 39, 54, 55.

¹¹ Th. Bovet: *Nu meisje straks vrouw*, bl. 54.

¹² E. M. Duvall: a.w., bl. 61, 69.

¹³ E. M. Duvall: a.w., bl. 59.

Die praktyk het egter geleer dat as daar eers toegegee word aan die versoeking van seksuele omgang voor die huwelik, die twee se samekoms en saam wees bewus of onbewus elke keer maar weer beweeg in die rigting. Gevolglik slyp die een nie die persoon van die ander nie. Die geestelike versterking en verryking is in verhouding baie kleiner as wat dit sou wees sonder voorhuwelikse seksuele omgang. Na sodanige omgang verdwyn die geestelike verryking soms heeltemal. Dit kan selfs gebeur dat daar in die teenoorgestelde rigting van geestelike afbraak ten opsigte van mekaar beweeg word.

Die geestelike en liggaamlike energie wat hulle moes gebruik het om mekaar te versterk, vermors en verspil hulle in ongewenste en ongeoorloofde seksuele verhoudings.

3. Nadele vir die meisie in besonder

3.1 Sy maak haar goedkoop:

Of 'n meisie dit nou wil weet of nie, dit is 'n onbetwisbare feit dat sy haar goedkoop maak deur voorhuwelikse seksuele omgang met mans. Sy doen haar vroulikheid daardeur baie skade aan.

In 'n bespreking van hierdie saak maak dr. S. I. McMillen die volgende treffende en baie raak aanmerking:

"Dit alles laat my dink aan 'n reklameteken wat ek eenmaal in 'n winkel gesien het: *Effens gebruik. Prys grootliks verminder*".¹⁴

Die betekenis van die maagdom vir die meisie word deur prof. J. H. Kroeze treffend soos volg gestel: "Maagdom is in die vroue-lewe 'n toestand wat nie bestem is om blywend te wees nie. Gedurende 'n sekere tyd egter is dit 'n kosbaarheid wat met angsvallige sorg bewaar moet word. Die prysgawe daarvan mag nie ligvaardig of gedwonge geskied nie, slegs in blye erns. Maagdom is die grootste aantreklikheid van 'n jong dogter".¹⁵

"Die dame wat meen dat sy die man sal behou deur aan sy onbeheerste emosies toe te gee, sal bedroë uitkom, want hy sal haar later vermy omdat hy sy agting vir haar verloor het".¹⁶

Daarom moet meisies nie verbaas wees as jongmans wat weet dat hulle nie meer maagde is nie, belangstelling in hulle verloor of selfs geen belangstelling toon nie. Hoewel die mans miskien self al voorhuwelikse seksuele omgang gehad het en dus net so skuldig is soos die betrokke meisies, wil hulle hul nie "goedkoop maak" deur met "goedkoop meisies" te trou nie.

Die meisies mag dit valsheid en skynheiligheid noem as hulle wil. Feit is dit: dit is hulle wat uiteindelik die slegste daarvan afkom — soos dit sal blyk uit die volgende punt.

3.2 Mans verloor belangstelling:

Dat 'n man se belangstelling in 'n meisie met wie hy of ander voorhuwelikse omgang gehad het dikwels sterk afneem, is geen vreemde verskynsel nie. "Die man is van nature 'n veroweraar en as die dame dit vir hom te maklik maak deur hom toe te laat wat hy wil, gee dit vir hom nie genoeg avontuur as veroweraar nie, met die gevolg dat hy meestal in haar teleurgestel raak. Wat hy te maklik en goedkoop kry, waardeer hy nie. Hy gaan dan elders waar dit skaarser en duurder is. Hy sal dit ook meer waardeer en langer behou".¹⁷ Daarteenoor het dit "al dikwels gebeur dat 'n man wat 'n verhouding met 'n meisie verbreek omdat sy ongeoorloofde geslagsgemeenskap beslis geweier het, later met groter waardering na haar terugkeer".¹⁸

¹⁴ S. I. McMillen: *Geneen van die siektes nie*, Roodepoort, 1968, bl. 62.

¹⁵ J. H. Kroeze: *Bybel en seks*, bl. 78.

¹⁶ H. C. J. Flemming: *Huweliksvoorligting 1*, bl. 10.

¹⁷ H. C. J. Flemming: *Huweliksvoorligting 1*, bl. 10.

¹⁸ *Ibid.*, bl. 31.

Dat mans heel dikwels belangstelling verloor in die meisie met wie hulle of ander seksuele omgang gehad het, word besonder duidelik aangedui deur sekere uitsprake van dr. Evelyn Duvall. Dit sal seker ook baie goed wees as meisies in gedagte hou dat dit *juis 'n vrou is* wat dit sê.

Dr. Duvall sê: "Soms gee 'n meisie toe voor die liefderyke woorde van 'n seun van wie sy eintlik nie soveel hou, of wat sy selfs nie eens goed ken nie, om net 'n bietjie liefde in haar lewe te kry. Wat by die seun net begeerte is, sien sy aan as daardie liefdevolle belangstelling waarna sy so verlang. Sy gee toe aan sy liefkosings omdat sy so graag wil glo dat iemand van haar kan hou. Die tragedie is dat die seun wat van so 'n meisie misbruik maak, haar gewoonlik nie liefhet of selfs as persoon respekteer nie. Hy neem haar soos hy enige lekker happie sou neem wat hom aangebied word. Naderhand word hy vir haar moeg, en al toevlug wat sy dan het, is die arms van 'n ander man wat haar ewe egoïsties wil uitbuit sonder om vir haar om te gee. Maar so 'n meisie vind nie die liefde wat sy soek nie. Hoe meer sy haarself goedkoop maak, hoe moeiliker sal dit vir haar wees om 'n man te vind wat haar werklik liefhet".¹⁹

Later in die betrokke boek sê dr. Duvall verder: "Die meeste mans wil met maagde trou — soos menige meisie al uitgevind het. Sy het die man lief en sy swig as hy pleit, om dan uit te vind dat sy hom juis daardeur verloor het en moet afgee aan een of ander meisie wat sulke vrypostigheid nie wou toelaat nie".²⁰

Asof sy dit nog nie genoeg beklemtoon het nie, onderstreep dr. Duvall eintlik wat sy reeds in die voorgaande gesê het deur te verklaar: "Daar is ook meisies wat bang is hulle sal hul kêrel verloor as hulle nie toegee nie. Die kêrel wat 'n meisie voor so 'n keuse stel, sal haar uiteindelik tog in die steek laat. Hy stel nie regtig in haar belang nie — net in homself. Die een wat die moeite werd is om te hou, sal by haar bly ook al gee sy nie toe nie".²¹

Hier hoef seker niks bygevoeg te word nie, behalwe dat wat hier deur 'n vrou verklaar is, elke meisie en in die besonder die Christelike meisie, se ernstige aandag, oorweging en besinning verdien.

3.3 Geestelike ontwrigting en skade:

Voorhuwelikse geslagsverkeer het in die reël veral by meisies 'n geestelike ontwrigting en skade tot gevolg.

So word hulle byvoorbeeld bewus of onbewus gefolter deur die angs en vrees vir moontlike swangerskap, ongeag of daar iets gedoen is om dit te voorkom of nie. Per slot van rekening is die meisie die lydende party, want die man (of mans?) kan miskien nog iets doen om sy verantwoordelikheid vir haar swangerskap te ontken of te ontvlug, maar sy kan niks doen nie. Al wat sy moontlik kan doen is om die bose weg van vrugafdrywing (aborsie) te betree — 'n weg wat onchristelik is en 'n sonde teen die sesde gebod, wat, behalwe vir 'n paar uitsonderings, ook deur ons landswette verbied word en wat boonop lewensgevaarlik kan wees, veral omdat dit so dikwels deur ondeskundiges en uitbuiters gedoen word.

Die geestelike ontwrigting en skade hoef egter nie noodwendig net aan 'n vrees vir swangerskap gekoppel te word nie.

Dr. Carl Binger, 'n psigiatryse raadgewer in Amerika, het bevind dat meisies wat te veel van hulle mansvriende verwag, dikwels gekwel word deur 'n gebrek aan geesdrif, lusteloosheid, vermoënis, 'n skynbare behoefte aan ekstra ure slaap, 'n sterk

¹⁹ E. M. Duvall: a.w., bl. 24, 25.

²⁰ E. M. Duvall: a.w., bl. 50; J. H. Kroeze: *Bybel en seks*, bl. 79.

²¹ E. M. Duvall: a.w., bl. 66. Vgl. Th. Delleman: a.w., bl. 133; Th. Bovet: *Nu meisje straks vrouw*, bl. 47, 48: "Het is eigenaardig en misschien ook tegen de eerlijke overtuiging van de man in, maar het meisje verliest meestal spoedig voor hem haar bekoring als ze zich aan geslachtsverkeer buiten het huwelijk overgegeven heeft".

minderwaardigheidsgevoel en, veral, 'n onvermoë om hulle werk klaar te kry. Die meisie wat gemartel word deur die vraag: "Wat gaan van my word?" vind dit moeilik om in die klas aandag te gee.²²

Vanselfsprekend sal dit nie slegs haar studie of werk (veral as besondere konsentrasie nodig is) benadeel nie maar in mindere of meerdere mate 'n aftakeling van die persoonlikheid tot gevolg hê.

Dr. J. Irving Sands van die Neurologiese Instituut van New York verklaar ook in hierdie verband: "My eie ondervinding met baie neurotiese en psigotiese persone ... het my tot die gevolgtrekking gelei dat voorhuwelikse seksuele omgang by die vrou 'n merk laat op die emosionele deel van hulle persoonlikheid. Buitendien is hierdie aktiwiteite 'n bron van emosionele stryd".²³

Daarteenoor voorkom die meisie wat 'n kuise lewe voer nie net bogenoemde geestelike nadele en ontwrigting nie maar ook die las van 'n aanklaende gewete soos so treffend blyk uit die volgende mededeling van dr. Duvall: "Een meisie wat haar nog nie laat ompraat het om die opwinding van voorhuwelikse omgang te beproef nie, het aan haar vader gesê sy wonder soms wat dit is wat haar terughou. Die vader het nagedink en toe geantwoord: Ek dink ek kan jou sê: Jy wag tot jy regtig vry kan wees. Vry van die lastige stemmetjie hierbinne en daardie vae, onrustige gevoel. Vry om jou volkome te kan gee en nie net 'n skrikbevange gedeeltetjie van jouself nie".²⁴

4. Nadele vir die volk of gemeenskap

4.1 Geestelike en liggaamlike verswakking:

Losbandigheid op seksuele gebied is nie slegs baie nadelig vir die betrokke individu wat so lewe nie maar ook vir die hele volk of gemeenskap waarvan hulle 'n deel vorm. Tereg verklaar J. Huizinga dan ook: Sonder 'n persoonlike besef van die enkele mens dat hy 'n radikale ondeug, in besonder onkuisheid, moet weerstaan, is 'n maatskappy reddeloos oorgelewer aan seksuele ontaarding om uiteindelik daardeur vernietig te word.²⁵

Die waarheid van hierdie verklaring van Huizinga blyk uit die resultate van wetenskaplike navorsing oor die seksuele lewe van volke en beskawings.

Die Britse geleerde, dr. J. D. Unwin, wat self skynbaar geen Christen was nie, het 'n deeglike studie gemaak van die lewenswyse van baie volke, onder andere die Sumeriërs, Babiloniërs, Assiriërs, Hetiete, Grieke, Perse, Romeine, ens., gedurende die afgelope veertig eeue. Die konklusie waartoe hy gekom het, was in hoofsaak die volgende: *As die mens nie toegelaat word om aan sy seksuele drange uiting te gee in voorhuwelikse en buitehuwelikse verhoudings nie, wend hy die andersins vermorste energie maar nou opgegaarde energie positief aan ten bate van sy gemeenskap vir die bevordering van 'n lewenskrachtige en bloeiende beskawing.*²⁶ Derhalwe moet 'n gemeenskap kies tussen òf

²² E. M. Duvall: a.w., bl. 59.

²³ Aangehaal deur S. I. McMillen: a.w., bl. 62. Th. Delleman sê dat seksuele gemeenskap voor die huwelik beslis nie profytlik is nie en nog minder noodsaaklik; intendeel, dit belas die lewe alleen met pynlike en onuitwisbare herinneringe. Vgl. Th. Delleman: a.w., bl. 117. Dit word verder bevestig deur 'n egsaar wat gesamentlik 'n boek uitgegee het en die reaksie van die meisie by voorhuwelikse seksuele verkeer soos volg skets: "Bovendien zal het meisje van dat proberen weinig plezier beleven. Haar angst voor mogelijke gevolgen is zo groot, dat al het andere wordt overschaduwd". Irmgard en Gottfried Hoppe: *Ik ben verliefd — wat nu?* Kampen, 1968, bl. 25. H. C. J. Flemming: *Huweliksvoorligting 2*, bl. 11, 12, 13: "Die ongeoorloofde voorhuwelikse geslagsdaad laat gewoonlik 'n lewenslange merk op die gemoed en dit is twyfelagtig of daardie sielkundige letsels ooit weer genees word... Voorhuwelikse geslagsgemeenskap veroorsaak in die reël 'n emosionele ontwrigting, verlies van Christelike getuigenis en sedelike reinheid, verlies van selfrespek en agting vir mekaar... Baie frustrasies in die huwelikslewe vind hulle oorsaak in ongeoorloofde seksverhoudings voor die huwelik".

²⁴ E. M. Duvall: a.w., bl. 15.

²⁵ J. Huizinga: *In de schaduw van morgen*, Haarlem, 1951, bl. 93.

²⁶ J. D. Unwin: *Sexual Regulations and Cultural Behaviour*, London (Oxford University Press),

seksuele vryheid en degenerasie, òf seksuele dissipline en lewende ontwikkeling.

Unwin verklaar rondit dat hy self nie hierdie teorie geglo het nie totdat die feite uit die geskiedenis dit op oorweldigende wyse vir hom bevestig het. Dwarsdeur die geskiedenis en dwarsoor die hele wêreld staan die aangrypende feit soos 'n paal bo water: die verstandelike, kulturele en materiële vooruitgang òf agteruitgang staan in direkte verband met die *bepierking* òf *uitbreiding* van seksuele vryheid en losbandigheid.²⁷ By enige volk of gemeenskap gaan 'n *groot energie* en 'n *seksuele losbandigheid nooit* saam nie. As die een gekies word, beteken dit vanselfsprekend 'n prysgawe en opoffering van die ander.

Vanweë die besondere waarde daarvan, gee ons Unwin se bevinding vertaald hier weer. Dit lui so:

Die vermindering van die moontlikheid tot seksuele verkeer tot 'n minimum het primêr 'n uitbreidingsdrang tot gevolg. Die betrokke gemeenskap word besielde mense en raak onvergenoegd met die beperkinge wat die omgewing hulle oplê: nuwe landstreek, tot dusver onontdek weens 'n gebrek aan die nodige navorsingsdrang, word ywerig verken; die grense van kennis wat deur die voorgeslagte as ondeurdringbaar gewaan is, word deur denkers deurpriem; die handel word uitgebrei; buitelandse nedersettings word gestig; kolonies word gevestig.

Nog nooit het 'n geslag wat 'n gewysigde vorm van poligamie — of totale poligamie — as 'n gewysigde vorm van monogamie oorgeërf het, hierdie uitbreidingsdrang geopenbaar nie. Alle bewyse dui daarop dat 'n bloeiende gemeenskap altyd die moontlikheid tot seksuele verkeer tot 'n minimum verminder het. Nêrens is 'n gemeenskap aangetref wat die moontlikheid tot geslagtelike verkeer tot 'n minimum verminder het sonder die gevolglike ontkenning van 'n uitbreidingsdrang nie.²⁸

Hierdie bevindings van Unwin is bevestig deur prof. Pitirim Sorokin van Amerika, onder andere ook op grond van die gebeure in Rusland na die rewolusie van 1918 waarin die Kommuniste die beheer oor die land oorgeneem het. Hy verklaar in hierdie verband die volgende:

Gedurende die eerste periode na die rewolusie het die Kommunistiese leiers doelbewuste pogings aangewend om die huwelik en die gesinslewe te vernietig. Vrye liefde is baie sterk aangemoedig met die sogenaamde glas-met-water-teorie: as 'n persoon dors is, is dit van geen belang watter glas hy gebruik om sy dors te les nie. Net so onbelangrik is dit hoe hy sy seksuele honger bevredig. Die wetlike onderskeid tussen seksuele omgang binne en buite die huwelik is nietig verklaar. In die Kommunistiese wet was daar alleen sprake van "kontrakte" tussen mans en vrouens met die oog op die bevrediging van hulle begeertes vir enige bepaalde of onbepaalde tydperk — 'n jaar, 'n maand, 'n week, of selfs vir 'n enkele nag. 'n Persoon kan trou en skei net so dikwels as hy of sy wou. 'n Man of 'n vrou kon 'n egskeiding verkry sonder dat die ander party daarvan kennis dra. Dit was selfs nie nodig dat "huwelike" geregistreer moes word nie. "Huwelike" met twee of meer vrouens was ten volle toelaatbaar volgens die nuwe reëlings. Vrugafdrywing het in staatsinrigtings plaasgevind. Voorhuwelikse omgang is aangemoedig en buite-egtelike seksuele verkeer is beskou as normaal.

Die ou nuttigheidsstoets: "Aan hulle vrugte sal julle hulle ken", het ook die antwoord gegee op die vraag of hierdie seksuele vryheid nuttig en voordelig was.

Binne enkele jare het hordes wilde en huislose kinders 'n werklike bedreiging vir die

1935, bl. 5, 6. Wat nogal opvallend is, is dat die resultate van Unwin se deeglike studie bloedweinig aandag geniet het. Vance Packard verklaar in die verband: "Unwin's book appears to be almost forgotten in the United States and England. It is out of print. I finally found a copy at an American university, and I was apparently the volume's first reader, since the pages were uncut". Vance Packard: a.w., bl. 418.

²⁷ J. D. Unwin: a.w., bl. 5, 6.

²⁸ J. D. Unwin: a.w., bl. 19, 20.

Sowjetunie self geword. Miljoene lewens is verwoes, veral die van jong dogters. Egskeidings en vrugafdrywings het die hoogte ingeskiet. Die haatdraendheid en botsings tussen die vrouens wat aan een man verbonde was of wou wees en die mans wat aan een vrou verbonde was of wou wees, het baie gou gegroei en bykans so groot soos berge geword. Dieselfde het met geestesiektes gebeur. Produktiewe werk in die genasionaliseerde industrieë het sterk afgeneem.

Die gevolge was so ontstellend dat die regering verplig was om sy beleid te wysig. Die propaganda met die glas-met-water-teorie is verdoem as 'n teenrewolusie en in die plek daarvan is 'n ophemeling van voorhuwelikse kuisheid en reinheid binne die huwelik gestel. Vrugafdrywing is verbied behalwe, sedert 1945, in uitsonderlike gevalle, byvoorbeeld wanneer die gesondheid van die moeder dit vereis en soortgelyke oorwegings. Die moontlikheid om te skei is geweldig beperk. 'n Wet wat op 14 Junie 1944 uitgevaardig is, het egskeidings bykans onmoontlik gemaak. Die kringloop is nou feitlik voltooi en 'n effense verligting van die uiters streng beheer oor die seksuele lewe het tot gevolg dat dit nou ongeveer normaal is. Sowjet Rusland het vandag 'n meer monogame, stabiele en Viktoriaanse gesins- en huwelikslewe as die meeste Westerse lande.

As in ag geneem word dat die kringloop voltooi is tydens die bewind van 'n enkele regering, is hierdie "eksperiment" besonder insiggewend. Dit toon duidelik aan watter destruktiewe gevolge uit onbeperkte seksuele vryheid voortvloei, veral ten opsigte van skeppende krag en vooruitgang. Gedurende die periode tussen 1918 en 1926 toe hierdie seksuele vryheid hoogty gevier het, is die Sowjetregering se tyd in beslag geneem deur 'n bekamping van die afbrekende magte in eie geledere sodat die Russiese volk nie in staat was om veel tot stand te bring ten opsigte van positiewe reorganisasie en skeppende kulturele groei nie.

Na 1930, toe die bekamping van seksuele vryheid hoofsaaklik afgehandel was, het die negatiewe werk van die regering afgeneem en sy positiewe en konstruktiewe werk met rasse skrede begin vooruitgaan.²⁹

As 'n mens die seksuele verwildering in die hele Westerse wêreld en ook in besonder in ons eie land gaan beskou in die lig van hierdie bevindings van Unwin en Sorokin, kan dit net tot een skrikwekkende gevolgtrekking lei, en dit is dat ons en die Westerse wêreld op pad is na 'n gewisse ondergang. Unwin het dit destyds, 1935, ook al voorspel.³⁰ En sou ons op grond van die huidige stand van sake die voorspelling nie met nog sterker beklemtoning herhaal nie?

Daarby moet die lede van ons volk en in besonder die deel van die jeug van ons volk, wat met woord en daad meedoen aan die seksuele verwildering, weet dat hulle besig is met die verwoesting van en moord op die Afrikaanse volk. Dit beteken dus die selfmoord van ons volk.

Die geestelike en liggaamlike krag wat gebruik moes word om kerk en volk te laat groei en bloei en om ons geestelik en fisies weerbaar te maak teen al die vyande wat ons op talle terreine bedreig, word nou vermors in nuttelose, selfsugtige, ongeoorloofde en goddelose seksuele genietinge!

Laat ons tog deeglik nadink oor hierdie dinge voor ons weer uit volle bors gaan sing: "Ons vir jou Suid-Afrika!"

4.2 Toename in geslagsiektes:

Die bekendste geslagsiektes is *sifilis* en *gonorree*.³¹

Sifilis: Deur sifilis word die liggaam besmet en vergiftig. Dit openbaar hom in uitslag en

²⁹ Pitirim Sorokin: *The American sex revolution*, 1936, bl. 113–115.

³⁰ J. D. Unwin: a.w., bl. 62.

³¹ Die tweede druk van hierdie boekie het in 1970 verskyn, meer as 'n dekade voordat MIV/VIGS ernstige afmetings begin aaneem het - Willem Swanepoel

later in sere en swere aan die geslagsorgane maar ook aan ander dele van die liggaam. As dit nie tydig behandel word nie, kan dit dodelik wees. Moeders wat daaraan ly, kan dit oordra aan kinders wat uit hulle gebore word. So 'n baba se oë kan byvoorbeeld by geboorte ontsteek wees, en as dit nie direk behandel word nie, kan dit blindheid tot gevolg hê.

Gonorree: Gonorree kom wel by mans voor in die vorm van prostaatabsesse, ens., maar dit word veral by vrouens aangetref. Dit veroorsaak onvrugbaarheid by die vrou omdat dit die eierstokke besmet en laat toegaan.³²

Hoewel geslagsiektes andersins nie so maklik aansteeklik is nie, is dit tog baie aansteeklik deur seksuele omgang. Volgens deskundiges is seksuele verkeer vir 95% van die oordrag van die siektes verantwoordelik.³³

Vandag word die opinie by baie mense aangetref dat geslagsiektes iets van die verlede is en dat dit nie nodig is om in ons tyd daarmee rekening te hou nie. Hierdie opinie is heeltemal in stryd met die werklikheid.

In 'n onlangse uitgawe van 'n mediese tydskrif word verklaar: "Met die ontdekking van penisillien en ander antibiotika het die hoop ontstaan dat gonorree onder beheer gebring sal word. Hierdie hoop is egter verydel. In Suid-Afrika, soos ook elders in die wêreld (60 tot 65 miljoen gevalle per jaar), is daar tekens van 'n verhoogde voorkoms van hierdie besmetlike siekte".³⁴

Aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog (1945) was die persentasie mense in Europa en Amerika wat geslagsiektes onder lede gehad het baie hoog. Daarna was daar 'n geleidelike daling tot ongeveer 1955. Toe het dit egter begin styg en in sommige lande selfs drasties gestyg, en ondanks vooruitgang op mediese gebied duur die styging skynbaar voort.

In *Engeland* en *Wallis* was daar in 1946 47 343 nuwe gevalle van *gonorree* gerapporteer. Dit het gedaal tot 17 536 in 1954. Daarna het dit weer gestyg tot 37 107 in 1961.³⁵

In die *V.S.A.* was daar wat aansteeklike *sifilis* betref, 'n daling van 91% van 1946 tot 1953. Dit het toe redelik konstant gebly tot 1957, maar van 1957 tot 1963 was daar 'n verskriklike styging van nie minder nie as 448%.³⁶

Die laaste aantal jare het die nuut gerapporteerde geslagsiektes in die *V.S.A.* gewissel tussen 1 500 000 en 4 000 000 per jaar.³⁷ By meer as die helfte hiervan is persone onder vyf-en-twintig jaar betrokke. Daarby is gesaghebbendes van oordeel dat 90% van al die persone in die *V.S.A.* met 'n geslagsiekte onder lede hulle nooit aanmeld by 'n dokter of kliniek nie.³⁸

Ook in *Suid-Afrika* is daar 'n duidelike toename in geslagsiektes. Dit blyk uit 'n verslag van die Departement van Gesondheid wat aan die einde van September 1970 in die Volksraad ter tafel gelê is.

In 'n dagblad is die volgende oor hierdie verslag berig: "Die voorkoms van veneriese siekte is in Suid-Afrika besig om toe te neem. In een groot stad alleen het dit in die agt jaar van 1960 tot 1968 onder blankes en nie-blankes verdubbel... Luidens die verslag is dit onmoontlik om die voorkoms van die siekte te bepaal omdat dit nie aangemeld hoef

³² Vgl. Norman Haire e.a.: *The Encyclopaedia of sex practice*, London, 1968, bl. 805—811.

³³ A. E. W. McLachlan: *Handbook of Diagnosis and Treatment of Venereal Diseases*, Edinburgh, 1945, bl. 1.

³⁴ S.A. Tydskrif vir Geneeskunde, 2 Jan. 1965, bl. 3.

³⁵ Isabel M. Pine: *The social aspects of venereal disease as a public health problem*, in: *Journal of the Royal Society of Health*, bl. 65.

³⁶ E. M. Duvall: a.w., bl. 63, 64.

³⁷ William F. Dankenbring: a.w., bl. 20.

³⁸ G. T. Armstrong: a.w., bl. 91.

te word nie. In die gemelde stad het die getal gevalle onder blankes van 350 in 1950 tot 730 in 1968 en onder nie-blankes van 4 100 tot 7 800 in dieselfde tyd toegeneem".³⁹

In die verslag word verder verklaar: "'n Verontrustende feit is dat veneriese siektes blykbaar onder die jonger ouderdomsgroepe, veral tienderjariges, aan die toeneem is."⁴⁰

Die toename in geslagsiektes in Suid-Afrika blyk ook uit beskikbare gegewens van die gesondheidsdepartement van Johannesburg. By blanke *vrouens* was daar slegs 'n geringe toename van 50 nuwe gevalle in 1960 tot 56 nuwe gevalle in 1963. By blanke *mans* was daar (al strek dit oor 'n langer tydperk) 'n groter toename, naamlik van 261 in 1953 tot 607 in 1965. Van hierdie 607 was 438 ongetroud of geskei.⁴¹

Wat nogal besonder insiggewend is, is dat 'n ondersoek aan die lig gebring het dat jongmense wat geslagsiektes opdoen persone is sonder ambisie en idealisme in die lewe.⁴² Dit moet by hulle 'n vorm van ledigheid veroorsaak en ledigheid is die duiwel se oorkussing. Derhalwe verbaas dit 'n mens ook nie dat sterk drank by hierdie ledige persone 'n besondere rol speel nie. "'n Ondersoek (in Brittanje) het getoon dat van 2,254 manlike- en vroulike pasiënte met gonorree 76.7% van die mans en 24.8% van die vrouens alkohol ingeneem het voor hulle gemeenskap gehad het wat tot infeksie gelei het".⁴³

Aangesien die oprigting en instandhouding van klinieke en die beskikbaarstelling van fasiliteite vir die bestryding van geslagsiektes groot kostes uit die staatskas vra, en aangesien baie werksure op die wyse verlore gaan en die fisiese krag en produktiwiteit van 'n volk daardeur verswak word, doen elkeen wat verantwoordelik is vir die verspreiding van geslagsiektes sy eie land en volk 'n groot onreg aan.

Nou is dit 'n bekende feit dat die toename in geslagsiektes ten nouste saamhang met seksuele losbandigheid. In genoemde verslag van die Departement van Gesondheid word "ongeoorloofde vrye geslagtelike verkeer" ook aangedui as die vernaamste oorsaak vir die verspreiding van geslagsiektes onder blankes in Suid-Afrika.⁴⁴ Sedert die sogenaamde vrye liefde in Swede 'n vaste vorm aangeneem het, het gonorree daar in vyf jaar se tyd met 75% toegeneem.⁴⁵

Elke jongman en meisie wat meedoen aan ongeoorloofde seksuele omgang behoort ook oor hulle verantwoordelikheid en aanspreeklikheid in hierdie verband na te dink. Afgesien van persoonlike nadeel en skade, staan hulle ook in breër verband skuldig omdat hulle afbrekend werksaam is ten opsigte van die volksgesondheid.

4.3 Buite-egtelike kinders:

Seksuele omgang buite die huwelik het heel dikwels — selfs in ons tyd met sy volop voorbehoedmiddels — swangerskap en die geboortes van buite-egtelike kinders tot gevolg.

Afgesien van die probleme en leed wat dit vir die betrokke jongman en meisie tot gevolg het soos gedwonge huwelike, selfverwyf, ens., word die kinders wat so gebore word in heel besondere sin daardeur geraak.

Wat gaan van hulle word?

In ons land is die situasie nog so dat daar eintlik lang waglyste is van ouers wat sulke

³⁹ *Die Transvaler*, 1-10-1970, bl. 4.

⁴⁰ *Die Transvaler*, 1-10-1970, bl. 4.

⁴¹ B. Sieff: *Veneral Diseases in South Africa*, in: *Mediese Bydraes — Medical Proceedings*, 28 Mei 1966, bl. 225—226.

⁴² E. M. Duvall: a.w., bl. 126.

⁴³ B. Bodenstab: *Geslagsiekte as 'n maatskaplike- en geestesgesondheids-probleem*, bl. 2 — ongepubliseerde lesing.

⁴⁴ *Die Transvaler*, 1-10-1970, bl. 4.

⁴⁵ E. M. Duvall: a.w., bl. 85.

kinders wil aanneem. Daardeur word die probleem in 'n mate opgelos, aangesien die kind dan die voorreg geniet om wel in die liefde van 'n huislike atmosfeer op te groei.

Tog beteken dit nie dat sake selfs dan sonder konflikte verloop nie. As ouers dit nie op die regte tyd taktvol en met liefde aan die kind vertel dat hy of sy 'n aangenome kind is nie, vind so 'n kind dit gewoonlik wel een of ander tyd uit. Dit kan soms aanleiding gee tot innerlike konflikte en 'n minderwaardigheidsgevoel van 'n "optelkind" te wees. Die besef van 'n buite-egtelike en daarom onbegeerde kind te wees, is nooit aangenaam nie.

Dit is nodig dat daar steeds vasgehou moet word aan die sedelike beginsel dat die kind die reg het om onder sekere omstandighede gebore te word en op te groei. 'n Kind het 'n vader en 'n moeder nodig wat met belangstelling en vreugde uitsien na sy of haar koms, om dan in 'n huislike atmosfeer met liefde en dissipline opgevoed te word. In ons tyd waarin daar so gehamer word op "menseregte", moet hierdie kind se "mensereg" nie deur sy ongehude vader en moeder op 'n onchristelike en liefdelose wyse uit die oog verloor word nie.

Bowendien het die oprigting en instandhouding van tehuse vir ongehude moeders 'n groot finansiële las vir volk en staat tot gevolg.

Ook die geboorte van 'n buite-egtelike kind met al die probleme daaraan verbonde, behoort as verdere rede te dien vir 'n jongman en 'n meisie om hulle van voorhuwelikse geslagsverkeer te onthou, aangesien nie net hulle twee nie maar moontlik ook 'n derde, 'n "onskuldige bloedjie", ernstig daardeur geraak kan word.

HOOFSTUK IX

ONS WIL KUIS LEWE — GEE RAAD !

BO en behalwe wat in die voorgaande gesê is, is dit sekerlik nodig om aan ons jongmense wat inderdaad daarna streef om 'n kuise lewe te voer, praktiese wenke en raad te gee om aan hierdie voorneme uitvoering te gee en voorhuwelikse geslagsverkeer te voorkom.

Die Amerikaanse skryfster, dr. Evelyn Duvall, gee die volgende agt wenke om as voorsorgmaatreëls te dien:

1. Kry 'n besef van jou eie eensame, rebelse, honger behoefte aan liefde en maak 'n plan om op 'n aanvaarbare manier weer tot rus te kom en nie toe te laat dat jou gevoelens jou verlei tot gedrag waaroor jy later spyt sal wees nie.
2. Vermy die wolwe en die los geselskap wat nie dieselfde morele standaarde as jy het nie.
3. Bly weg uit gevaarlike situasies wat kan handuit ruk. As julle alleen saam is in die slaapkamer van 'n huis of hotel of op die agterste sitplek van 'n motor, is daar miskien meer verleiding as wat julle die hoof kan bied.
4. Besef dat 'n drinkery en langdurige vryery, erotiese rolprente en gewaagde praatjies almal 'n atmosfeer skep waarin jy maklik verder kan gaan as wat jy bedoel het.
5. Respekteer die hewigheid van die geslagsdrang in jouself en ander, sodat jy nie onverhoeds in iets beland voordat jy daarvoor gereed is nie.
6. Neem deel aan allerhande soorte aktiwiteite wanneer julle saam is — sport en musiek, uitstappies en liefdadigheidswerk, joligheid en diskussies, saam-saam en in 'n groep. Vermy dit om lang tye bymekaar te wees sonder om iets spesiaals te doen.
7. Pas op vir gekys of verloof raak voordat jy regtig seker is. Maak planne om te trou eers wanneer jy werklik daarvoor gereed is en vermy die gevare van 'n te kort of te lang verlowing.
8. Leer om op baie maniere te sê: "Ek het jou lief". Moenie net van liggaamlike intimiteit afhanklik wees vir die wete dat jy bemin word nie.¹

Dr. Duvall verklaar verder: "As 'n mens met die een wat jy liefhet in die rigting van 'n huwelik beweeg, wil jy aan jou liefde uitdrukking gee op allerhande verskillende maniere. Julle wil vir mekaar sorg en wys dat julle van mekaar hou. Julle geniet dit om saam 'n hele reeks liefdevolle gewoontetjies op te bou wat julle eie spesiale taal met mekaar is. As julle eers eenmaal saamgestem het dat julle tot die huwelik wil wag om met julle geslagsgemeenskap te begin, kan julle die ryke verskeidenheid van die hofmakery ontdek — al die mooi en aangename fasette daarvan waarvoor julle min lus sal hê as julle eers begin het om as man en vrou saam te leef".²

Dr. Duvall verwys ook na die volgende mooi uitspraak van 'n jongman oor die verhouding tussen hom en sy vriendin: "Ons het dit bespreek of ons in die verlowingstyd al geslagsgemeenskap moet hê, maar ons voel altwee dat ons dit liewer nie moet doen nie. Dis nie omdat ons nie graag wil nie, maar omdat ons voel dis nie die moeite werd nie. En dis ook nie omdat ons bang is vir die gevolge nie. Ek het gevoel ek sal myself goedkoop maak in my eie oë sowel as hare. Ek het haar te lief om toe te laat dat ons verhouding daal tot iets agterafs en gemeens".³

Aan hierdie advies en uitsprake kan jong paartjies gerus maar baie ernstige aandag

¹ E. M. Duvall: a.w., bl. 57.

² E. M. Duvall: a.w., bl. 57, 58.

³ E. M. Duvall: a.w., bl. 28.

skenk.

'n Lang verhouding

Dit gebeur soms dat 'n jongman en 'n meisie mekaar lank ken, lank saam uitgaan en lank 'n vaste verhouding het, terwyl dit om een of ander rede soos studie, finansies, ens. nie vir hulle moontlik is om in die huwelik te tree nie. Daar is by hulle, veral op grond van hulle Christelik-godsdiensige geloofsoortuiging, die vaste voorneme om alle seksuele omgang te voorkom en te vermy en dit te laat vir die tyd en plek waar dit hoort, naamlik in die huwelik.

In die tydperk van drie, vier of vyf jaar — of selfs langer — het die liefdesbande tussen hulle gegroei en sterker geword. Hulle het mekaar intiem leer ken — intiem in die mooi, edele en kuise sin van die woord.

Nou kan dit nie ontken word nie dat die versoeking om te doen wat hulle self nie graag wil doen nie, vir so 'n jong paartjie soms baie groot word — veral in ons tyd waarin hulle gedurigdeur in tydskrifte, boeke, advertensies, films, gesprekke, ens. met seks in een of ander vorm gekonfronteer word.

Watter raad en advies moet aan so 'n jong paartjie gegee word waardeur hulle inderdaad gehelp kan word om uitvoering te gee aan hulle kuise voorneme?

Vanuit Christelike oogpunt beskou, is daar vir hulle eintlik net die volgende twee weë:

Hulle moet met gebed, selfbeheersing en nugtere beplanning van hulle doen en late die stryd teen die sonde aanknoop en alles in hulle vermoë doen om voorhuwelikse seksuele omgang te voorkom.

Indien dit vir hulle nie moontlik is om op die lang duur hieraan uitvoering te gee nie, is daar net een alternatief en dit is dat hulle dan in die huwelik moet tree.⁴ Hierdie advies is ook in ooreenstemming met die Skrif, want Paulus skryf aan die Korinthiërs: "Maar as hulle hul nie kan beheers nie, laat hulle trou; want dit is beter om te trou as om van begeerte te brand" (1 Kor. 7:9).

Paulus se waarskuwing aan getroudes oor seksuele onthouding sodat die Satan hulle nie deur hulle gebrek aan selfbeheersing in versoeking bring nie, is ook van toepassing op ongetroudes met 'n lang en kuis-intieme verhouding.

Uit die aard van die saak sal so 'n huwelik groter opofferings van een of beide partye vra as andersins. So sal die vrou miskien moet gaan werk terwyl die man studeer. Of vanweë 'n gebrek aan finansies sal hulle hul veel moet ontsê wat hulle andersins wel kon aanskaf. Tog behoort dit veel eerder gedoen te word as om selfs oorweging te skenk aan ongeoorloofde voorhuwelikse seksuele omgang wat deur God verbied is. Bowendien, as hulle mekaar werklik liefhet, sal dit vir hulle hoegenaamd geen probleem wees om vir mekaar en ter wille van mekaar op te offer nie.

⁴ Hierdie advies word ook deur verskeie instansies en persone gegee, onder andere die Nederlandse Hervormde Kerk volgens *Het huwelik*, bl. 66. G. H. Huntemann: *Seksualiteit*, bl. 41, 42. Hy beveel dit baie sterk aan dat jongmense wat mekaar werklik liefhet op 'n jonger leeftyd as tans in die huwelik tree, maar tog ook weer nie jonger as 21 jaar vir die man en 19 jaar vir die meisie nie. Th. Delleman: a.w., bl. 135: "Zoals reeds gezegd, moet de verlovingsstijd niet te kort, maar ook weer niet te lang duren". A. C. Drogendijk: a.w., bl. 69—72. Die enigste goeie oplossing vir uiterste gevalle formuleer hy so: "De oplossing is: in het huwelijk treden, ook al moet men daarbij door familie, kerk of maatschappij geholpen worden" (bl. 72). H. C. J. Flemming: *Huweliksvoorligting 2*, bl. 14: "Ware liefde is nie impulsief en onverantwoordelik nie maar geduldig en kan wag. As die spanning en versoeking te groot word, moet hulle nie in sonde val nie, maar gouer ophou met liefkosing of gouer trou". Irmgard en Gottfried Hoppe: a.w., bl. 61.

HOOFSTUK X

WAT JOU DAARTOE KAN VERLEI

GOD verbied nie alleen die daad van hoerery nie maar ook alle daade, gebare, woorde, gedagtes en luste wat daarmee in verband staan, en ook alles wat 'n mens tot hierdie dinge kan verlei. Christus verklaar byvoorbeeld: "Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het" (Matt. 5:28). Hoewel hier van geen onkuise daade of woorde sprake is nie, staan so 'n persoon tog skuldig voor God, want in sy hart is daar onkuise gedagtes en luste. Die mens sien dit nie maar God sien dit, en in God se oog is dit sonde.¹

Om hierdie rede moet ons ook *alles vermy* wat aanleiding kan gee tot onkuise daade, gebare, woorde, gedagtes en luste. Dinge wat hiertoe aanleiding kan gee, is byvoorbeeld: dans, ongeoorloofde vryery waarin te veel gevra of toegelaat word, vuil grappe en praatjies,² slegte boeke en tydskrifte, onsedelike films, slegte vriende, ens.

Die apostel Petrus vermaan ons om ons "*te onthou van vleeslike begeertes wat stryd voer teen die siel*" (1 Petr. 2:11). Dit geld veral ook in hierdie verband. Satan voer deur middel van die vleeslike begeertes stryd teen ons *siele*, want hy weet as hy dit oorwin het, is ons vir ewig verlore en kinders van die hel. Daarom sê Petrus dat ons ons moet onthou van die vleeslike begeertes. Ons moet dit vermy, beveg, ontvlug met alle mag, want as die vleeslike begeertes eers 'n vaste greep op ons siele gekry het, sal dit gou in ons woorde en daade geopenbaar word.

Dat die gelowige met buitengewone erns moet waak teen alles wat 'n mens tot sonde op seksuele gebied kan verlei, blyk besonder duidelik uit die reeds aangehaalde uitspraak van Christus oor die onkuise begeerte, veral as dit gesien word in die lig van die woorde van Christus wat direk daarop volg.

Christus verklaar in Matt. 5:28:

"Maar Ek sê vir julle dat elkeen wat na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg het".

Dan voeg Hy daaraan toe:

"As jou regteroog jou dan laat struikel, ruk dit uit en gooi dit weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie. En as jou regterhand jou laat struikel, kap dit af en gooi dit weg van jou af; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie" (Matt. 5:29, 30).

Die verband tussen Christus se uitspraak oor die onkuise begeerte en oor die oog wat uitgeruk en die hand wat afgekap moet word, kan maklik ingesien word.

Die *oog* is immers die middel of instrument wat by die aanskouing van 'n vrou die onkuise begeerte in die hart laat ontstaan. ("Wie na 'n vrou *kyk* om haar te begeer...") Die hand is die middel wat gebruik word om aan die onkuise en sondige begeerte deur 'n daad uitvoering gee. So is jou oog en jou hand middele wat jou lei tot sondes op seksuele gebied. As dit ongehinderd voortgaan en jy jou nie bekeer nie, word jou oog en jou hand, slegs *een* of *twee lede* van die liggaam, die middele wat uiteindelik jou *hele liggaam* (en natuurlik ook jou siel) in die hel laat beland.

Om die *liggaam* van die hel te red, is dit beter om *die dele* van die liggaam te verwyder wat aanleiding daartoe kan gee dat 'n mens wel daar beland. Daarom is dit beter om by so 'n dreigende gevaar eerder die oog

¹ Vgl. die verklaring van hierdie teks deur C. G. Scorer: a.w., bl. 60, 61.

² 1 Kor. 15:13: "Slegte gesprekke bederf goeie sedes".

uit te ruk en die hand af te kap.

In ons tyd kan ons hierdie beeld van Christus miskien nog beter verstaan as die mense van destyds. As daar byvoorbeeld 'n kanker in die oog is, sal enige normale mens toestem en selfs begeer dat die oog verwyder moet word as sodanige operasie kan verhoed dat die kanker ook na die res van die liggaam versprei.

Deur hierdie verwysing na die oog wat uitgeruk en die hand wat afgekap moet word, het Christus op 'n baie duidelike, sprekende en aangrypende wyse aangedui hoeveel erns, selfbeheersing en stryd ons moet betrag ten opsigte van die dinge wat 'n mens tot sonde — hier spesifiek sonde op seksuele gebied — kan verlei. As gelowige moet jy jou onthou van alles wat 'n prikkel tot sonde bevat. Selfs dinge wat op sigself nie verkeerd is nie, kan onder bepaalde omstandighede 'n prikkel tot sonde wees en daarom baie gevaarlik.

Van al die metodes of middele waardeur ons tot ontug verlei kan word,³ wil ons hier slegs op enkele aandag vestig.

1. Te intieme vryery⁴

Dit is vanselfsprekend dat as 'n verhouding tussen 'n jongman en 'n meisie groei en ontwikkel sodat dit naderhand meer en sterker is as net vriendskap, daar ook fisiese of liggaamlike kontak sal plaasvind, byvoorbeeld deur die vashou van hande en later deur soene, en as die tyd daarvoor ryp is, ook deur omhelsing.⁵

Dat sodanige fisiese kontak plaasvind, is natuurlik op sigself nie verkeerd nie; intendeel, as dit met die nodige selfbeheersing plaasvind en nie oordoen word nie, kan dit alleen ten goede wees en help om hulle op 'n mooi wyse hegter aan mekaar te bind.

Tog moet ons aan die ander kant nie blind wees vir die gevaar wat aan so 'n fisiese kontak verbonde is nie.

Fisiese kontak, spesifiek tussen twee jongmense wat mekaar liefhet, is immers van so 'n aard dat dit in homself die drang het na *nog meer*. Dit kan tot gevolg hê dat die fisiese kontak naderhand so 'n belangrike rol by hulle speel wanneer hulle saam is, dat dit die innerlike groei na mekaar toe deur gesprekke en saamdoen van dinge waarin beide belangstel, heeltemal oormeester. Sielkundiges en psigiaters is dit eens dat dit die normale gang van sake is.

Dit kom dus daarop neer dat hulle onder sulke omstandighede wel *liggaamlik* steeds *nader na mekaar toe kom* maar nie *geestelik nie*. En as daar eers eenmaal te intieme fisiese kontak toegelaat is, word dit al hoe moeiliker om mekaar as persone, elk met sy of haar eie hoedanighede en karaktertrekke, beter te leer ken.

Afgesien daarvan dat hulle dan as persone vir mekaar eintlik vreemd bly en daarom na die huwelik soms in mekaar teleurgestel is, hou die oormatige fisiese kontak veral ook die gevaar in dat dit aanleiding kan gee tot seksuele omgang voor die huwelik. As aan die begeerte na meerdere fisiese kontak telkens toegegee word, sal daar uiteindelik gevorder word tot so 'n mate van intimiteit dat dit baie moeilik sal wees om die drang na seksuele omgang te weerstaan.⁶ Normaalweg is dit immers so dat die twee geneig is om, elke keer as hulle bymekaar kom, in hulle fisiese kontak te begin waar hulle die vorige keer opeghou het.

³ Vgl. D. R. Snyman: *Jongmense, leef rein*, Bloemfontein, s.j., bl. 5—8.

⁴ In Engels word hiervan gewoonlik gepraat as "petting" of "necking".

⁵ Vgl. Th. Delleman: a.w., bl. 115.

⁶ Vgl. G. H. Huntemann: *Seksualiteit*, bl. 43—46: Hy sê dat sodanige liefdespel ("petting") met die geslagsdaad gepaard gaan en daarom slegs in die huwelik tuishoort. H. C. J. Flemming: *Huweliksvoorligting 2*, bl. 14: "As verloofdes op geen wyse met mekaar se geslagsdele kennis maak nie, sal hulle die Here lewenslank dank vir krag tot selfbeheersing, genade en rein geluk wat Hy vir hulle gee" Herbert W. Armstrong e.a.: a.w., bl. 269, 270. G. T. Armstrong: a.w., bl. 45, 46. Sophie Meiring: a.w., bl. 33. Andries Treurnicht: a.w., bl. 67—69.

So word 'n vryery waarin toegelaat word dat die fisiese kontak groei en toeneem in intimiteit ook 'n baie gevaarlike middel wat 'n mens tot ontug kan verlei. Daarom moet dit vermy word.

Na 'n deeglike studie in hierdie verband verklaar prof. J. H. Kroeze oor hierdie besonder intieme vryery ("petting") die volgende: "Ons kan nie nalaat om te sê dat hierdie metode onbevredigend is nie, omdat dit voor die hoogtepunt afgebreek moet word. Hierdie onbevredigendheid maak die mense senuweeagtig en humeurig. Boonop verlei dit tot masturbasie. Wel behoort dit tot ons bestek om daarop te wys dat hierdie "petting" nie ernstig is nie, maar spel — 'n gevaarlike spel, sonder blywende liefde. Dit is 'n sport, liefdesport om jou tydelik mee te vermaak. Hier lê die groot verskil met die Hooglied, waarin die liefde so ernstig, soms so bitter ernstig is. Sterk is die liefde soos die dood! Die Hooglied speel geen spel waarby die 'gevaarpunt' vermy moet word nie, geen spel van wisselende deelnemers nie. Die afbakening wat die Hooglied bied, is dat die liefde betoon en gegee word aan die *eie* beminde, aan die *eie* geliefde. En dat dit met die liefde erns is, heilige erns. Hierdie twee punte behoort onafskeidbaar by mekaar en sluit mekaar in".⁷

'n Vriend van die jeug wat hulle wil help en raad gee, sê in hierdie verband die volgende:

"Die liggaamlike aanraking tussen jou en jou vriendin moet beperk wees. Jy vra, waarom? Die intiemste verkeer — wat ook die liggaam insluit — tussen die manlike en vroulike geslag het die Here bedoel vir die man en die vrou wat in die huwelik met mekaar verenig is. Dis die versekering van wedersydse liefde nie alleen deur woorde en dade teenoor mekaar nie maar ook deur geslagtelike omgang. En nou is dit juis die liefkosing van die liggaam wat uitloop op die soort intieme verkeer waarvan ons sê dat dit slegs in die huwelik toelaatbaar is.

As jongmense dus insien dat hierdie besondere liefkosing van die liggaam 'n voorbereiding vir geslagtelike omgang is, sal hulle ook goed begryp dat die prikkeling van die liggaam met sy drange, sonder bevrediging in die intieme verkeer self, groot teleurstelling inhou en ook 'n verkeerde gebruik is van die vermoëns wat die Skepper ons gegee het.

Daar is niks verkeerd met die liggaamlike drange wat die Skepper aan ons geskenk het nie. Maar hulle is nie bedoel om buite die huwelik só opgewek te word dat hulle onweerstandbaar roep om bevrediging nie. Jongmense maak dit vir hulleself ontsettend moeilik deurdat hulle in hulle omgang met mekaar hulle geslagsdrange geweldig laat prikkel, terwyl hulle weet dat hulle nog lank nie in die huwelik kan tree nie. Op so 'n manier kan die spanning en stremming ondraaglik word".⁸

Dit laat ons ook sien watter gevaar daar verbonde is aan fisiese kontak *op die dansbaan* — veral as dit geskied in gedempte lig, met onbehoorlike en prikkelende kleredrag en onder die aanhoor van musiek wat 'n sterk vat het op die emosies van die mens, om van die teenwoordigheid van sterk drank nie eens te praat nie.

2. Kleredrag

Tevore is gewys op die uitspraak van Christus dat wie na 'n vrou kyk om haar te begeer, reeds in sy hart egbrek met haar gepleeg het (Matt. 5:28). Hierdie uitspraak het veral betrekking op die mans. Maar as die vrou deur haar kleredrag aanleiding gee dat onkuise gedagtes en luste by die mans opgewek word, staan sy net so skuldig voor die Here. Sy gee dan aanleiding daartoe dat hulle sondig. So word sy 'n struikelblok tot sonde en daarom is sy skuldig voor God. (Vgl. Luk. 17:1, 2). Ons kleredrag is onlosmaaklik verbonde aan ons geloof.⁹ Die uiterlike weerspieël in die reël die innerlike.

⁷ J. H. Kroeze: *Bybel en seks*, bl. 168.

⁸ Andries Treurnicht: a.w., bl. 68.

⁹ Vgl. P. J. de Bruyn: *Die Christen en kleredrag*, Potchefstroom, 1970; J. J. Engelbrecht: *Die jeug in die smeltkroes*, Bloemfontein, s.j., bl. 20–43; A. P. Treurnicht: *Die sin van ons kleredrag*, in: *Handhaaf*, Junie 1969; J. H. Kroeze: *Bybel en seks*, bl. 69–71.

'n "Gewaagde rok" verrai 'n gewaagde lewe, en halfnaakte kleredrag openbaar 'n naakte (dit wil sê onchristelike en leë) innerlike.

'n Minirok is dikwels 'n openbaring van 'n mini(mum) gebondenheid aan die Woord van God wat ons leer dat ons liggame tempels van die Heilige Gees is en derhalwe ook met 'n paslike kleed bedek moet word. Deftigheid is nie noodwendig 'n sonde nie, en goeie smaak is 'n deug. Maar uitspattigheid, selfontkleding en banale versiering is nie alleen lelik nie maar ook 'n verloëning van die nederige en ingetoë kuisheid van die Christene.

Tydens hofmakery kan — sonder dat dit vooraf beplan is — onbehoorlike en bedenklike kleredrag makliker aanleiding gee tot ongeoorloofde dade as wanneer die liggaam beter bedek is, byvoorbeeld met 'n rok met 'n hoër hals en 'n laer soom. Dit kan tog moeilik betwis word; intendeel, deur belydenisse wat gedurende etlike jare van pastorale arbeid teenoor skrywer uitgespreek is, is die waarheid hiervan al heel dikwels bevestig.

Die feit dat God die *skorte van vyblare*, wat slegs 'n *deel van die liggaam bedek het* (van die heup af ondertoe), van Adam en Eva weggeneem het en in die plek daarvan *rokke van vel* gegee het wat die *hele liggaam* van die nek tot die knieë bedek het (Gen. 3:7, 21), leer ons dat dit die wil van God is dat die liggaam behoorlik bedek moet wees. As Paulus dan ook nog in 1 Tim. 2:9 verklaar: "*So moet die vroue hulle versier met behoorlike kleding, gepaard met beskeidenheid en ingetoënheid...*", kan met vrymoedigheid verklaar word: Die Here eis van die gelowige, en in besonder van die gelowige vrou, dat sy haar liggaam moet bedek met behoorlike kleding wat gekenmerk word deur beskeidenheid en paslike skugterheid en skaamte, en waardeur sy haar nie op die voorgrond dwing of adverteer nie.

3. Slegte maats

Deur die invloed van verkeerde en slegte maats het Satan op seksuele gebied gewis al sy tienduisende verslaan.¹⁰

Van goeie, Christelike vriende gaan daar 'n verheffende invloed uit waardeur ons geestelik verryk en van sonde bewaar word — ook op seksuele gebied. Presies die teenoorgestelde gebeur as vriendskapsbande aangeknoop word met ongelowiges en mense met 'n onsedelike gesindheid.

Dit het al dikwels gebeur dat kinders en jongmense wat 'n goeie opvoeding in 'n voorbeeldige en Christelike huis ontvang het, diep in sonde geval en baie smart en verdriet ondervind het as gevolg van die invloed van slegte maats. Op hierdie wyse is baie jongmense se toekoms verwoes.¹¹

Daarom waarsku en vermaan die Here ons in hierdie verband deur sy Woord met uitsprake soos die volgende:

"Gaan met die wyse om, dan word jy wys; maar hy wat met die dwase verkeer, versleg" (Spr. 13:20).

"Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie" (2 Kor. 6:14).

"Wie 'n vriend van die wêreld (en van die wêreldmense) wil wees, word 'n vyand van God" (Jak. 4:4).

As daar besin word oor die seksuele lewe van slegte maats en die kwade invloed wat dit het op diegene wat met hulle omgaan, is dit vir die Christen noodsaaklik om besondere aandag te gee aan die waarskuwings van die Spreuke-digter teen die ontugtige vrou.

In hierdie verband sê hy die volgende:

"Want die gebod is 'n lamp en die onderwysing 'n lig en die teregwysing van die tug 'n weg tot die lewe, om jou te bewaar vir 'n slegte vrou, vir die gevlei van 'n vreemde tong. Begeer haar skoonheid nie in jou hart nie, en laat sy jou nie vang met haar ooglede nie;

¹⁰ Vgl. P. J. de Bruyn: *Bewaar jou goeie pand*, Potchefstroom, 1964, bl. 150, 151.

¹¹ Vgl. Andries Treurnicht: a.w., bl. 26, 33, 34.

want vir 'n hoer verval 'n mens tot 'n stuk brood, en 'n ander se vrou maak jag op 'n kosbare lewe" (Spr. 6:23-26).

Die jongman wat hom deur haar laat verlei, word "'n verstandelose jongman" genoem (Spr. 7:7).

Met hierdie soort slegte en onkuise mense moet die wyse en gelowige mense geen kontak soek nie; intendeel, hulle moet hulle doelbewus vermy.

Daarom word die volgende vermaning besonderlik aan die adres van die jongman gerig:

"Hou jou weg ver van haar af, en kom nie naby die deur van haar huis nie, sodat jy nie jou bloei (jou jeug) aan ander gee en jou jare aan een wat onbarmhartig is nie; sodat vreemdes hulle nie versadig met jou vermoë en jou moeitevolle arbeid in die huis van 'n uitlander kom nie en jy uiteindelik moet steun as jou liggaam en jou vlees verteer is, en moet sê: Hoe het ek die tug gehaat en my hart die kastyding versmaad, en nie geluister na die stem van my onderwysers en geen gehoor gegee aan die wat my geleer het nie?" (Spr. 5:8–13).

Later word hierdie vermaning herhaal:

"Hoor dan nou na my, seuns, en luister na die woorde van my mond. Laat jou hart nie afwyk na haar weë nie, dwaal nie rond op haar paaie nie" (Spr. 7:24, 25).

Wie die waarskuwing uit Gods Woord teen mense met 'n onchristelike lewenswandel, en in besonder teen mense met onkuise en seksueel uitspattige opinies, gesprekke en handelswyse met die nodige erns ter harte neem, sal beslis bewaar word vir sondes wat hulle andersins nie sou kon vermy nie.

Dit is derhalwe meer as die moeite werd om ernstige aandag te gee aan die woorde waarmee die eerste psalm begin:

"Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie; maar sy behae is in die wet van die Here, en hy oordink sy wet dag en nag" (Psalm 1:1, 2).

4. Musiek

Dit mag vir sommige miskien vreemd wees dat musiek beskou kan word as 'n middel wat 'n mens tot onkuise dade, woorde en gedagtes en selfs tot seksuele uitspattighede kan verlei. Musiek word immers in die reël beskou as 'n onskadelike vermaak.

So 'n beskouing getuig egter van 'n geweldige onkunde oor die uitwerking of invloed van musiek op die mens. In 'n studiestuk oor hierdie onderwerp het prof. J. J. A. van der Walt dit duidelik aangedui.¹²

Van die vroegste tye af het mense al besef dat musiek 'n heel besondere invloed op die mens het. *Plato* praat in die verband van musiek as "'n magtiger middel as enigiets anders". Hy sê dat musiek die kragtigste middel is in die vorming van volksedes. Daarom moet die invoering van 'n nuwe soort musiek voorkom word, want dit sal 'n ingrypende verandering in die volksedes tot gevolg hê, en dit sal weer lei tot verandering of ontwingting van die hele maatskaplike en staatkundige lewe van 'n volk.

Aristoteles het weer verklaar dat enige soort gevoel soos swarmoedigheid, verwyfdheid, selfbeheersing, entoesiasme, ens. by die mens opgewek kan word deur die melodie en ritme van musiek.

Luther het die oortuiging gehuldig "dat ná die heilige Woord van God niks so hoog geroem of geloof kan word as die musiek nie, omdat dit al die bewegings van die

¹² Wat verder volg oor die onderhawige saak is hoofsaaklik oorgeneem uit Studiestuk nr. 41 van die Instituut vir die Bevordering van Calvinisme (Potchefstroom), opgestel deur prof. J. J. A. van der Walt en getitel: *Die invloed van musiek op die mens*.

menslike hart kragtlik regeer".

Calvyn was nie minder uitgesproke oor die invloed van musiek op die gees van die mens nie. Hy sê: "Nou is onder die dinge wat geskik is vir die vermaak van die mens en wat aan hom genot verskaf, musiek die eerste of een van die vernaamste". Musiek kan derhalwe gebruik word om alle eerbare dinge te dien, maar dit kan ook gebruik word om vrye teuels aan die losbandigheid te gee: dit kan die instrument wees vir die bevordering van wellustigheid en skaamteloosheid. *Calvyn* sê verder van musiek: "Daar is skaars iets in die wêreld wat meer in staat is daartoe om die sedes van die mens in hierdie of daardie rigting te draai of te buig... Ons vind uit ervaring dat dit 'n geheime en bykans ongelooflike krag het om ons harte in die een of ander rigting te beweeg".

Bogenoemde uitsprake oor die invloed van musiek op die mens is in ons tyd eksperimenteel bevestig. Ondersoeke in Amerika het ondubbelsinnig aangedui dat musikale ritme *histerie* kan veroorsaak en as 'n *hipnotiese middel* aangewend kan word. Dit kan gebeur omdat die mens essensieel 'n ritmiese wese is met 'n ritme in die asemhaling, hartklop, loop, ens.

Die Kommuniste het in Amerika bepaalde tipes musiek met mening aangewend om *veral by die jeug 'n sieklike gees te laat ontstaan* ("to create a sick mind").¹³ Die musiek is doelbewus so saamgestel om 'n hipnotiese toestand te bewerkstellig. In hierdie musiek is daar dan die woorde van liedere ingebou wat bepaalde suggesties in die hart en gees indra met die doel om alle nasionale bande en sedelike reëls by die jeugdiges te vernietig.

Die vernietigende invloed wat daar uitgaan van die vloedgolf van ruk-en-rolmusiek¹⁴ wat spoel oor die massabyeenkomste van jeugdiges maar ook oor die radio- en televisietoestelle, blyk by benadering uit die volgende statistiese gegewens:

In Rusland het jeugmisdaad in 1962 met 16.2% en in 1963 met 18.6% verminder nadat ruk-en-rolmusiek in 1961 deur wetgewing verbied is — dus 'n totaal van 34.8% in twee jaar.¹⁵

Die vergelyking tussen twee kleinere Amerikaanse stede spreek ook 'n duidelike taal. In die stad *Paducah* oorheers die ruk-en-rolmusiek oor die radio, televisie, nagklubs, skole, ens. In die stad *Cape Girardeau* word feitlik net gebruik gemaak van goeie en ligte dansmusiek. Die bevindings was dat in eersgenoemde stad die getal noodlottige motorongelukke onder tienerjariges, die getal skoolverlaters, ongehude moeders, inbrake en algemene vandalisme onder die jeug 50% hoër was as in die ander stad.¹⁶

Die volgende syfers word ten opsigte van Amerika genoem vir die tien jaar tussen 1952—1962, dit wil sê die tydperk waarin die ruk-en-rolmusiek daar hoogty gevier het:

1. 57% toename in buite-egtelike geboortes met die helfte van die moeders onder 20 jaar.
2. 50% toename in selfmoord onder tienerjariges.
3. Onbepaalde maar nietemin baie sterk toename in die gebruik van verdowingsmiddels onder tienerjariges.
4. Toename in opstande deur studente.¹⁷

Die persoonlikheid van die mens is saamgestel uit verskeie aspekte waarvan die

¹³ David A. Noebel: *Rhythms, Riots and Revolution — an Analysis of the Communist use of Music*, Tulsa, Oklahoma, 1966, bl. 17, 18.

¹⁴ Vgl. David A. Noebel: *The Beatles — a Study in Druggs, Sex and Revolution*, Tulsa, Oklahoma, 1969, bl. 24—33.

¹⁵ David A. Noebel: *Rhythm, Riots and Revolution*, bl. 111.

¹⁶ Ibid., bl. 111—113.

¹⁷ Ibid., bl. 112—119.

vernaamste drie die *wil*, die *denke* en die *gevoel* is. Dit is egter so saamgestel dat die *gevoel* tot 'n groot mate die *wil* en die *denke* deursuur en bepaal. Aangesien die mens se *gevoel* nou *die sterkste aangespreek en beïnvloed word deur musiek*, is dit vanselfsprekend dat die musiek uiteindelik *die hele persoonlikheid* ten goede of ten kwade kan verander. Daarom kan prof. Van der Walt tereg verklaar: "Die aard van die musiek waarna 'n persoon gedurende lang periodes luister, druk mettertyd sy stempel af op die gevoelspatroon van daardie persoon, en as gevolg van die fundamentele funksie van die gevoel in die persoonlikheidsamestelling, word hierdie stempel ook na die ander persoonlikheidsaspekte oorgedra".¹⁸

Musiek kan dus die gunstige klimaat skep vir die verandering van 'n mens se lewens- en wêreldbeskouing en by wyse van suggestie ook positief meewerk aan hierdie verandering. Daarom moet 'n mens verwag dat die aanhoudende beluistering van die moderne tipes dekadente ligte musiek (ruk-en-rol-, "soul"- en "pop"-musiek) die gevoelspatroon en mettertyd die hele persoonlikheid so sal verander en ombou dat die mens verdierlik en hom of haar oorgee aan seksuele uitspattighede wat tevore miskien as absurd en ondenkbaar beskou is.

Jeugdiges en hulle ouers behoort derhalwe baie ernstige aandag te gee aan die musiek waarna geluister word.

Dis is geen onskuldige vermaak nie!!

Tereg waarsku G. T. Armstrong: Musiek is 'n geweldige mag.¹⁹

"En wat die mens daartoe kan verlei" — die moderne musiek is 'n sataniese middel wat skynbaar ongemerk besig is om in hierdie verband ook sy tienduisende te verslaan, veral in sy kombinasie met die moderne dans, die bioskoop, televisie, pornografie, ens.

5. Motors

As hier gespreek word van motors as 'n middel wat 'n mens tot ongeoorloofde seksuele omgang kan verlei, gaan dit nie oor die motor as vervoermiddel nie maar oor die motor as 'n "mobiele slaapkamer".²⁰

'n Jongman en 'n meisie alleen in 'n motor: op 'n stil pad, by 'n eensame plek, 'n entjie weg van die pad af tussen bome, by 'n inryteater, in elk geval weg van die toesig en teenwoordigheid van ouers en vriende af — dit is heel dikwels besonder gunstige omstandighede en die ideale atmosfeer vir onkuise daade, sonder dat dit juis vooraf deur een of albei van die twee partye beplan is.

In Amerika het die saak reeds so 'n omvang bereik dat 'n motor vir 'n jongman wat met 'n meisie wil uitgaan nie meer as 'n luukse item beskou word nie maar as 'n absolute noodsaaklikheid. By die grootste deel van die Amerikaanse jeug (en ouers?) is dit feitlik ondenkbaar dat 'n jongman 'n afspraak met 'n meisie kan nakom sonder 'n motor. Die Amerikaanse skrywer, G. T. Armstrong, verklaar in hierdie verband: "The whole dating patterns of modern Americans have been formed and shaped around the automobile ... Most youngsters today wouldn't know *how* to date without an automobile as the central means to a date".²¹ Die ongelukkige gevolge hiervan het egter nie weggebly nie — soos 'n mens trouens kon verwag het. Dieselfde skrywer dui die resultaat van hierdie praktyk kort en kragtig aan deur te sê: "Thousands of the shotgun marriages began in the back seats of cars".²²

Nou is dit sekerlik waar dat die situasie in hierdie verband hier by ons in Suid-Afrika nog nie so erg is soos in sommige oorsese lande en veral in Amerika nie. Tog moet ons aan die ander kant nie probeer voorgee dat dit by ons met die jong ongetroude paartjies in

¹⁸ J. J. A. van der Walt: a.w., bl. 11, 12.

¹⁹ G. T. Armstrong: a.w., bl. 52.

²⁰ G. T. Armstrong: a.w., bl. 35: "Automobiles have become mobile bedrooms".

²¹ G. T. Armstrong: a.w., bl. 38, 39.

²² G. T. Armstrong: a.w., bl. 38.

motors op eensame paaie of plekke so onskuldig daaraan toegaan nie. Die praktyk het ook in ons eie midde herhaaldelik bevestig dat die motor, wanneer 'n jongman en 'n meisie alleen daarin is, beslis nie sonder baie groot aarseling "'n rein en kuise mobiele eenheid" genoem word nie.

"En wat die mens daartoe kan verlei" — ons twee alléén in die motor!

Jongman en meisie, pas tog op !

Ouers wees gewaarsku ! !

6. Film en bioskoop²³

Die bioskoop het in ons tyd die plek geword waar 'n baie groot deel van die wêreldbevolking hulle ontspanning gaan soek. Volgens 'n berekening wat in 1950 gemaak is, gaan oor die hele wêreld 300 miljoen mense per week na die bioskoop. Ook in ons land het dit ongetwyfeld die ontspanningsterrein geword wat die drukste besoek word.

Hoewel dit erken moet word dat daar sekere goeie films is wat 'n sedelik hoogstaande gees adem, kan dit nie ontken word nie dat die meeste films wat in bioskope vertoon word van 'n lae morele peil is. Trouens, 'n opname het getoon dat 95% in die laaste kategorie val.

Die doel van die bioskoop is immers om geld te maak deur mense wat toegangsgeld moet betaal daarheen te lok. Om die doel te bereik, word enige middel aangewend. 'n Middel wat veral met baie groot sukses aangewend word, is die spekulasie met sekere maklik prikkelbare drange van die mens. Derhalwe is die sensasionele, en dit wat die mens seksueel prikkel van lewensbelang vir die moderne film- en bioskoopbedryf.

Ter staving hiervan dien die volgende mededelings in 'n bekende dagblad: "Europese filmers het jare gelede besef dat "openlike" seks. .. baie bydra tot 'n rolprent se welslae in die kaartjieskantoor... Hollywoodse filmers — wat hoofsaaklik in terme van klinkende munt en krakende note dink — het nou begin besef dat hulle vinnig sal moet optree as hulle in die "behoefte" wil voorsien". En die "behoefte" waarin voorsien moet word, is die behoefte waarin die bestaande sedelikheidsopvattinge al meer verwerp word en die naakte vroulike liggaam steeds meer as lokaas gebruik word.²⁴

Die meeste films van ons tyd is doelbewus daarop gerig om die sinne te prikkel en seksuele begeertes op te wek. Hierdie feit bepaal natuurlik ook weer watter vrouens in 'n kans staan om as filmsterre te fungeer, naamlik slegs hulle wat deur hulle liggaamsbou — wat dan besonder beklemtoon word — prikkelend op die bioskoopgangers kan inwerk. In 1956 is in Parys, Frankryk, reklame gemaak vir 'n bepaalde film en met die volgende woorde in groot liggende letters is verwys na die filmster wat daarin optree: "Marilyn Monroe, die mees begeerde vrou ter wêreld". En in die film "The Carpetbaggers" verskyn die "seksimbool" Carol Baker vir vyf-en-dertig sekondes nakend op die doek.²⁵ Bowendien verwag kenners van die filmwêreld dat hierdie situasie nog steeds sal vererger. Een van hulle het verklaar: "Een ding kan 'n mens met sekerheid aanvaar: die tradisionele sekssimbole sal eerlank verdwyn. In hulle plek sal ons iets rouer kry".²⁶

Die filmbase weet baie goed watter plek die seksuele hartstog inneem in die lewe van die deur sonde verwerde mensheid. Daarom het hulle op sowel brutale as geraffineerde wyse juis die snare van die menslike hartstogte begin bespeel en die films aangepas by die smaak en sondige begeertes van die massa. Daarom staan hierdie films van begin tot end in diens van die vors van die duisternis en beteken dit 'n afbraak van die koninkryk van God. Die kind van God moet dit vermy, gedagtig aan die waarskuwing van

²³ Vgl. P. J. de Bruyn: *Bewaar jou goeie pand*, bl. 132—141. A. J. van Rooy: *Toneel, film, radio en beeldradio vanuit Calvinistiese gesigspunt*, Potchefstroom (I.B.C.), 1968, bl. 11—23.

²⁴ *Die Transvaler*, 10-4-1964, bl. 17.

²⁵ *Die Transvaler*, 10-4-1964, bl. 17.

²⁶ *Die Transvaler*, 10-4-1964, bl. 17.

Christus: "As jou regteroog jou dan laat struikel, ruk dit uit en gooi dit van jou af weg; want dit is vir jou beter dat een van jou lede vergaan en nie jou hele liggaam in die hel gewerp word nie" (Matt. 5:29).

Dit gebeur reëlmattig dat in die gewone films wat in die bioskope vertoon word die werklikheid deur aksentverskuiwing vervals word. Dit geskied in so 'n mate dat die films selfs die groot *lewensverleuning*²⁷ genoem is. A. Bouman sê in hierdie verband: Die ernstige beswaar wat 'n mens teen baie films kan aanvoer, is dat hulle die *werklikheid vervorm en vervals*, terwyl die jongmens dit dikwels nie beseef nie.²⁸ 'n Ander skrywer verklaar weer: Die oorgrote deel van die rolprente bestaan uit blinkende leuens; 'n wêreld wat uit louter skyn bestaan en waarin die norme byna altyd vervals word, word voor oë getower.²⁹ So word die liefde menigmaal voorgestel as die spel van sinlike verlaafdes. Mooi liggaamsbou word meesal meer beklemtoon — asof dit belangriker is — as die adel van 'n waarlik liefdevolle, opofferende hart.

Die film bring 'n mens in 'n droomwêreld wat soms baie weinig in ooreenstemming is met die werklike feite en harde werklikheid van die lewe, maar terselfdertyd gee dit die indruk asof dit die volle lewe waar en eg weergee. Die film verdraai en verromantiseer die werklikheid, terwyl die toeskouer onder die indruk verkeer dat hy met die waarheid te doen het.

Hierin is seker een van die grootste gevare van die bioskoop geleë, naamlik dat die gereelde bioskoopganger sy lewe, miskien heeltemal onbewus, probeer inrig volgens die illusie van die werklikheid wat hy op die doek sien. Die gevolg is dat sy sin vir waardes en siening van die lewensprobleme ook 'n aksentverskuiwing in 'n ongunstige sin ondergaan. Die leuen van die bioskoop aanvaar hy dan as waarheid en volgens hierdie "waarheid" probeer hy ook lewe.

S. J. Popma sê dat die gereelde bioskoopganger onbewus of half bewus sy woorde, dade en gedagtes rig na wat hom voorgetower is. In haar gelaatsuitdrukkinge en die wyse waarop sy haar hare opmaak, volg die meisie die voorbeeld van 'n vereerde filmster — selfs in die manier van loop, gaan sit en opstaan. Verliefdes vertoon omgangsvorme wat kennelik uit Hollywood ingevoer is.³⁰ Daar bly in die siel van die gereelde bioskoopganger 'n besinnsel agter wat geestelike chaos beteken.³¹

In die lig van die voorgaande behoort dit baie duidelik te wees dat die film — wat op sigself 'n kultuurskat en 'n gawe van God is — soos dit tans gebruik word in die openbare teaters, beslis genoem kan word as 'n middel wat 'n mens tot sonde op seksuele gebied kan verlei. Derhalwe behoort die gelowige jongmens dit te vermy.

Vir gesonde ontspanning in hierdie verband is dit noodsaaklik dat ons sedelik hoogstaande films kry wat heeltemal losgemaak is van die hedendaagse Hollywoodagtige bioskoopwese.³² Daarvoor moet ons ons beywer.

Die ongelowiges en wêreldmense mag hierdie standpunt belaglik vind, maar vir die gelowige beteken dit gehoorsaamheid aan die woord van Christus: "Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan. Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei en daar is min wat dit vind" (Matt. 7:13, 14).

²⁷ S. J. Popma: *De psychologie van de filmverking*, in: Onze houding tegenover bioscoop en film, Rotterdam, 1947, bl. 7.

²⁸ A. Bouman: *Bioscoop en jeugd*, in: Onze houding tegenover bioscoop en film, Rotterdam, 1947, bl. 14.

²⁹ P. Jongeling: *Woord en wandel*, Groningen, 1959, bl. 131.

³⁰ S. J. Popma: a.w., bl. 5, 6.

³¹ S. J. Popma: a.w., bl. 9.

³² Vgl. Andries Treurnicht: a.w., bl. 43.

7. Sterk drank

Hoewel die gebruik van sterk drank nie beskou kan word as 'n direkte middel wat 'n mens tot ontug kan verlei nie, speel dit tog as indirekte middel 'n baie belangrike rol. "Getuienis wat aan die komitee van die Britse Mediese Vereniging voorgelê is, het getoon dat dronkenskap nie 'n algemene verskynsel onder jongmense is nie, maar dat dit tog dikwels gebeur dat hulle onwetend genoeg alkohol inneem om hulle oordeelsvermoë en selfbeheer te belemmer".³³ In die verband is ook verklaar: "Daar is vandag baie vroue wat met waarheid kan getuig dat dit geheel en al aan die invloed van drank te wyte was dat hulle hul kuisheid prysgegee het".³⁴

Hieruit is dit duidelik dat ons hier tog met 'n baie belangrike saak te doen het.

Waar 'n jongman en 'n meisie onder normale omstandighede nie tot voorhuwelikse seksuele omgang sou oorgaan nie omdat hulle oordeelsvermoë en selfbeheersing hulle in staat sou stel om dit te weerstaan, daar is dit juis hierdie oordeelsvermoë en selfbeheersing wat deur die inname van sterk drank so verswak word dat hulle onder sulke omstandighede wel daartoe kan oorgaan.

Ongelukkig gebeur dit soms dat 'n jongman op subtiele wyse 'n meisie onwetend te veel alkohol laat inneem sodat sy op sy versoek en aandrang tot seksuele omgang makliker toegee. Daarvoor moet die meisie op haar hoede wees. Daarom behoort sy ook nie saam met onbekende mans uit te gaan nie. Die "blind date" kan haar lewe ruïneer.

As die inname van alkohol boonop gepaard gaan met dans en wilde musiek, word die gevaar van seksuele oortredings nog groter.

8. Drogredenasies en wanvoorstellings

Jongmense moet op hulle hoede wees en daarteen waak dat hulle nie met drogredenasies en 'n wanvoorstelling van sake verlei word tot seksuele omgang voor die huwelik nie — selfs al word dit gedoen met 'n "vroom" beroep op die Skrif.³⁵ Ons moet nooit vergeet nie dat Satan ook vir Christus wou verlei met skynbaar sprekende, logiese en sterk argumente en selfs met 'n beroep op die Woord van God (Matt. 4:1—11).

Op een van hierdie drogredenasies en wanvoorstellings wil ons die aandag vestig, met die hoop dat dit die jongmense sal help om eers goed te dink voor hulle swig voor 'n argument wat oënskynlik sterk is maar in werklikheid nie slegs swak is nie maar totaal vals.

Om mense te oortuig dat seksuele omgang voor die huwelik gewens en selfs noodsaaklik is, sê 'n Nederlandse psigiater, prof. P. C. Kuiper, dat 'n mens net soos op die ander lewensterreine ook ten opsigte van die seksualiteit met die oog op die huwelik uit die ervaring moet leer. Daar is volgens hom geen rede om hier 'n uitsondering te maak nie. Hy sê: Sou 'n mens met sy huwelik minder erns aan die dag moet lê as met die koop van 'n balpunte? 'n Mens toets dit tog eers.³⁶

Volgens oppervlakkige oordeel lyk dit of prof. Kuiper 'n logiese en sterk argument het: as 'n mens selfs by so 'n onbelangrike saak soos die koop van 'n balpunte *ondersoek instel* of dit in jou hand lekker en na smaak skryf, behoort 'n mens dit tog met baie meer erns te doen met die seksuele met die oog op die huwelik.

Tog is hierdie argument uiters onlogies en baie swak vir enige jongmense wat in staat en bereid is om verder te dink as wat sy of haar neus lank is en nie bereid is om sy of haar optrede bloot deur opwellende emosies te laat bepaal nie.

³³ B. Bodenstab: *Geslagsiekte as 'n maatskaplike- en geestesgesondheidsprobleem*, bl. 2 — ongepubliseerde lesing.

³⁴ W. Melville Capper en H. Morgan Williams: a.w., bl. 112, 113. Vgl. ook Sophie Meiring: a.w., bl. 41, 42; Andries Treurnicht: a.w., bl. 43, 44; Th. Bovet: *Nu jongen straks man*, bl. 43; Arthur Unger & Carmel Berman: a.w., bl. 4.

³⁵ Vgl. G. Barczay: a.w., Barczay is 'n Switserse predikant.

³⁶ P. C. Kuiper: a.w., bl. 51, 52.

Op enkele van die drogredeenasies en wanvoorstellings wat in hierdie argumentasie van prof. Kuiper verskuil lê, wil ons die aandag vestig.

'n *Pen* is 'n dooie instrument wat self niks kan doen nie maar waarmee 'n mens iets moet doen; 'n *mens* is 'n lewende wese met 'n eie persoonlikheid wat nie maar passief met hom laat doen wat ander wil nie maar self ook besluit wat hy doen of met hom laat doen.

'n *Pen* word by die koop daarvan getoets slegs met een doel: of dit goed en lekker skryf; 'n vergelyking tussen die toets van 'n pen voor dit gekoop word en die toets van 'n ander *mens* deur seksuele omgang met die oog op die huwelik sou dus alleen kon plaasvind as die hele sin en doel van die huwelik net seksuele omgang sonder enigiets meer was en sake soos liefde, 'n hulp vir mekaar wees, kameraadskap, ens. in die huwelik heeltemal uitgeskakel word.

'n *Pen* skryf dikwels goed as dit voor die aankoop in die winkel getoets word; maar nadat tuis ongeveer 'n bladsy daarmee geskryf is, blyk dit dat dit beslis nie effektief is nie. Sou dit nie ook gesê kon word van 'n "seksuele toets" van 'n ander *mens* met die oog op 'n huwelik nie? Dan kan so 'n toets in elk geval nie 'n gelukkige huwelik verseker nie.

Nog meer wanvoorstellings in die argumentasie van prof. Kuiper sou aangedui kan word. Hierdie behoort egter genoeg te wees om jongmense te waarsku om nie alles wat in die verband verkoop word vir soetkoek op te eet nie.

HOOFSTUK XI

DIE BESONDERE VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE VROU

UIT die geskiedenis leer ons dat die vrou 'n buitengewone groot verantwoordelikheid het ten opsigte van die bewaring en handhawing van goeie en opbouwende sedes. Sedelike korrupsie en verval tree gewoonlik eers dan in wanneer die vrou haar stryd daarteen gewonne gee of, nog erger, as sy self aktief daaraan begin meewerk en haar daarvoor laat gebruik. 'n Duitse deskundige in hierdie verband, prof. Otto Piper, gaan selfs so ver om te verklaar: Die feit dat daar so baie buite-egtelike kinders gebore word, is nie soseer aan die "onversigtigheid" van die man te wyte nie maar aan die seksuele oorgawe van die vrou.¹

Dit tref 'n mens dan ook dat die verval van publieke lewe soos dit aan ons voorgehou word in Jesaja 3 — 'n tyd van buitengewone materiële voorspoed — geteken word met 'n beskrywing van die geestelike vervlakking en sedelike verwildering van die vrou. In 'n kommentaar oor die betrokke hoofstuk sê wyle prof. J. D. du Toit (Totius) ook: "Daar is geen sekerder teken van die verval van die staat as die verval van die vrou nie".²

Die feit dat die vrou liggaamlik en geestelik in verskeie opsigte anders is as die man, bring mee dat haar optrede en voorkoms ook anders beoordeel word as die van die man.³ Wat hier bedoel word, kan met twee voorbeelde uit die praktyk geïllustreer word:

As 'n man in sy uiterlike verskyning en klededrag slordig is, lyk dit lelik, maar as dieselfde van die vrou geld, lyk dit erger as by die man — soms byna afstootlik.

As 'n man vloek en vuil praatjies praat, stuit dit 'n mens (veral die Christen) teen die bors. As 'n vrou dit egter doen, laat dit 'n mens voel as absoluut verregaande.

Waarom is dit so?

Omdat die vrou so deur God geskape is dat 'n edeler en meer verfynde vorm van optrede eintlik deel vorm van haar vroulikheid. 'n Amerikaanse medikus praat in hierdie verband van 'n "ingebore vroulike terughoudendheid".⁴

Terwyl sy liggaamlik swakker is as die man, beskik die vrou oor 'n besondere geestelike krag, veral die krag van die liefde en wat daarmee saamhang, waardeur sy die man in die reël oortref. Die aanduiding van die normale vrou as "'n stille krag" is dus beslis nie onvanpas nie.⁵

Hierdie ingeskape andersheid tussen man en vrou word nou as 't ware intuïtief deur die mens aangevoel. Vandaar dan ook die rede waarom die optrede van die vrou gewoonlik anders beoordeel word as die van die man.

In die Bybel met Verklarende Aantekeninge word by die verbod aan die man en die vrou om mekaar se klere te dra (Deut. 22:5) die volgende verklaar: "Die strekking van hierdie gebod (sien ook v. 9—11) is dat die eie aard van alle dinge wat God by die skepping daarin gelê het (Gen. 1:12, 24, 25, 27), geëerbiedig moet word".

¹ Otto A. Piper: *Man en vrou — betekenis en misterie van de seksualiteit naar Bijbelse visie*, Franeker, 1954, bl. 118.

² J. D. du Toit: *Wêreldrewolusie en wêreldbou*, Potchefstroom, 1954, bl. 2.

³ D. Wiersma: *Man en vrouw — maatschappelijk en onmaatschappelijk*, Leiden, 1968, veral bl. 9—61.

⁴ S. I. McMillen: a.w., bl. 59.

⁵ Vgl. ook H. C. J. Flemming: *Huweliksvoorligting 2*, bl. 10: "Meestal is dit die man wat aandrang op groter intimiteit as wat vir ongetroudes geoorloof is, maar die meisie het die mag om die grense wat vir verloofdes vasgestel is te handhaaf".

Dat dit ook geld van die ingeskape "eie aard" van die vrou waardeur sy volgens inbors en karakter anders is as die man, ly geen twyfel nie. Trouens, alleen as sy aan hierdie ingeskape eie aard getrou bly, kan sy haar godgegewe roeping op aarde vervul en as 'n stille krag remmend inwerk op die voortgang van die sonde.

Hierdie saak het ongelukkig ook 'n ander kant.

As hierdie besondere "eie aard" en innerlike krag van die vrou in die mag van die duiwel gestel word, dan verander die edeler en verfynder inbors van die vrou in 'n sluwe listigheid waarteen selfs geestelike sterk mans soms nie bestand is nie. Dat baie mans se lewens en loopbane deur so 'n optrede van 'n vrou tot ondergang gedoem is, is herhaaldelik deur die geskiedenis bevestig. Daar was en is baie meer listige en verleidelike Delilas as die een wat Simson se lewe verwoes het.

Dit kom dus daarop neer dat as die vrou, wat juis deur haar besondere innerlike krag, veral in geestelike en morele opsig, 'n sterk behoudende element in die lewe moet wees — as sy onder die invloed van die sonde die bederwende element geword het, dan is die skrif aan die muur vir die samelewingskring of volk waar hierdie tipe vrou gevind word. Dan laat sy hulle veel gouer in die afgrond van ellende instort as wanneer sy glad nie daar sou gewees het nie. Dan — maar seker ook dan alleen — kan met reg saam met die kerkvader Tertullianus verklaar word: "Vrou, jy is die poort van die hell!"⁶

Hieruit is dit duidelik dat een van die grootste rampe wat 'n volk kan tref, die geestelike en morele verval van die vrou is — as die behoudende element juis die bederwende element geword het.

In die lig van bovermelde moet 'n mens blind wees as jy nie die gevaarseine vir die Westerse beskawing en ook vir ons eie land en volk opmerk nie. Die emansipasie van die vrou het baie dinge tot gevolg gehad waarvoor ons ons moet verbly. Tog was dit nie sonder nadelige gevolge nie.

Op twee van hierdie nadelige gevolge wil ons die aandag vestig:

Eerstens is in hierdie proses die karakteristieke en ingeskape "eie aard" van die vrou nie geëerbiedig nie sodat haar vroulikheid nadelig daardeur getref is. Sy is besig om haar vroulikheid op te offer deur soos die man te probeer wees. In sy boek "De tijd aller tijden", waarin A. de Ligne op aangrypende wyse 'n ontleding gee van die moderne tyd, verklaar hy: Die vrou drink, rook, knip die hare af, dra die broek en verlustig haar in sinlose lektuur; byna niks vrouliks het meer in haar oorgebly nie. Met benoude voorgevoelens dink ons aan die kinders wat uit haar gebore word.⁷

As tweede nadelige gevolg wil ons hier noem die feit dat die karakteristieke en ingeskape "eie aard" van die vrou in ons tyd inderdaad op verkeerde en sondige wyse gebruik (eintlik misbruik) word, sodat sy nie meer 'n behoudende element in die lewe is nie maar 'n bederwende. Dink maar daaraan dat die vrou vandag onder die geledere van die talle groepe wanordestigtende betogers in die voorste rye aangetref word. Dink veral daaraan dat die vrou toelaat dat haar byna naakte liggaam sinneprikkelend as die vernaamste en "mees geslaagde" advertensiemiddel gebruik word. In sy genoemde boek verklaar A. de Ligne: In die populêre pers vind ons 'n eindelose verskeidenheid van advertensies van korsette, nylonkouse, hemde, swempakkies, reukwater, lipstiffies, sigarette — alles in die raamwerk van afdruppende seksualiteit. As reklame vir seep, poeier en reukwater gemaak word, dan word geadverteer dat dit die vel versag, die soen aangenamer, die omhelsing

⁶ Vgl. I. A. Diepenhorst: *De emansipatie van de vrouw*, Kampen, s.j., bl. 55.

⁷ A. de Ligne: *De tijd aller tijden*, Franeker, s.j., bl. 44.

heerlik en die seksuele aangetrokkenheid onweerstaanbaar maak.⁸

As dit waar moet wees — en wie kan dit betwis? — beteken dit onteenseglik dat die lewe van die vrou van vandag staan in die teken van verval, en dit voorspel beslis niks goeds vir die toekoms nie, veral nie vir die jeug nie, want hulle wil tog so graag in tel wees en doen wat "die ander" doen.

Daarom moet alles in die werk gestel word om die vrou haar ingeskape en karakteristieke "eie aard" te laat behou en op 'n Christelike grondslag uit te bou. In hierdie verband vra die opvoeding van veral die dogters besondere aandag.

So alleen kan die vrou weer waarlik 'n "stille krag" wees, terwyl daar 'n magtige behoudende krag en bederfwerende invloed van haar uitgaan.

⁸ A. de Ligne: a.w., bl. 40.

HOOFSTUK XII

DIE VERANTWOORDELIKHEID VAN GESINSLEDE TEENOOR MEKAAR

KUISHEID voor die huwelik word in die Bybel in 'n baie ernstige lig beskou — so ernstig dat nie slegs die individue daarvoor moes sorg en dit moes nastreef nie, maar ook gesinslede moes in die verband op mekaar ag gee. Dit blyk onder andere uit die optrede van Laban teenoor die dienskneg van Abraham in verband met Rebekka (Gen. 24) en uit die optrede van die broers van Dina, die dogter van Jakob (Gen. 34). Dit word egter op 'n besondere wyse aan ons voorgehou in *Hooglied 8:8–10*. Daar lees ons:

"Ons het 'n klein sustertjie wat nog nie borste het nie; wat moet ons met ons suster maak die dag as sy gevra word? As sy 'n muur is, sal ons 'n silwerrand daarop bou, en as sy 'n deur is, sal ons dit met sederplanke toeslaan. Ek is 'n muur, en my borste soos torings: toe het ek in sy oë geword soos een wat vrede vind".

Hierdie woorde word deur die bruid uitgespreek aan die einde van die boek Hooglied.

In die eerste deel vertel sy wat haar broers van haar gesê het toe sy 'n jong dogtertjie was. Hulle het saam met haar die verantwoordelikheid gehad om te sorg dat sy kuis lewe en maagdelik rein bly tot die dag van haar huwelik.

Hulle het toe met mekaar beraadslaag wat hulle sou doen as sy liggaamlik en geestelik sodanig ontwikkel het dat sy in die huwelik kan tree. Die besluit waartoe hulle gekom het, was om haar fyn dop te hou en goed op te let hoe sy haar gedra. Dan sal hulle sien of sy in haar verhouding tot mans soos 'n *muur* is of soos 'n *deur*.

'n *Muur* is heeltemal toe; 'n *deur* bied 'n opening.

'n *Muur* is 'n beeld van standvastigheid; 'n *deur* van onstandvastigheid.

'n *Muur* kan nie oopgemaak word nie; 'n *deur* kan wel oopgemaak word.

Wat die broers met hierdie beeldspraak wou sê, is duidelik.

As sy soos 'n muur is, is sy afwerend teenoor jongmanne wat haar reinheid, kuisheid en maagdelikheid enige skade wil aandoen. Dan openbaar sy self 'n vaste karakter en edele inbors: eerbaar, kuis en rein. Haar broers sal bly wees as dit so is en hulle sal haar daarvoor eer. Op so 'n muur sal hulle 'n silwerrand bou. Dit is die erekroon wat haar broers op haar as muur van reinheid sal plaas.

As sy soos 'n deur is, is sy onstandvastig en geneig om toe te gee aan die onkuisse seksuele begeertes van sekere jongmanne. Dan sal haar broers drastiese stappe neem: so 'n swak deur sal hulle met harde en duursame sederhout toeslaan. Hulle sal oor haar waak en haar beskerm teen haar eie onvermoë om haarself maagdelik kuis en rein te hou.

Die groot saak wat hier beklemtoon word, is *dat die jongmeisie maagdelik rein moet bly tot die dag van haar huwelik*, en as sy self nie in staat is om daarvoor te sorg nie, sal die ander lede van die gesin en in besonder haar broers dit doen.

Etlike jare het sedertdien verbygegaan. Sy het intussen gegroei tot volwassenheid. Nou vertel sy self wat die uitslag van die toets was: "*Ek was 'n muur*". Dit was nie vir haar broers nodig om oor haar bekommerd te wees nie. Deur die krag en genade van God was sy in staat om weerstand te bied teen die verkeerde en onreine.

Die beeldspraak van die muur brei sy op fynsinnige wyse verder uit: "*My borste was soos torings*". Haar borste, die tekens van haar volwassenheid, het dieselfde funksie vervul wat wagtoringe in 'n ommuurde vesting vervul. Dit waarsku die vyand om op 'n versigtige afstand te bly — ook h  r vyand: die manne wat met verkeerde bedoelings

jeens haar kuisheid naby haar wil kom. Sy was *ongenaakbaar*. Haar bruidegom self noem haar immers "'n gesluite tuin", "'n gesluite bron", "'n verseelde fontein" (4:12). Sy het geen ongeoorloofde seksuele avontuurtjies begeer nie. Daarvoor het sy nie haar liggaam van God ontvang nie.

So het dit gebly tot die ware liefde tot haar huidige bruidegom gekom het. Dit was beslis nie 'n blote "liggaamlike en seksuele liefde" nie maar 'n liefde wat sy self tipeer as "'n vlam van die Here" (8:6). Die verandering wat daar toe by haar ingetree het, teken sy soos volg: "Toe het ek in sy oë geword soos een wat vrede vind". Eintlik sê sy dat sy teenoor haar bruidegom geword het soos 'n beleërde stad wat hom oorgee. Haar bruidegom is die beleëraar wat met sy liefde vir haar, haar liefde vir hom gewen het en nou haar as stad met mure en torings inneem en tot sy eiendom mag maak en dit ook inderdaad doen. Die "verseelde fontein" mag nou in die beseelde huwelik wees: 'n bron wat oopgemaak is en liefde na haar geliefde laat uitstroom.

Nou mag hy haar ten volle besit: geestelik en liggaamlik. Nou mag die innigste geestelike en liggaamlike vereniging plaasvind op die basis van 'n egte wedersydse liefde.

Dit is ongetwyfeld noodsaaklik dat ons die sedelike verwildering van ons tyd met sy perverse lewenshouding en seksuele uitspattigheid ook beskou in die lig van die Woord van God soos dit hier aan ons voorgehou word.

Moet baie van die sedelike oortredings soos dit daaglik ondervind word nie ook daaraan toegeskryf word dat die lede van 'n gesin hulle nie meer teenoor mekaar aanspreeklik voel nie? As 'n lid van 'n gesin ongeoorloofde dinge begin doen of 'n neiging na die verkeerde openbaar, sal pa en ma miskien nog praat maar die broers en susters doen in die verband in die reël weinig of niks. Die houding word ingeneem dat dit sy of haar saak is en dat ek my neus nie in 'n ander een se sake wil steek nie.

Die verbroekeling van die gesinslewe eis dus sy slagoffers ook in hierdie verband.

Ten diepste het ons hier met 'n liefdelose Kainshouding te doen: Is ek my broer se wagter?

Laat ons as gelowiges dit tog goed begryp: as broers en susters en as broeders en susters in Christus *is ons* ook ten opsigte van die seksuele mekaar se wagters, moet ons oor mekaar waak en is ons vir mekaar se geestelike en liggaamlike welsyn verantwoordelik. Wie miskien nog daaroor twyfel, moet baie goed luister na die volgende woorde van die Here:

"As Ek aan die goddelose sê: Jy sal sekerlik sterwe — *en jy waarsku hom nie* en spreek nie om die goddelose vir sy goddelose weg te waarsku en hom in die lewe te hou nie, dan sal hy, die goddelose, deur sy ongeregtigheid sterwe; *maar sy bloed sal Ek van jou hand eis...* En as 'n regverdige hom van sy geregtigheid afkeer en onreg doen en Ek 'n struikelblok voor hom gooi, dan sal hy sterwe; *omdat jy hom nie gewaarsku het nie*, sal hy deur sy sonde sterwe, en aan sy geregtigheid wat hy beoefen het, sal nie gedink word nie; *maar sy bloed sal Ek van jou hand eis*" (Eseg. 3:18, 20).

Daardie broer of suster van jou wat seksueel geval of verval het — sal God nie sy of haar bloed van jou hand eis nie?

HOOFSTUK XIII

"JY IS PREUTS EN OUTYDS"

DIT gebeur dikwels dat as gelowiges, veral gelowige jongmense, nie wil meedoen aan ongeoorloofde vryery, aan onsedelike en onkuise handeling en selfs hoerery nie, hulle deur die ander wat dit wél doen, bespot en belaglik voorgestel word en met allerlei spotnaampies soos "square", ens. betitel word.

Dit moet die gelowiges geensins afskrik of hinder nie. Daarin word juis hulle heilige, Christelike andersheid geopenbaar. Daarin kan gesien word dat hulle nie op die breë pad na die verderf is nie maar op die moeilike smal pad na die ewige lewe.

As gelowiges moet ons onthou dat ons altyd moet voldoen aan die vereiste om, soos die apostel Petrus dit stel, *vreemdelinge en bywoners* op aarde te wees (1 Petr. 1:1 en 2:11).

Dit beteken dat ons moet lewe onder die besef dat ons hier in hierdie sondige wêreld nie ons eintlike tuiste het nie. Omdat ons burgerskap in die hemele is, is ons vreemdelinge hier, mense dus wat nie hier op aarde genaturaliseer is nie. Ons moet lewe soos mense wat vir hulle 'n skat in die hemel vergader het en wie se hart ook werklik daar is waar hulle skat is (Matt. 6:19—21).

So 'n lewenshouding is vir die wêreldmense vreemd. Dit is vir hulle "so anders". Hulle kan dit nie verstaan dat ons nie wil meedoen aan die sondige praktyke en genietinge wat die wêreld ons aanbied nie. Dit gee dan dikwels ook daartoe aanleiding dat hulle met ons spot, ons as bekrompe en outyds bestempel.

Dat die wêreldmense so 'n houding teenoor die gelowiges openbaar, het ook die eerste Christene ervaar. Dit blyk veral uit die eerste sendbrief van Petrus.

Voordat hierdie eerste Christene tot geloof in Christus gekom het, het hulle "*die wil van die heidene volbring* deur te wandel in ongebondenheid, begeerlikheid, dronkenskap, brassery, drinkpartye en ongeoorloofde afgoderye" (1 Petr. 4:3).

Hierdie heidense praktyke het hulle egter nagelaat toe hulle Christene geword het. Hulle wou nie meer daaraan meedoen nie. En dit was vir die ongelowiges so vreemd. Dit was ook die rede waarom hulle die gelowiges bespot en belaster het. Petrus sê hiervan:

"Daarom vind hulle dit vreemd as julle nie saam loop in dieselfde uitgieting van losbandigheid nie, en hulle laster" (1 Petr. 4:4).

As dieselfde dus met ons gebeur omdat ons nie wil meedoen aan die onkuise en onsedelike handeling van ander jongmense nie, moet ons nie daarvoor sleg voel nie, want daaruit blyk juis dat ons ware kinders van God is. Christus het self immers verklaar: "Salig is julle wanneer die mense julle beledig en vervolg en valslik allerhande kwaad teen julle spreek om My ontwil. Verbly en verheug julle omdat julle loon groot is in die hemele" (Matt. 5:11, 12).¹

¹ A. Lunn en G. Lean: *The new morality*, bl. 162, 163: "The pathetic fear of being called 'smug' or 'fuddy-dubby' or 'puritan' is responsible for the defeatism of many Christians. Some of those who use the word 'puritanism' to designate the reaction against the New Morality need to be reminded that the Puritans were not the first eccentrics to disapprove of fornication, and that it is in fact not puritanism but historici Christianity which, to quote Bishop Butler once again, is being set up 'as a principal subject of mirth and ridicule, as it were by way of reprisal for its having so long interrupted the pleasures of the world'. *Ridicule* — that is the point. Only those who are not intimidated by ridicule can hope to make an effective stand for Christian morals."

HOOFSTUK XIV

SAL GOD MY VERGEWE

DIT is reeds duidelik aangetoon dat alle geslagsomgang buite die huwelik 'n gruwelike sonde is omdat dit 'n verwerping van die uitdruklike bevele van die Here beteken.

Tog is dit nodig om net so sterk te beklemtoon dat God altyd bereid is om die sondes te vergewe — ook die sondes op seksuele gebied — mits die mens wat gesondig het natuurlik werklik daarvoor berou het, dit onomwonde en ootmoedig voor God bely en hom of haar van harte voorneem en ook daadwerklik stry om dit nooit weer te doen nie.

God se bereidwilligheid om ons sondes, ook die seksuele sondes te vergewe, loop soos 'n blinkende goue draad dwarsdeur die Bybel.

Daarvoor het Christus immers in ons plek gely en gesterwe.

Daarvan getuig die apostel Petrus in woorde wat vir geen misstand vatbaar is nie as hy verklaar: "Want Christus het ook eenmaal vir ons sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring" (1 Petr. 3:18). Daarom kan Paulus ook sê dat ons vrede het met God deur ons Here Jesus Christus (Rom. 5:1).

By monde van die profeet Esegïël stel die Here sy bereidwilligheid om ten volle te vergewe ook duidelik as Hy sê:

"As die goddelose hom bekeer van al sy sondes wat hy gedoen het, en al My insettinge onderhou en reg en geregtigheid doen, sal hy sekerlik lewe, hy sal nie sterwe nie. Al sy oortredinge wat hy begaan het, sal hom nie toegereken word nie; deur sy geregtigheid wat hy gedoen het, sal hy lewe. Het Ek miskien 'n behae in die dood van die goddelose? spreek die Here. Nie liever daarin dat hy hom bekeer en lewe nie? ... Bekeer julle dan en lewe!" (Eseg. 18:21–23, 32).

Aan die vrou wat op die daad van ontug betrap is, deur die Fariseërs na Christus gesleep is, maar uiteindelik met berou in haar hart alleen voor Hom gestaan het, het Hy gesê:

"Ek veroordeel jou ook nie. Gaan heen en sondig nie meer nie" (Joh. 8:11).

Dit is op grond van hierdie oorstelpende bereidwilligheid van God om ter wille van die soenverdienste van Christus ons sondes te vergewe dat in ons doopformulier met soveel nadruk verklaar word: "En as ons somtyds uit swakheid in sondes val, *moet ons nie aan die genade van God twyfel of in die sondes bly lê nie*, aangesien die Doop 'n seël en ontwyfelbare getuienis is dat ons 'n ewige verbond met God het".

Ja, God se bereidwilligheid om ter wille van Christus ook ons seksuele sondes te vergewe, is aangrypend en oorweldigend.

Tog neem dit nie weg nie dat ons die onaangename en soms smartlike gevolge ook van ons seksuele sondes ons hele lewe hier op aarde saam met ons moet dra. Die onaangename herinneringe aan die sondes kan nie maklik vergeet word nie. Die buite-egtelike kind kan nie weggedink of as ongeboore uit die lewe weggetower word nie.

Dit sien ons veral baie duidelik in die geskiedenis van koning Dawid.

Hy het gesondig deur sy ontug met Batseba. Soos so dikwels in die lewe gebeur, het hierdie sonde aanleiding gegee tot 'n ander sonde: die moord op Uria, die man van Batseba. Toe het die Here die profeet Natan na Dawid gestuur om hom ernstig aan te spreek en te bestraf vir die sonde wat hy begaan het. Wat daarna gebeur het, word treffend soos volg beskrywe:

"En Dawid sê vir Natan: Ek het gesondig teen die Here! En Natan sê vir Dawid: So het die Here dan ook u sonde vergewe: u sal nie sterf nie. Maar omdat u die vyande van die Here deur hierdie saak aanleiding gegee het om grootliks te laster, sal die kind wat vir u gebore is ook sekerlik sterwe" (2 Sam. 12:13, 14).

Die verdere deel van Dawid se straf vir sy sonde sou wees dat die swaard nooit uit sy huis sou wyk nie sodat daar voortdurende stryd en opstand in sy huis sou wees (2 Sam. 12:10). Wat hier van Dawid aan ons meegedeel word, kan ons in twee sinne soos volg saamvat:

Ondanks die volle vergewing wat hy van God ontvang, moet hy tog sy straf dra.

Ondanks die straf wat hy moet dra, ontvang hy tog volle vergewing van God.

Op besondere wyse word sowel die *vergewing* van God as die *straf* wat ons vir gedane sondes hier op aarde moet verduur, aan ons voorgehou in Ps. 99:

By U, Here, is
daar *vergiffenis*,
ook al het u trou
nie hul *straf* weerhou (Ps. 99:5 berymd).

Ons moet altyd in gedagte hou: die mens, en veral die gelowige, *sondig n o it goedkoop nie*.

Al ontvang ek volle vergewing van sondes om Christus ontwil sodat ek hiernamaals die ewige heerlikheid sal binnegaan, moet ek hier op aarde soms my hele lewe lank swaarkry as gevolg van my sondes — ook op seksuele gebied.

Die skade wat aan my senuwees gedoen is deur vrees vir 'n moontlike swangerskap en enige ander sake wat voortvloei uit ongeoorloofde voorhuwelikse seksuele omgang, kan 'n sterk bydraende faktor wees om my miskien baie jare later 'n senuwee-ineenstorting te besorg.

Die meisie wat haar maagdelikheid voor die huwelik weggegooi het, kry dit nooit weer terug nie — hoe graag sy dit ook al wou aanbied aan die man wat sy werklik liefhet. Bowendien kan die feit dat sy nie meer 'n maagd is nie die rede wees vir die geliefde man om haar te verlaat vir 'n ander een wat wel 'n maagd is.

Wat sal die jongman en meisie wat "moes trou" later aan hulle tienerjarige seun of dogter antwoord as die vraag gestel word: "Ma (Pa), hoekom is ek gebore nadat Ma en Pa net ses maande getroud was? Dan is ek mos 'n buitewegtelike en ongewenste en in elk geval 'n onwelkome kind gewees!"²

Die prys wat 'n jongman en 'n meisie op die lang duur vir hulle ongeoorloofde voorhuwelikse seksuele verhouding betaal, kan soms baie groot wees — ondanks die sekerheid van volle vergewing deur die Here.

Moet dit nooit vergeet nie !

² Die gevoel van 'n onwelkome kind te wees, is al deur baie romanskrywers uitgebeeld. Vgl. onder andere Elsabe Steenberg: *Die Moerasloper*, Kaapstad, 1968, bl. 9, 10, 11. Die gevoel van Marisa, die hoofkarakter in die boek, nadat sy verneem het dat sy by geboorte 'n onwelkome kind was, word soos volg geteken: "Stadig draai sy kamer toe, sy het dit natuurlik altyd gewee — hoe kon sy eintlik anders, terwyl dit so dikwels oor haar kop heen vertel is asof sy doof is? Van kleins af het sy die gevoel gehad van iemand wat 'n uur laat by 'n partytjie aankom; die koek is ge et, die ballonne is uitgedeel, almal speel wegkruipertjie — en nou is dit skielik nodig om van vooraf koekbordjies en 'n glas koeldrank te soek, verskoning te maak oor die ballonne wat op is. Die gaste verdwyn agter hulle bome en struik terwyl die laatkommer bly staan, w s sy werklik genooi? Is niemand bly omdat sy opgedaag het nie". Later word Marissa se driftiger emosies so geskets: "Sy gooi haar op die bed neer, doof en blind. Ek is 'n ongeluk, n , omdat daar nog nie 'n *pil* was om my geboorte te verhoed nie. Maar as ek hier weggaan, dit sweer ek, kom ek nie terug nie. Nooit, nooit!"

HOOFSTUK XV

ONS ROEPING VANDAG

"Ek het aan u gesê wat die kwale van die moderne mens is — die reddeloosheid en die eensaamheid van die moderne mens. Ek het aan u gesê wat die afdwalinge van die moderne mens is. En nou die geneesmiddel, die enigste: Terug na God!"¹

Met hierdie woorde sluit die Franse skrywer, Raoul Stéphan, die vierde hoofstuk van sy beroemde boek af waarin hy aandui dat die Westerse wêreld in ons tyd op 'n dwaalweg gekom het. Met hierdie woorde dui hy egter ook die enigste weg aan wat gevolg moet word om die hedendaagse seksuele verwildering te oorwin:

Terug na God!

Terug na die Woord en Wet van God!

Terug na die evangelie van Jesus Christus!

Nou mag daar miskien sommige wees wat dit sterk betwyfel of ons deur die uitdra van die evangelie van verlossing in en deur Jesus Christus die voortgaande seksuele verwildering sal kan teëgaan en stuit ten gunste van 'n kuise en Christelike lewe.

In antwoord op die twyfelvraag wys C. G. Scorer tereg daarop dat ons nie moet vergeet nie dat die apostels en lede van die eerste Christelike kerk die verlossingsevangelie uitgedra het in 'n wêreld waarin daar so 'n ontsettende sedelike verval en seksuele verwildering was dat dit nie net vergelyk kan word met die sedeloosheid en seksuele losbandigheid waarmee ons vandag te doen het nie, maar dit in sekere opsigte selfs oortref.²

Die situasie van destyds word deur dr. Huntemann soos volg geskets: Die seksuele lewe in Rome, die hoofstad van die Romeinse imperium, was — oor die geheel beskou — ten tye van die geboorte van Christus losbandiger as in ons tyd. Huweliksbande is baie gou verbreek. Die voorhuwelikse geslagsverkeer met verskeie persone was die reël. Vrugafdrywing is nouliks veroordeel en die gebruik van voorbehoedmiddels was 'n saak waaroor daar hoegenaamd geen verskil was nie — dit is as vanselfsprekend beskou. Omgang met prostitute en bywywe is as heeltemal normaal beskou. Die geboortesyster het skerp gedaal. Augustus was genoodsaak om drastiese maatreëls te tref om die verval van die Romeinse bevolking teen te gaan. Soos uit 'n sekere dekreet afgelei kan word, is mans onder sestig en vrouens onder vyftig verplig om te trou. Manlike en vroulike vrygeselle is verbied om die openbare spele by te woon. Die ruïnes van Pompeï wat oopgegrawe is, toon tekeninge op mure wat getuig van grenslose seksuele banaliteite.³

So het die wêreld gelyk waarin die evangelie van Christus die eerste keer ingedra is.

Wat deur die apostels en eerste Christene verkondig is, is deur hulle tydgenote beskou as ondenkbaar en onmoontlik vir 'n normale lewenswyse. Tog het die Woord van God en die evangelie van Christus uiteindelik getriomfeer en wel in so 'n mate dat die hele lewenswyse van die Westerse wêreld daarmee deursuur is en op die Christelike grondbeginsels gebou is.

Dit is wel waar dat die magte wat die Christelike moraal vandag bedreig en seksuele losbandigheid bevorder van 'n ander aard is as die in die destydse Grieks-Romeinse wêreld. Ten diepste is dit egter tog maar dieselfde omdat die duiwel self in beide gevalle

¹ Raoul Stéphan: *Het Westen op de dwaalweg*, Franeker, 1951, bl. 38. Die boek is bekroon deur die "Académie Française".

² C. G. Scorer: *The Bible and sex ethics today*, Chicago, 1966, bl. 98, 99.

³ G. H. Huntemann: *Seksualiteit*, bl. 22, 23.

die bron van inspirasie agter hierdie bouse aanslae op die Christelike leer en lewe is. Daarom is daar vir ons geen rede om daaraan te twyfel nie dat die waarheid en geregtigheid van die evangelie, ook in ons welvarende, wetenskaplike en materialistiese tyd, die oorhand kan kry oor die bouse magte soos dit gebeur het in die eerste tydperk van die Christelike kerk.⁴

Tog sal ons dit dan baie goed moet beseef dat, sover dit van ons as gelowige mense afhang, ons die Woord van God en die evangelie van Christus *deur woord en daad met dieselfde krag, durf en heilige besieling* verder sal moet uitdra as wat geskied het in die eerste jare van die Christelike kerk.

Die afname van die Christelike invloed in ons tyd kan seker met reg daaraan toegeskryf word enersyds dat die evangelie van verlossing in Christus *nie met die nodige durf en besieling* verkondig is nie en andersyds dat die Christelike woorde nie altyd bevestig is met *Christelike dade* nie. Goedkoop Christelike praterij sonder dat dit gedra word deur die nodige besieling en sonder die bevestiging daarvan deur die Christelike daad, het weinig hoop om veral in ons tyd enige belangstelling te wek. Die roeping wat ons as gelowiges in hierdie verband het, is 'n roeping *na binne* en *na buite*: 'n roeping teenoor onself en ons medemens.

Na binne – teenoor onself:

Ons roeping teenoor onself kom in hoofsaak daarop neer dat ons alles in ons vermoë moet doen om onself te versterk in die geloof in God.

As ons Hebr. 11 lees, blyk dit duidelik dat die gelowiges van die ou tyd, waarvan sommige daar by name genoem word, groot dinge kon doen en veral die mag van die sonde kon weerstaan deur die krag van die geloof in God. Afgesien van die persone en hulle geloofsdade wat daar genoem word, praat die skrywer ook van ander "wat deur die geloof koninkryke oorweldig het, geregtigheid uitgeoefen, beloftes verkry, bekke van leeu's toegestop, die krag van vuur uitgeblus, die skerpte van die swaard ontvlug, krag uit swakheid ontvang het, dapper gewees het in die oorlog, leërs van vreemdes op die vlug gedryf het" (Hebr. 11:33, 34).

Een van die persone wat daar genoem word, is *Josef*.

Deur die krag van die geloof het hy onder andere die poging van Satan om hom ook op seksuele gebied te laat sondig, met beslistheid afgeweer. Toe Potifar se vrou hom tot ontug wou verlei, het hy haar so kinderlik maar tog ook so beslis geantwoord: "Hoe kan ek dan hierdie kwaad doen en sondig teen God?" (Gen. 39:9).

Dit is dus duidelik dat Josef ook die verleiding tot sonde op seksuele gebied kon afweer deur die krag van sy geloof in God en deur sy kinderlike en opregte gehoorsaamheid aan Hom.⁵

Dit is dan ook die rede waarom ons onself moet versterk in die geloof. Deur die geloof verkry ons die geestelike weerbaarheid wat ons so dringend nodig het in ons stryd teen die sonde en die duiwel.

In die verband het ons ter wille van die eer van die Here en ons eie ewige saligheid ook 'n groot en belangrike roeping teenoor onself — 'n roeping wat die Here self op ons lê as hy by monde van Judas aan ons sê:

"Maar julle, geliefdes, moet julleself opbou in julle aller-heiligste geloof" (Judas:20).

Ons moet doelbewus daarop uit wees en daadwerklik ons kragte inspan om onself op te bou en te versterk in ons geloof.

⁴ C. G. Scorer: a.w., bl. 22, 23. Vgl. ook W. H. Velema: *Herleving van de natuurlijke ethiek tegen de achtergrond van de secularisatie*, Kampen, 1969, bl. 27, 28.

⁵ Vgl. ook W. G. de Vries: *De Gereformeerde levenswandel*, Goes, 1965, o.a. bl. 7—46.

Dit kan ons doen deur ywerig gebruik te maak van die middele wat God ons vir die doel gegee het. Daarom moet ons die *Woord van God* gereeld en doelgerig lees, bestudeer, oordink, ons eie lewens daaraan toets en ons oefen om ons lewens daarvolgens in te rig; ons moet die *eredienste* gereeld bywoon en die gemeenskap van die gelowiges 'n vaste plek in ons lewens laat kry; ons moet volhard in die *gebed*, ens.

So moet ons onself oefen in die godsaligheid. Ons moet worstel om naby God te lewe.

In ons roeping teenoor onself ter wille van die saak van die Here moet ons in hierdie tyd waarin ons lewe, veral met die oog op die seksuele verwildering en ons beskerming daarteen, *aandag en uitvoering* gee aan die volgende treffende woorde van die apostel Paulus aan die Efesiërs:

"Eindelik, my broeders, word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte. Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.

Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly.

Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan, en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede. Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus. En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees — dit is die woord van God — terwyl julle met alle gebed en smeking by elke geleentheid bid in die Gees..." (Ef. 6:10—18).

Die groot saak wat hier veral beklemtoon moet word, is dat ons as gelowiges tot die besef moet kom dat ons worstelstryd ook op sedelike en seksuele terrein nie maar net 'n stryd teen vlees en bloed, 'n stryd van mens teen mens is nie. Nee, ons kom in hierdie stryd te staan teen demoniese of duiwelse magte wat gewoonlik nie met die eerste oogopslag raakgesien of as sodanig herken word nie. Paulus praat dan ook onder andere van die liste van die duiwel en die bose geeste in die lug.

Om dáárteen doeltreffend weerstand te kan bied, is dit absoluut noodsaaklik dat ons onself moet *toerus* met die "volle wapenrusting van God" en ons ook oefen in die gebruik daarvan. Hoe ernstig die saak is, blyk daaruit dat Paulus die uitdrukking "volle wapenrusting van God" tweemaal noem (verse 11 en 13) en so ook beklemtoon dat dit die volle wapenrusting moet wees en nie slegs 'n deel daarvan nie.

As ons dit doen, sal ons nie alleen die vurige pyle van die bose, ook die pyle van verleiding tot sonde op seksuele gebied, kan afweer nie, maar ons sal self tot die aanval kan oorgaan, onder andere deur die hantering van die swaard van die Gees, die Woord van God. Dit is dan ook ons roeping na buite.

Na buite — teenoor ons medemens

Na buite moet ons die Woord van God, die evangelie van verlossing in en deur Jesus Christus verkondig.

Ons moet die mense leer dat ware vryheid nie bestaan in bandeloosheid en ongebondenheid nie. Dan is ons soos die trein wat nie aan sy spore gebonde wil bly nie maar daarvan wil vry wees. Dog hierdie "vryheid" is geen vryheid nie, want dan kan so 'n trein nêrens meer heen beweeg nie. Hy bereik nie sy doel nie. Daar vind 'n ongeluk plaas met chaos en verwoesting tot gevolg.

Ons is alleen werklik vry as ons ons gewillig stel onder die genadeheerskappy van Christus. Die binding aan sy geboie is die weg waarop ons uiteindelik die vreugdevolle

eindbestemming van ons lewe bereik om altyd by die Here te wees.

Waar ons wel gesondig het, vind ons in die versoening van ons sondes deur Christus aan die kruis die troos en die krag om desondanks tog weer verder te gaan.

Hierdie heerlike verlossingsevangelie met alles wat dit inhou en beteken, moet ons positief en met besieling deur woord en daad uitdra sodat die woorde van Paulus ook in ons lewens werklikheid kan word as hy sê: "Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo" (Rom. 1:16).

Ons antwoord op die seksuele verwildering en rewolusie van ons tyd moet wees:

Teenoor die rewolusie die evangelie!

HOOFSTUK XVI

OPROEP

ONS wil hierdie boekie afsluit met 'n oproep tot kuisheid en reinheid in die woorde van prof. S. C. W. Duvenage.

Hy stel dit duidelik dat die jeug vandag in 'n onbeskutte, sedelik ongunstige en onsedelik gunstige wêreld leef en daarom 'n geweldige stryd te stry het en verklaar dan verder.

"Maar tot elke jongmens kom die oproep: "Omdat ons liggaam en siel tempels is van die Heilige Gees, daarom wil God dat ons altwee suiwer en heilig moet bewaar". Tot elke jongmens kom die huiweringwekkende taal: "Alle onkuisheid is deur God vervloek". En daarom, al is die stryd van julle, jongmense, wat mekaar liefhet hoe swaar om die verhouding rein en onbesmet te hou — julle mag nie die vervloeking van God op julle laai nie. Julle mag nie die kostelike gawe van die liefde verontreinig deur vooruit te gryp op voorregte wat slegs in die huwelik op Gods tyd kan voer tot die hoogste geluk nie. Julle mag nie die beste van jul lewe verkoop en vergooi, julle mag nie blad na blad van die mooi blom van die jeugjare aftrek en weggooi sodat daar wanneer die huwelik aanbreek alleen maar 'n kaal stingel oorbly nie. Wie voor die huwelik soos getroudes lewe, het in die huwelik niks meer vir mekaar te sê nie. Moenie dat die duiwel julle in oomblikke van onbewaaktheid allerhande dinge wysmaak nie. Dit is vals pêrels wat hy julle voorhou. Een uur van onbedagsaamheid kan 'n hele lewe ruïneer. Hoeveel word daar tog in later jare geween as gevolg van blomme wat in die knop gebreek is? Hoe moeilik, ja bykans onmoontlik is dit om 'n heilige huwelik te bou op 'n onheilige jeug?"¹

Dink goed na oor hierdie woorde.

Laat jou lewe staan in die lig van die *vraag*, die *antwoord*, die *voorneme* en die *gebed* van die vierde vers uit die berymde Ps. 119.

Die vraag:

Hoe sal in sy jeug die jong'ling,
gou deur ydelheid bekoor,
rein kan wandel in sy weë ... ?

Die antwoord:

As hy wandel in u spoor!

Die voorneme:

U soek ek van ganser harte.

Die gebed:

Heer, hou U my hande vas,
dat ek van die spoor nie dwaal nie
en die kwaad my nie verras.

¹ S. C. W. Duvenage: *Wat God saamgevoeg het*, Potchefstroom, 1970.

GERAADPLEEGDE WERKE

- Aalders, W.: In verzet tegen de tijd, Den Haag, s.j.
- Allwohn, Adolf: Het genezende Woord, Nijkerk, 1959.
- Allen, Gary: Sex education problems, Massachusetts, 1969.
- Armstrong, Garner Ted: Modern dating, Pasadena, California, 1969.
- Armstrong, Herbert W. e.a.: God speaks out on 'The New Morality', Pasadena, California, 1964.
- Barczay, G.: Revolution der moral? Die Wandlung der Sexual-Normen als Frage an die evangelische Ethik, Zürich/Stuttgart, 1967.
- Bodenstab, B.: Geslagsiekte as maatskaplike- en geestesgesondheidsprobleem — ongepubliseerde lesing.
- Booy, Thijs: Kerk en jeugd, Amsterdam, s.j.
- Bovet, Th.: Nu jongen straks man, Wageningen, s.j.
- Bovet, Th.: Nu meisje straks vrouw, Wageningen, s.j.
- Brillenburg Wurth, G.: Het Christelijk leven in huwelijk en huisgezin, Kampen, 1951.
- Buytendijk, F. J. J.: De vrouw — haar natuur, verschijning en bestaan, Antwerpen, 1962.
- Capper, W. Melville en Williams, H. Morgan: Voor die huwelik, Stellenbosch, 1962.
- Cronjé, G.: Man en vrou en die huwelik, Kaapstad, 1968.
- Dankenbring, William F.: What's behind the furor over sex education? in: The plain truth, November 1969, bl. 19—22.
- De Bruyn, P. J.: Bewaar jou goeie pand, Potchefstroom, 1964.
- De Bruyn, P. J.: Die Christen en kleredrag, Potchefstroom, 1970.
- De Bruyn, P. J.: Die sedelikheid in die krisis, in: Woord en Daad, Potchefstroom, Augustus 1970.
- De Klerk, W. J.: Gesprek oor seksualiteit, in: ... In die dae van joubjonkheid, Potchefstroom, 1969.
- De Klerk, W. J.: Gesprek oor seksualiteit, studiestuk nr. 8 van Instituut vir die Bevordering van Calvinisme, Potchefstroom, s.j.
- De Klerk, W. J.: Die pastoraal-psigologiese benadering van die jeug, in: Hervormde Teologiese Studies, Jaargang 25, Afl. 1, bl. 42—65.
- De Ligne, A.: De tijd aller tijden, Franeker, s.j.
- Delleman, Th.: Liefde en lof, Aalten, s.j.
- De Vries, W. G.: De Gereformeerde levenswandel, Goes, 1965.
- Diepenhorst, I. A.: De emancipatie van de vrouw, Kampen, s.j.
- Drake, Gordon V.: Is the school house the proper place to teach raw sex?, Tulsa, Oklahoma, 1968.
- Drake, Gordon V.: SIECUS-Corrupter of youth, Tulsa, Oklahoma, 1969.
- Drogendijk, A. C: Man en vrouw voor en in het huwelijk, Kampen, 1964.
- Dipuis, P. J. F. en Van der Mast, R.: Met open ogen het huwelijk in, 's-

- Gravenhage, 1961.
- Du Toit, J. D.: Wêreldrewolusie en wêreldbou — Homiletiese aantekeninge by die profesie van Jesaja, Potchefstroom, 1954.
- Duvall, Evelyn Millis. Waarom wag tot jy getroud is? Kaapstad/Pretoria, 1969.
- Duvenage, S. C. W.: Wat God saamgevoeg het, Potchefstroom, s.j. (1969).
- Engelbrecht, J. J.: Die jeug in die smeltkroes, Bloemfontein, s.j.
- Flemming, H. C. J.: Huweliksvoorligting 1: U vaste verhouding, Bloemfontein, 1967.
- Flemming, H. C. J.: Huweliksvoorligting 2: U verloving, Bloemfontein, 1967.
- Fletcher, Joseph: Moral Responsibility: Situation ethics at work, London, 1967.
- Freud, S.: The problem of anxiety, New York, 1936.
- Geesink, W.: Gereformeerde Ethiek I, Kampen, 1931.
- Goedhart, Dr.: Wat elke dogter moet weet, Bloemfontein, s.j.
- Goedhart, Dr.: Wat elke seun moet weet, Bloemfontein, s.j.
- Graham, Billy: Sex and the Bible, in: The Reader's Digest, Augustus, 1970.
- Grosheide, F. W.: Paulus' eerste brief aan de kerk te Korinthe, in: Korte Verklaring der H.S., Kampen, 1954.
- Hargis, Billy James: The snake in our schoolroom: UNESCO — We put it there, Tulsa, Oklahomo, s.j. (ongeveer 1964).
- Haire, Norman e.a.: The Encyclopaedia of Sex Practice, London 1968.
- Het Huwelijk: Herderlijk schrijven van de Generale Synode der Nederlandse Hervormde Kerk, 's-Gravenhage, 1959.
- Hoppe, Irmgard en Gottfried. Ik ben verliefd — wat nu?, Kampen, 1968.
- Huizinga, J.: In de schaduwen van morgen, Haarlem, 1951.
- Huntemann, Georg: Geloven tussen gisteren en morgen, Franeker, s.j. (1966).
- Huntemann, G. H.: Seksualiteit in het moderne leven en wat de Bijbel ervan zegt, Wageningen, 1964.
- Jankowitz, Jill: A virgin's dilemma, in: Personality, 13-8-1970.
- Jansen van Ryssen, J. W., Kruger, J. H., De Klerk, B. J.: Die selfmoord van 'n nasie, Kaapstad/Pretoria, 1945.
- Jansön, W. J. Murray e.a.: Bybelkunde St. 9 en 10, Deel II: Geloofsleer en Sedeleer, Pretoria, Potchefstroom, Kaapstad, 1970.
- Jongeling, P.: Woord en wandel, Groningen, 1959.
- King, Ambrose J.: The adolescent: promiscuity and venereal disease, in: Journal R.I.P.H. & H., Desember 1963.
- Kittel, Gerhard e.a.: Theological Dictionary of the New Testament I, Grand Rapids/London, 1964.
- Kroeze, J. H.: Bybel en Seks, Braamfontein (Johannesburg), 1970.
- Kroeze, J. H.: Die Hooglied, Potchefstroom, 1953.
- Kuiper, P. C: Liefde en seksualiteit in het studentenleven, Arnhem, 1967.
- Kuitert, H. M.: Anders gezegd, Kampen, 1970.
- Lewis, C. S.: Die hart van die Christendom, Kaapstad, 1964.

- Liebenberg, J. A. B.: Die ongehude moeder, in: S.A. Verplegingstydskrif, April 1965.
- Lunn, Arnold & Lean, Garth: The cult of softness, London, (Blanford Press), 1965.
- Lunn, Arnold & Lean, Garth: The New Morality, London (Blanford Press), 1967.
- McClachlan, A. E. W.: Handbook of Diagnosis and Treatment of Venereal Diseases, Edenburgh, 1945.
- McMilIen, S. I.: Geeneen van die siektes nie, Roodepoort, 1968.
- Meilof, J.: God dienen in huwelik en bezit, in: Prekenserie "Tot Opbouw", no. 51, Barendrecht, s.j.
- Moskin, J. Robert: Sweden: The contraceptive society, in: The Reader's Digest, Junie 1969.
- Nederhood, Joel H.: Is marriage square? in: The Radio Pulpit, Chicago, Illinois, Junie 1969.
- Nederhood, Joel H.: Unlocked Wedlock, in: The Radio Pulpit, Chicago, Illinois, Julie 1970.
- Noebel, David A.: The Beatles: a study in drugs, sex and revolution, Tulsa, Oklahoma, 1969.
- Noebel, David A.: Rhythm, riots and revolution — an analysis of the Communist use of music, Tulsa, Oklahoma, 1966.
- Overduin, J.: Venster op het leven (dagboek), Kampen, 1965.
- Packard, Vance: The sexual wilderness, London (Longmans), 1968.
- Pieterse, J. E. e.a.: Jeug en godsdien: Verslag van jeugondcrsoek IV, Johannesburg, 1967.
- Pine, Isabel M.: The social aspects ot' venereal disease as a public health problem, in: Journal of the Royal Society of Health.
- Piper, Otto A.: Man en vrouw — betekenis en mysterie van de seksualiteit naar Bijbelse visie, Franeker, 1954.
- Popma, S. J., Bouman, A.: Onze houding teenover bioscoop en film, Rotterdam, 1947.
- Rietveld, B.: Christelike lewensstijl, Kampen, 1968.
- Rinzema, J.: Man en vrouw schiep Hij hen, Aalten, 1964.
- Robinson, John A. T.: Eerlijk voor God, Amsterdam, 1966.
- Rothuizen, G. Th.: Bijbelse norme voor de seksualiteit, in: Gereformeerde Weekblad: I: 1-12-1967, bl. 148—150; II: 8-12-1967, bl. 157—159; III: 22-12-1967, bl. 176—179.
- Runia, K.: Religie zonder God?, Kampen, s.j.
- Rutgers, J.: Het geslachtslewen van den man, Almelo, s.j.
- S.A. Tydskrif vir Geneeskunde, 2 Jan. 1965.
- Schippers, R.: De Gereformeerde zede, Kampen, 1955.
- Sieff, B.: Venereal diseases in South Africa, in: Mediese Bydraes — Medical Proceedings, 28 Mei 1966.
- Scorer, C. G.: The Bible and sex ethics today, Chicago, 1966.
- Snyman, D. R.: Jongmense, leef rein, Bloenr'ontein, s.j.

- Sorokin, Pitirim: *The American sex revolution*, Boston, 1936.
- Steenberg, Elsabe. *Die Moerasloper*, Kaapstad, 1968.
- Stéphan, Raoul: *Het Westen op de dwaalweg*, Franeker, 1951.
- Transvaler, Die: *Verskillende uitgawes*.
- Treurnicht, A. P.: *Die sin van ons kleredrag*, in: *Handhaaf*, Junie 1969.
- Treurnicht, Andries: *Maar eenmaal jonk*, Pretoria, 1965.
- Unger, Arthur & Berman, Carmel: *Over jongens gesproken...*, New York, 1963 — Nederlandse vertaling: Uitgeverij Helmond.
- Unwin, J. D.: *Sexual regulations and cultural behaviour*, London, 1935.
- Van der Meiden, L. H.: *Het Hooglied*, Baarn, s.j.
- Van der Walt, J. J. A.: *Die invloed van musiek op die mens*, studiestuk nr. 41 van die Instituut vir Bevordering van Calvinisme, Potchefstroom, s.j. (1970).
- Van der Walt, J. P.: in: *Die Transvaler*, 18-7-1970. Van Duinen, Gabe: *Jong zijn nu*, Franeker, s.j. (1968).
- Van Jaarsveld, P. E.: *Die Psigoseksuele Ontwikkeling van die Tienderjarige — Implikasies vir volwassenheid?*, in: *Probleme van die tienderjarige — referate gelewer by die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.*, op 16 Sept. 1967.
- Van Rooy, A. J.: *Toneel, film, radio en beeldradio vanuit Calvinistiese gesigspunt*, Potchefstroom (I.B.C.), 1968.
- Velema, W. H.: *Herleving van de natuurlijke ethiek tegen de achtergrond van de secularisatie*, Kampen, 1969.
- Wernicke, Gustav: *Raad vir verliefdes, verloofdes en verhudes*, Bloemfontein, s.j.
- Wiersma, D.: *Man en vrouw — maatschappelijk en onmaatschappelijk*, Leiden, 1968.